CAPS



# Mind the Gap!

Afrikaans

Huistaal

Poësie

# Voorwoord van die minister

The Department of Basic Education (DBE) has pleasure in releasing the second edition of the *Mind the Gap* study guides for Grade 12 learners. These study guides continue the innovative and committed attempt by the DBE to improve the academic performance of Grade 12 candidates in the National Senior Certificate (NSC) examination.

The study guides have been written by teams of exerts comprising teachers, examiners, moderators, subject advisors and coordinators. Research, which began in 2012, has shown that the *Mind the Gap* series has, without doubt, had a positive impact on grades. It is my fervent wish that the *Mind the Gap* study guides take us all closer to ensuring that no learner is left behind, especially as we celebrate 20 years of democracy.

The second edition of *Mind the Gap* is aligned to the 2014 Curriculum and Assessment Policy Statement (CAPS). This means that the writers have considered the National Policy pertaining to the programme, promotion requirements and protocols for assessment of the National Curriculum Statement for Grade 12 in 2014.

The *Mind the Gap* CAPS study guides take their brief in part from the 2013 National Diagnostic report on learner performance and draw on the Grade 12 Examination Guidelines. Each of the Mind the Gap study guides defines key terminology and offers simple explanations and examples of the types of questions learners can expect to be asked in an exam. Marking memoranda are included to assist learners to build their understanding. Learners are also referred to specific questions from past national exam papers and examination memos that are available on the Department's website – www.education.gov.za.

The CAPS editions include Accounting, Economics, Geography, Life Sciences, Mathematics, Mathematical Literacy and Physical Sciences. The series is produced in both English and Afrikaans. There are also nine English First Additional Language (EFAL) study guides. These include EFAL Paper 1 (Language in Context); EFAL Paper 3 (Writing) and a guide for each of the Grade 12 prescribed literature set works included in Paper 2. These are Short Stories, Poetry, *Cry, the Beloved Country*, The strange case of Dr Jekyll and Mr Hyde, *Macbeth* and *My Children! My Africa!* Please remember when preparing for Paper 2 that you need only study the set works you did in your EFAL class at school.

The study guides have been designed to assist those learners who have been underperforming due to a lack of exposure to the content requirements of the curriculum and aim to mind-the-gap between failing and passing, by bridging the gap in learners' understanding of commonly tested concepts, thus helping candidates to pass.

All that is now required is for our Grade 12 learners to put in the hours required to prepare for the examinations. Learners, make us proud – study hard. We wish each and every one of you good luck for your Grade 12 examinations.

DRAFT

# Inhoudsopgawe

**Liewe Graad 12-leerder** ix
Hoe om hierdie studiegids te gebruik
Sewe beproefde studiewenke
Berei so voor vir vraestel 2: Afdeling A
Oorsig van Afrikaans Huistaal se letterkundevraestel
Kontekstuele vrae en opstelvrae
Wat gaan die eksaminatore in vraestel 2 van jou verwag?
Vraagwoorde in vraestelle
Literêre kenmerke van gedigte
**Gedig 1: Nog in my laaste woorde – NP van Wyk Louw**
1. Soort gedig
2. Analise
3. Tema en boodskap
4. Beeldspraak en stylfigure
5. Toon en stemming
Aktiwiteit 1
**Gedig 2: Vincent van Gogh – DJ Opperman**
1. Soort gedig
2. Analise
3. Tema en boodskap
4. Beeldspraak en stylfigure
5. Toon en stemming
Aktiwiteit 2
**Gedig 3: Twee kleuters in die Vondelpark – Elisabeth Eybers**
1. Soort gedig
2. Analise
3. Tema en boodskap
4. Beeldspraak en stylfigure
5. Toon en stemming
Aktiwiteit 3
**Gedig 4: 'n brief van hulle vakansie – Breyten Breytenbach**
1. Soort gedig
2. Analise
3. Tema en boodskap
4. Beeldspraak en stylfigure
5. Toon en stemming
Aktiwiteit 4

DRAFT

**Gedig 5: eerste worp –TT Cloete**

1. Soort gedig
2. Analise
3. Tema en boodskap
4. Beeldspraak en stylfigure
5. Toon en stemming

Aktiwiteit 5

**Gedig 6: Die sagte sprong – Sheila Cussons**

1. Soort gedig
2. Analise
3. Tema en boodskap
4. Beeldspraak en stylfigure
5. Toon en stemming

Aktiwiteit 6

**Gedig 7: besoekersboek – Fanie Olivier**

1. Soort gedig
2. Analise
3. Tema en boodskap
4. Beeldspraak en stylfigure
5. Toon en stemming

Aktiwiteit 7

**Gedig 8: oupa Thomas Daniel Granfield – Ronelda Kamfer**

1. Soort gedig
2. Analise
3. Tema en boodskap
4. Beeldspraak en stylfigure
5. Toon en stemming

Aktiwiteit 8

**Gedig 9: Wie's hy?– Adam Small**

1. Soort gedig
2. Analise
3. Tema en boodskap
4. Beeldspraak en stylfigure
5. Toon en stemming

Aktiwiteit 9

**Gedig 10: 'n vigslyer sterf – Vincent Oliphant**

1. Soort gedig
2. Analise
3. Tema en boodskap
4. Beeldspraak en stylfigure

DRAFT

5. Toon en stemming
Aktiwiteit 10
**Gedig 11: Versagtende omstandighede– Peter Snyders**
1. Soort gedig
2. Analise
3. Tema en boodskap
4. Beeldspraak en stylfigure
5. Toon en stemming
Aktiwiteit 11
**Gedig 12: Reaksie – Vernon February**
1. Soort gedig
2. Analise
3. Tema en boodskap
4. Beeldspraak en stylfigure
5. Toon en stemming
Aktiwiteit 12
**Wenke vir die benadering van die ongesiene gedig in die eksamen**
Bronnelys
Bylaag A: Assesseringsrubriek vir Literêre Opstel – Huistaal: Poësie

DRAFT

**Liewe Graad 12-leerder**

Hierdie hersieningsgids oor die voorgeskrewe gedigte sal jou help om vir die Graad 12 Huistaal se jaareindeksamen (Vraestel 2) voor te berei.

Die Graad 12 Huistaal jaareindeksamen bestaan uit drie vraestelle wat jy skriftelik moet aflê: Vraestel 1: Taal in konteks, Vraestel 2: Letterkunde en Vraestel 3: Stelwerk. Hierdie studiegids vorm deel van jou hersiening vir Vraestel 2 – veral vir Afdeling A waar keusevrae oor die voorgeskrewe gedigte gevra sal word.

Vraestel 2 is die letterkundevraestel waar jy vrae oor die drie verskillende genres van die letterkundeleerplan sal moet beantwoord: gedigte, ‘n roman en ‘n drama.

Hierdie studiegids fokus op die twaalf voorgeskrewe gedigte wat in vraestel 2 geëksamineer word. Jy moet al 12 die volgende gedigte vir die eksamen ken:

1. ***Nog in my laaste woorde* – NP van Wyk Louw**
2. ***Vincent van Gogh* – DJ Opperman**
3. ***Twee kleuters in die Vondelpark* – Elisabeth Eybers**
4. ***'n brief van hulle vakansie* – Breyten Breytenbach**
5. ***Eerste worp* – TT Cloete**
6. ***Die sagte sprong* – Sheila Cussons**
7. ***Besoekersboek* – Fanie Olivier**
8. ***oupa Thomas Daniel Granfield* – Ronelda Kamfer**
9. ***Wie's hy?* – Adam Small**
10. ***'n vigslyer sterf* – Vincent Oliphant**
11. ***Versagtende omstandighede* – Peter Snyders**
12. ***Reaksie* – Vernon February**

# Hoe om hierdie studiegids te gebruik





**Elke gedig word in 'n aparte hoofstuk bespreek. Elke hoofstuk sluit die volledige gedig sowel as inligting oor die volgende in:**

- **Die digter**
- **Die tema en boodskap**
- **Woordeskat wat jy nodig het om die gedig te verstaan**
- **Soort gedig**
- **Analise en**
- **Toon en stemming.**

**Bogenoemde inligting word slegs kortliks opgesom.**
**Gebruik hierdie twaalf opsommings as hulpmiddels om jou te help om die twaalf gedigte beter te verstaan.**
**Jy kan jou kennis toets deur die aktiwiteite by elke gedig te voltooi.**
**Gebruik die nasienriglyne om jou eie antwoorde na te sien.**
**Die aktiwiteite is gebaseer op die verskillende soorte vrae wat jy in die vraestel sal kry.**

| | | | |
|---|---|---|---|
|  | Skenk baie aandag hieraan |  | Handige wenke wat jy kan gebruik |
|  | Belangrike voorbeelde |  | Selfdoenaktiwiteit |

DRAFT



## Sewe beproefde studiewenke

1. Verdeel jou studierooster in studieperiodes wat jy maklik kan hanteer. Dit sal jou brein help om skerp en gefokus te bly. Neem kort rustye terwyl jy studeer en moenie te lank aaneen konsentreer nie.
2. Maak seker dat jy al jou leermateriaal gereed het voordat jy met jou studiesessie begin, bv. penne, glimpenne, genoeg water ens.
3. Bly te alle tye positief. Dit help jou brein om inligting makliker te absorbeer en dit te onthou.
4. ‘n Mens se brein reageer goed wanneer jy met behulp van prentjies en kleure leer en hersiening doen. Probeer om dit gereeld te gebruik.
5. Gereelde hersiening is die belangrikste sleutel tot jou sukses. Gaan die werk wat jy reeds geleer het gereeld oor totdat jy dit met gemak kan herroep.
6. Probeer om die werk wat jy reeds geleer het aan iemand anders te verduidelik. Só kan jy kontroleer of jy die werk onder die knie het. Dit sal jou ook goed wees as jy jou notas hardop vir jouself of iemand anders kan voorlees.
7. Probeer om ten minste 8 uur per nag goed te slaap, eet gesonde kos en drink genoeg water. Om vir ‘n eksamen voor te berei is soos om te oefen – jy moet liggaamlik en geestelik goed voorbereid wees.

DRAFT

# Berei só voor op die dag van Vraestel 2

1. Maak baie seker dat jy jou identiteitsdokument en jou toelatingsbrief, waarop jou eksamennommer verskyn, na die eksamenlokaal saambring.
2. Pak skryfgoed in wat jou nie in die steek sal laat nie: ‘n paar penne met genoeg ink, kleurpotlode indien jy graag daarmee werk en ‘n liniaal om jou werk netjies af te rond.
3. Sorg dat jy ten minste ‘n uur voordat jou eksamen begin by die eksamenlokaal opdaag.
4. Besoek die toilet voordat jy die eksamenlokaal binnegaan; jy wil nie onnodig tyd mors deur tydens die eksamensessie kamer te verlaat nie.
5. Laat jouself tien minute toe om die vraestel deeglik deur te lees nadat dit uitgedeel is. Moenie vrae begin beantwoord voordat jy nie eers al die instruksies deeglik deurgelees het nie.
6. Maak seker dat jy die korrekte keuses uitoefen. Vra as jy nie seker is nie. Onthou: jy moenie al die vrae beantwoord nie, die vraestel bied jou keuses. Merk daarom die vrae wat jy gaan beantwoord. Lees die instruksies by elke vraag met aandag.
7. Lees alle vrae deeglik sodat jy seker is wat die vraagopdrag van jou verwag. Skenk veral aandag aan die kernwoorde/kernbegrippe van elke vraag. (Op bladsy 22222 sal jy ‘n paar voorbeelde van hierdie vraagwoorde kry asook ‘n wenk oor hoe om so ‘n vraagwoord te interpreteer.)
8. Gebruik jou tyd sinvol. Let veral op na die voorgestelde tydsduur wat op die vraestel voorkom en probeer om daarby te hou.
9. Die puntetoekenning by elke vraag is baie belangrik. Dit sal jou help om die korrekte hoeveelheid inligting by elke antwoord in te sluit.
10. Probeer om te alle tye kalm te bly, al lyk die vraag baie moeilik. As jy onseker oor ‘n antwoord is, merk die vraag op die vraestel baie duidelik in kleur (bv. rooi) en laat genoeg oop spasie vir die vraag se antwoord op jou antwoordstel. Probeer dan om hierdie vraag/vrae later te beantwoord.
11. Bied jou werk te alle tye netjies aan. Skryf netjies en leesbaar sodat die nasiener nie sukkel om te lees wat jy geskryf het nie.

DRAFT



© Department of Basic Education 2019



# ‘n Oorsig van Afrikaans Huistaal se letterkundevraestel

Die letterkundevraestel is ‘n baie dik dokument en kan ‘n mens nogal deurmekaar maak as jy nie vooraf kennis neem van hoe die vraestel uiteengesit is nie.
Hieronder volg ‘n uiteensetting waarna jy moet kyk wanneer jy vir Vraestel 2 voorberei.

In die Vraestel 2-eksamen word daar van jou verwag om vrae uit DRIE afdelings te beantwoord.

- *Afdeling A: Poësie* 30 punte
- *Afdeling C: Drama* 25 punte
- *Afdeling B: Roman* 25 punte

Vraestel 2 se puntetotaal is dus 80 punte.

Jy het 2 uur om die vraestel te beantwoord.

Jy moet in totaal 5 vrae uit hierdie drie afdelings beantwoord:

- *DRIE vrae uit Afdeling A*
- *EEN vraag uit Afdeling B*
- *EEN vraag uit Afdeling C*

**ONTHOU!**

- Jy moet nie al die vrae in Vraestel 2 beantwoord nie – lees die instruksies deeglik en let veral op die keuses wat jou gebied word.
- Let veral op die instruksies vir:
  - ✓ die verpligte, ongesiene gedig
  - ✓ die keuses by die kontekstuele vrae en die opstelvrae
- Nommer jou vrae korrek soos op die vrastel.
- Begin elke afdeling op ‘n nuwe bladsy.

DRAFT

© Department of Basic Education 2019

**AFDELING A: GEDIGTE**

**Voorgeskrewe gedigte:** Beantwoord enige **TWEE** vrae

| | | | | |
|---|---|---|---|---|
| Vraag 1 | Gedig 1 | | Opstelvraag | 10 |
| | | **OF** | | |
| Vraag 2 | Gedig 2 | | Kontekstueel | 10 |
| | | **OF** | | |
| Vraag 3 | Gedig 3 | | Kontekstueel | 10 |
| | | **OF** | | |
| Vraag 4 | Gedig 4 | | Kontekstueel | 10 |

**Ongesiene gedig: VERPLIGTEND**

| | | | | |
|---|---|---|---|---|
| Vraag 5 | Gedig 5 | | Kontekstueel | 10 |
| | | | **SUBTOTAAL** | **30** |

**AFDELING B: ROMAN Beantwoord slegs EEN vraag**

| | | | | |
|---|---|---|---|---|
| Vraag 6 | Onderwêreld | | Opstelvraag | 25 |
| | | **OF** | | |
| Vraag 7 | Onderwêreld | | Kontekstueel | 25 |
| | | | **SUBTOTAAL** | **25** |

**AFDELING C: DRAMA Beantwoord slegs EEN vraag**

| | | | | |
|---|---|---|---|---|
| Vraag 8 | Map Jacobs | | Opstelvraag | 25 |
| | | **OF** | | |
| Vraag 9 | Map Jacobs | | Kontekstueel | 25 |
| | | | **SUBTOTAAL** | **25** |
| | | | **TOTAAL** | **80** |

# Kontekstuele vrae en opstelvrae

- Vraestel 2 sal jou ‘n keuse tussen die beantwoording van kontekstuele vrae (kortvrae) en opstelvrae (langvrae) bied.
- Jy moet die instruksies baie noukeurig lees.

## Wat is ‘n kontekstuele vraag?

Die kontekstuele vrae by die voorgeskrewe gedigte word gebaseer op die betrokke gedig. Sommige van die vrae se antwoorde sal jy in die gedig kry, maar die ander vrae sal jou begrip van en insig in die res van die gedig assesseer. Kontekstuele vrae sal nie net jou kennis van die inhoud van die gedig assesseer

© Department of Basic Education 2019

nie, maar ook jou kennis van ander literêre begrippe soos o.a. tema en boodskap, die soort gedig, die toon en stemming, ens. Van die vrae sal ook van jou verwag om jou eie mening oor sekere literêre aspekte te gee wat in die gedig voorkom. Verwys na bladsye 222222 vir meer inligting hieroor.

Op bladsye 222222 kan jy voorbeeldvrae en op bladsye 22222222 na voorbeeld-vraestelle raadpleeg om jou 'n idee te gee wat jy te wagte kan wees.

## Wat is 'n opstelvraag/langvraag?

'n Opstelvraag is 'n langvraag in die vorm van 'n opstel wat jy oor die gedig/roman/drama wat jy bestudeer het, moet beantwoord. Op bladsy 22222 is 'n voorbeeld van 'n opstelvraag/langvraag vir jou aandag ingesluit.

'n Opstelvraag is egter nie 'n opsomming of samevatting van 'n gedig se inhoud nie – by hierdie opstel moet jy interpreteer, ontleed, evalueer en waarderend reageer. Jy sal nie net moet bewys dat jy die storie ken nie, maar ook jou insig van die gedig bewys, jy sal afleidings moet maak, menings moet uitspreek en gevolgtrekkings moet maak – alles moet met bewyse uit die teks bewys word.

Dit is belangrik dat jy jou opstelvraag se antwoord deeglik beplan. 'n Opstelvraag se struktuur moet 'n inleiding en 'n slot hê. Jy mag geen opskrifte in jou opstel gebruik nie. Hierdie opstelvraag se antwoord moet in paragraafvorm geskryf word.

DRAFT




Jy móét die volgende terme baie goed verstaan om 'n goeie literêre opstel te kan skryf, want dit is waarksynlik die aspekte wat in 'n opstelvraag gevra kan word:

- temas
- boodskappe
- letterlike en figuurlike betekenisse
- stemming en toon
- beeldspraak en stylfigure

**Gebruik die onderstaande inligting om jou met die skryf/beantwoording van jou opstelvraag/langvraag se antwoord te help.**

__Die skryf van 'n literêre opstel__


In die literêre opstel moet jy bewys van jou kennis van die gedig aan die hand van die genoemde aspekte lewer. Die literêre opstel is nie 'n kreatiewe skryfstuk waar jy vir "mooiskrywery" punte gaan kry nie. Jy moet in jou antwoord op die aspekte fokus wat in die vraagstelling van jou vereis word. Jy moet ook nie bloot die inhoud van die gedig opsom nie; by die beantwoording van die opstelvraag moet jy argumente gebruik wat jy deur middel van bewyse uit die teks kry om te bewys dat jy die gedig verstaan.



**‘n Basiese formaat vir die opstelvraag se antwoord**

- **Inleiding**
  - Die inleiding word as 'n afsonderlike paragraaf in jou opstel aangebied, al bestaan dit slegs uit een sin/enkele sinne.
  - Die inleiding moet met die vraag verband hou.
  - Die vraag kan as 'n stelling herformuleer word of jy kan jou eie stelling aan die hand van die vraagstelling formuleer.
  - Moenie argumente in jou inleiding aanbied nie.
- **Argumente**

  Argumente vorm die liggaam van jou antwoord.
  - Die **basiese** samestelling van 'n argument:




Die spreker in die gedig, *‘n vigslyer sterf,* maak van beeldspraak, retoriese middele en stylfigure gebruik om die vigslyer se agteruitgang te beskryf.

Bespreek hierdie stelling in 'n opstel van 250 tot 300 woorde.

(Hieronder volg ‘n voorbeeld van ‘n nasienriglyn vir bostaande opstelvraag.)

**VRAAG 1: LITERÊRE OPSTEL**

**" 'n vigslyer sterf" – Vincent Oliphant**

Hierdie vraag word aan die hand van die aangehegte **ASSESSERINGSRUBRIEK VIR LITERÊRE OPSTEL – HUISTAAL: POËSIE** nagesien (Sien Bylaag A).

**LET WEL:**

- Dis 'n breë raamwerk van feite.
- Al die feite hoef nie genoem te word nie.

| | | |
|---|---|---|
| Die kandidaat bied 'n gepaste inleiding aan**.** | | |
| **Beeldspraak:** | | |
| **In versreël 1 kom 'n metafoor voor: die vigslyer se beenstruktuur word gelykgestel aan die takelwerk/ maste van 'n skip.** | Die beeldspraak dui daarop dat die houtmaste wat aan die skip struktuur gee en beweging moontlik maak die beenstruktuur wat die liggaam aanmekaar hou, sy vorm gee en beweging moontlik maak. | Versreël 1: *…die takelwerk word afgetakel…* |

DRAFT

| | | |
|---|---|---|
| | Dit is besig om geleidelik agteruitgaan. Daarom is die liggaam besig om sy krag en effektiwiteit verloor wat tot gevolg het dat die liggaam/vlees ook tekens van verval begin vertoon. | |
| **Die metafoor wat in versreël 2 en 3 gebruik word, skep die beeld van 'n gebou wat met dinamiet vernietig word.** | Die vigslyer se liggaam wat deur die siekte vernietig word, plof inmekaar. Die bekende liggaam se agteruitgang is so opvallend dat dit by die spreker 'n beeld skep van 'n bekende gebou wat inmekaar stort. Dit kan daarop dui dat die liggaam wat bekend/ geliefd is, vanweë die vigs wegkwyn/toenemend minder herkenbaar word en dan later soos 'n gebou wat inmekaar stort. Dit verval. | Versreël 2: …*stadig sien sy geliefdes hom inplof…* |
| **Versreël 4 bevat 'n metafoor: die menslike liggaam word gelykgestel aan "stof" wat op die vernietiging van die mens se liggaam dui of op die menslike oorskot nadat hy/sy gesterf het.** | Hier stel die beeld voor dat die mens so agteruitgaan dat die dood reeds sigbaar is, vandaar die gedagte dat die mens tot stof terugkeer – dié verval lei tot die dood. | Versreël 4: …*hulle sien hom reeds stof word…* |
| **In versreël 5 fokus die spreker op die siek persoon wat baie swaarkry, se voorkoms: sy/haar liggaam se velbedekking word metafories gelykgestel aan iets wat "bros" is. Dit kan maklik breek/skade opdoen.** | Die vel vertoon (waarskynlik) baie dun, wat aansluit by die aftakeling van die sieke. | Versreël 5: …*iets wil huil oor die bros vel…* |
| **In versreël 5 en 6 tref ons 'n vergelyking aan: die "bros vel" vertoon soos 'n dun seil; iets wat verweer/ afgeleef is.** | Dit versterk die idee van die afgetakelde menslike liggaam. | Versreëls 5 en 6: …*die bros vel wat soos dun seil oor brose stokke lê …* |
| **In versreël 5 en 6 is sprake van "brose stokke" wat 'n metafoor is vir die skelet/bene van die vigslyer: die vel span stywer om/oor die bene sodat selfs die dít breekbaar lyk.** | Op die oog af is die vigslyer dus uitgeteer en swak. | Versreëls 5 en 6: …*die bros vel wat soos dun seil oor brose stokke lê …* |

© Department of Basic Education 2019

| | | |
|---|---|---|
| **Retoriese middele:** | | |
| **In versreël 2 word voorop-plasing/voorplasing gebruik om die tydsaamheid van die siekte te beklemtoon.** | Die woord "stadig" word voor in die reël geplaas wat nie normale woordorde is nie. Dit word voor in die reëls geplaas om die woord te beklemtoon. | Versreël 2: …*stadig sien sy geliefdes hom inplof…* |
| **In versreël 3 tref ons her-haling/repetisie aan wan-neer die spreker alles wat in versreël 2 reeds aangedui is, herhaal.** | Die vlees wat "na binne stort", versterk die idee van 'n gebou wat inplof word – die aftakeling word dus beklemtoon. | Versreël 3: …*die bekende vlees na binne stort…* |
| **Die idee van breekbaarheid word in versreëls 5 en 6 herhaal.** | Die woorde "bros vel" en "brose stokke" beklemtoon die staat van agteruitgang en verval van die sieke se liggaam. | Versreël 5 en 6: …*iets wil huil oor die bros vel wat soos dun seil oor brose stokke lê…* |
| **Stylfigure:** | | |
| **Ironie kom in versreël 2 voor as die liggaam stadig inplof.** | 'n Mens verwag dat die inplof vinnig is, maar hier is die aftakeling juis stadig. | Versreël 2: …*stadig sien sy geliefdes hom inplof…* |
| **'n Eufemisme kom in versreël 4 voor.** | Die vigslyer se dood word sagter gestel deur na "stof" te verwys in plaas daarvan om na die menslike oorblyfsels na die dood te verwys. | Versreël 4: …*hulle sien hom reeds stof word…* |
| **'n Hiperbool kom in vers-reël 8 en 9 voor.** | Dit beklemtoon dat die vigslyer so siek is dat hy feitlik nie sy hand kan optel nie. | Versreël 8 en 9: …*die gewig van lug is vir die hand te swaar…* |
| **'n Eufemisme kom in versreël 15 voor.** | Die dood word as genadig beskryf. | Versreël 15: …die genade van sag gaan… |
| **Progressie/regressie is in die agteruitgang van die vigslyer sigbaar.** | Hy/sy gaan toenemend agter-uit: eers is die liggaam afgetakel, dan lyk dit of alles "inplof", daarna word bewe-ging al moeiliker omdat selfs die optel van 'n hand te moeilik is en uiteindelik pleit net die oë nog om verlossing. | Versreël 2: …*stadig sien sy geliefdes hom inplof…*<br>Versreël 8 en 9: …die *gewig van lug is vir die hand te swaar...*<br>Versreël 13: …*net die oë bly groter staar…* |

© Department of Basic Education 2019

| | |
|---|---|
| Die kandidaat bied 'n gepaste slot aan. | **[10]** |

# Wat gaan die eksaminatore in Vraestel 2 van jou verwag?



Deur middel van kontekstuele/kortvrae gaan die eksaminatore assesseer tot watter mate:

- jy die **letterlike betekenis** van die gedig verstaan. Vir hierdie doel sal daar van jou verwag word om inligting in die gedig te identifiseer/weer te gee wat jy reeds geleer het. Jy moet hoofsaaklik antwoorde gee op die sogenaamde wie-/ wat-/ waar-/ hoe en waarom-vrae.
- jy die inligting in die gedig kan **herorganise**er. Daar mag byvoorbeeld van jou verwag word om hoofpunte op te som of die verskille/ooreenkomste tussen verskillende strofes aan te dui.
- jy antwoorde kan aflei waarvan die inligting nie noodwendig in die gedig voorkom nie. Jy moet by hierdie tipe vrae die inligting wat jy reeds tot jou beskiking het, gebruik om **afleidings** te maak. Antwoorde op hierdie tipe vrae mag byvoorbeeld aandui hoe die gebruik van beeldspraak/stylfigure jou begrip van die gedig beïnvloed, om temas te verduidelik of om byvoorbeeld boodskappe af te lei.
- jy sekere aspekte van die gedig kan **beoordeel** deur jou eie mening oor byvoorbeeld die gepastheid van beeldspraak te lug. Soms kan hierdie tipe vrae van jou verwag om te sê of jy met die opinie van 'n spreker/digter saamstem al dan nie.
- jy **waarderend** kan lees. Jy sal byvoorbeeld moet kan sê waarom jy met die digter/spreker se opinie en woordgebruik saamstem al dan nie.

**Wenke om jou te help met die beantwoording van 'n stapelvraag.**

- 'n Stapelvraag tel gewoonlik drie tot vier punte.
- So 'n vraag bestaan uit 'n aanhaling uit die gedig of 'n stelling wat gemaak word.
- Lees die vraag deeglik, want 'n stapelvraag bestaan uit meer as een vraag wat met mekaar verband hou.
- Leestekens en voegwoorde behoort vir jou 'n aanduiding te gee van die verskillende dele van die vraag.
- Beantwoord 'n stapelvraag deur elke keer die inhoud van die gedig in ag te neem.
- Let op na die puntetoekenning by stapelvrae: dit sal bepaal hoeveel feite jy moet aanbied.
- Beantwoord 'n stapelvraag se dele in dieselfde volgorde as wat dit gevra is.
- Voer elke instruksie baie noukeurig uit: let byvoorbeeld op presies hoeveel feite in jou antwoord vereis word. Moenie meer feite gee as wat gevra is nie.

DRAFT

© Department of Basic Education 2019

‘n Stapelvraag sal soos volg geformuleer word.

Noem TWEE klankeffekte wat die eerste drie versreëls bind. Skryf ook die eerste woord in Versreëls 19 tot 20 waarmee die stilte opgehef word, neer. (3)

## Vraagwoorde in vraestelle

Hieronder volg voorbeelde van die verskillende tipe vrae wat jy in Vraestel 2 kan verwag:

‘n Wenk: let elke keer spesifiek op na die puntetoekenning by elke vraag!

|  **VRAAGTIPE** | **HOE JY HIERDIE VRAAG MOET BEANTWOORD** |
|---|---|
| ***LETTERLIKE VRAE****: Vrae oor inligting wat duidelik/opvallend in die teks/uittreksel voorkom.* | |
| **Benoem** die beeldspraak/stylfigure... | Skryf slegs die spesifieke beeld-spraak/stylfigure neer. |
| **Verskaf**/**gee** die redes vir… | Skryf slegs die inligting neer sonder om dit te bespreek of kommentaar daaroor te lewer. |
| **Verskaf**/**gee** TWEE redes waarom… | Skryf **net** twee redes as antwoorde neer. |
| **Beskryf** die digter/spreker se… | Dit is die digter se opinie. |
| ***HERORGANISERING****: Vrae wat van jou verwag om inligting wat in die teks voorkom, op ‘n ander manier te organiseer/aan te bied as wat dit in die teks staan.* | |
| **Groepeer** die ooreenstemmende eienskappe van… | Skryf dieselfde eienskappe bymekaar/ saam. |
| **Gee** ‘n **oorsig** van… | Bespreek die spesifieke feite wat die vraag vereis. |
| **Gee** die verskille/ooreenkomste | Bespreek die verskille deur beide kante te stel en dui by ooreenkomste aan wat dieselfde is. |
| ***AFLEIDING****: Vrae wat van jou verwag om die teks te interpreteer met inligting tot jou beskikking wat nie eksplisiet in die gedig voorkom nie.* | |
| **Wat** wil die skrywer **bereik** deur... | Die skrywer wil die leser se aandag trek deur ... |
| **Wat** dink jy sal **gebeur** indien ... | Die leerder moet ‘n moontlike afleiding maak wat die inhoud van die gedig ondersteun. |

© Department of Basic Education 2019

| | |
|---|---|
| ***EVALUERING**: Vrae wat van jou verwag om 'n oordeel te vel wat gebaseer is op die kennis tot jou beskikking of jou verstaan van die gedig. Jy sal jou mening moet uitspreek oor waardes, houdings en sê waarom dit jou oortuig of nie.* | |
| **Bespreek** jou standpunt in verband met…/**Stem** jy saam met…/Is die optrede/reaksie **geloofwaardig**/ **aanvaarbaar**…? | Dink aan jou eie norme en waardes en kom tot 'n gevolgtrekking. |
| **Stem** jy saam met die siening van…? **Gee 'n rede** vir jou antwoord. | Begin hierdie antwoorde altyd eers met 'n JA/NEE. Jy MOET elke keer 'n **rede** vir jou antwoord gee om die punt te verdien. Onthou ook dat jou antwoorde op hierdie vrae elke keer na die spesifieke gedig moet terugverwys. Daar is geen regte of verkeerde antwoorde vir hierdie vrae nie. |
| **Dink** jy die **gebruik** van **...**<br>**Motiveer** jou antwoord | Begin hierdie antwoorde altyd eers met 'n JA/NEE. Jy MOET elke keer jou antwoord **motiveer** om die punt te verdien. Onthou ook dat jou antwoorde op hierdie vrae elke keer na die spesifieke gedig moet terugverwys. Daar is geen regte of verkeerde antwoorde vir hierdie vrae nie. |
| ***WAARDERING:** Vrae wat die emosionele uitwerking van 'n gedig op jou as leser het.* | |
| Het jy simpatie met…? Verduidelik jou antwoord.<br>Het jy gehou van die manier waarop die skrywer…?<br>Lewer kommentaar oor die…<br>Waarom is die spreker geloofwaardig? | Daar is geen regte of verkeerde antwoorde vir hierdie vrae nie, maar jy MOET elke keer 'n **rede** vir jou antwoord gee. Onthou ook dat jou antwoorde op hierdie vrae elke keer na die spesifieke teks moet terugverwys. |

# Literêre Kenmerke van Gedigte

Maak seker dat jy hierdie begrippe goed onder die knie het voordat jy vraestel 2 gaan skryf.

| TERM | DEFINISIE |
|---|---|
| **Figuurlike betekenis** | Woorde of frases wat figuurlik gebruik word om 'n sekere trefkrag/effek of konnotatiewe betekenis te hê. |
| **Letterlike betekenis** | Die eenvoudigste, mees direkte betekenis van woord (woordeboekbeteke-nis) |
| **Tema** | Die tema is die sentrale idee of hoofgedagte. Wat het die digter laat besluit om hierdie gedig te skryf. |
| **Boodskap** | Die boodskap is gewoonlik die lewensles wat 'n leser uit die gedig aflei. |
| **Beeldspraak** | Byvoorbeeld vergelykings, metafore, personifikasie, metonimia (oornoeming), sinekdogee (gedeeltelike aanduiding), antonomasia (naamverwisseling). |
| **Stylfigure** | Byvoorbeeld oksimoron, metonimia, klanknabootsing, hiberbool, kontras, ironie, satire, humor, sarkasme, antiklimaks, klimaks, simboliek, eufemisme, litotes, parados, sinekdogee, sinestesie, antitese, antonomasia, elisie, woorspeling, inversie, polisindeton |
| **Vergelyking** | Om vas te stel op watter maniere iets eenders of verskillend is. Woorde *soos*, *net, soos*, net soos of *nes* dui gewoonlik op 'n vergelyking. *Hy huil soos 'n baba.* |
| **Metafoor** | Een saak word word gelykgestel aan 'n ander saak sonder die gebrik van die woorde *soos*, *net soos* of *nes. My meisie se soene is kondensmelk.* |
| **Personifikasie** | Menslike eienskappe word aan lewelose dinge, diere of plante gegee. *Die wind huil om die hoeke van die huis.* |
| **Antiklimaks** | Wanneer iets wat belangrik is, omswaai na iets nietig, gewoonlik met 'n komiese, betekenislose of omslagtige effek. *My seun, wees getrou aan jouself, jou ouers, jou naaste en –jou hond.* |
| **Klimaks** | (ook hoogtepunt) Die opwindendste, effektiefste of belangrikste deel van die gedig se "storie". Dit is nie noodwendig aan die einde van die gedig nie. |
| **Kontras/Antitese** | Twee dinge met teenoorgestelde betekenis/eienskappe staan teenoor mekaar. *Die lief en die leed van ons gesin gryp mense se verbeelding aan.* |
| **Antomasia** | (naamsverwisseling) Naamgewing deur 'n tekenende besonderheid, dikwels die gebruik van 'n eienaam as soortnaam om 'n algemene begrip it te druk. So kan daar na iemand verwys word as 'n regte "Einstein" as hy/sy buitengewoon slim is of 'n "Simson" vir iemand wat baie sterk is. |
| **Elisie** | Wanneer 'n klank of klanke uit 'n woord weggelaat is, bv. **Hy't** in plaas van **hy het**. Dit bevorder rym, ritme of versnel die tempo van die gedig. |
| **Eufemisme** | Die woord of idee word versag om nie mense se gevoelens seer te maak nie, byvoorbeeld *lang vingers hê* (sagte manier om na steel te verwys) |
| **Hiperbool** | Doelbewuste oordrywing, om iets groter as wat dit werklik is, voor te stel. *Ek het die heel week nie 'n oog toegemaak nie, so bekommerd was ek.* |
| **Humor** | Lagwekkende, grappige uitdrukking. |
| **Ironie** | Woordegebruik waarmee 'n mens die teenoorgestelde sê van wat jy bedoel/ verwag. |
| **Kontras** | Twee uiterstes word teenoor mekaar gestel. |
| **Litotes** | 'n Stylfiguur waarby iets verklein word om die betekenis of bedoeling beter te laat uitkom *Jou werk is nie juis hoogstaande nie.* = Dit was eintlik swak. |

© Department of Basic Education 2019

| | |
|---|---|
| **Satire** | Om op spottende manier na die verkeerde dinge in die samelewing te wys. |
| **Metonimia** | (oornoeming) Twee sake of begrippe wat met mekaar in verband staan, word in verband met mekaar gebring. *Die pen is magtiger as die swaard(die skrywer het meer mag as die vegter* |
| **Oksimoron** | Twee teenoorgestelde begrippe hou direk verband met mekaar (bv. *Siende blind en horende doof*) |
| **Onomatopee / klanknabootsing** | Die gebruid van woorde om klanke na te boots. *Doef, val die sponskoek op die vloer.* |
| **Paradoks** | 'n Stelling wat 'n skynbare teenstrydigheid bevat, bv. *Stilbly is 'n antwoord.* |
| **Polisindeton** | Die herhaling van dieselfde voegwoord (*en*) kort na mekaar. *Ons het gesing en gedans en gelag en gespeel.* |
| **Sarkasme** | Om op 'n skerp, bytende manier met iemand te spot en seer te maak. *Hy het net so veel gesonde verstand soos 'n kreef.* |
| **Simboliek** | 'n Voorwerp of beeld word gebruik om 'n groter idee of gedagte voor te stel wat 'n dieper betekenis het. *'n Kruis = Christendom*). |
| **Sinekdogee** | Iets word aangedui deur slegs 'n deel daarvan te noem. *Gee ons ons daaglikse brood* – verwys na voedsel vir die dag en nie net 'n fisiese brood nie.) |
| **Sinestesie** | Die prikkel bedoel vir een sintuig word deur 'n ander sintuig waargeneem. (Bv. *Silwer stemme* – die oë sien die silwer en die ore hoor die stemme) |
| **Woordspeling** | 'n Woord of uitdrukking met meer as een betekenis word gebruik sodat al die betekenisse inpas. |
| **Sinspeling** | Vaag na iets verwys sonder om dit uitdruklik te noem. *Hy het 'n Midas-ervaring gehad* – Hy het 'n baie goeie/positiewe ervaring gehad. |
| **Herhaling/repeti-sie** | Dieselfde woorde of idee word oor en oor in dieselfde gedig gebruik. |
| **Pouse / ruspunt** | 'n Leesteken word gebruik om 'n pouse in die ritme van 'n gedig aan te dui. |
| **Diksie / Woorkeuse / Taalgebruik** | Digters gebruik gepaste, beskrywende en stemmingsvolle woorde, frases en uitdrukkings in hulle digkuns. Die woordkeuse pas by die tema van die gedig. Diksie kan die houding van die spreker openbaar en kan met die toon in verband gebring word. |
| **Toon** | Die toon van 'n gedig word geopenbaar deur die woordkeuse van die digter. Die digter kan deur slim woordgebruik 'n positiewe of negatiewe toon skep. Die toon kan vreugdevol, hartseer, speels, kwaad, ens. Wees. |
| **Stemming** | Dit is die atmosfeer of emosie in geskrewe tekste byvoorbeeld vergesog, melankolies, vreesaanjaend, misterieus, gefrustreerd, romanties, somber, sentimenteel, gelukkig, depressief of opwindend wees. |
| **Emosionele response** | Dit is die leser se reaksie op 'n gedig. |
| **Enjambement** | Een versreël gaan oor in die ander een sonder enige leestekens. |
| **Klankeffekte** | Halfrym – alliterasie en assonansie, rym, ritme, klanknabootsing |
| **Alliterasie** | Dieselfde medeklinkers of konsonant in beklemtoonde lettergrepe word in dieselfde versreël herhaal, bv. "en **p**ulp en **p**let …" |
| **Assonansie** | Herhaling van klinkers of vokale in beklemtonnende lettergrepe in twee of meer woorde. |
| **Rym** | Die ooreenstemming van **klank** in die laaste lettergreep of woorde in digreëls. |


DRAFT

| | |
|---|---|
| **Volrympatrone** | Beginrym: beginrym en versreëls rym met mekaar<br>Binnerym: 'n woord binne 'n versreël rym met 'n woord aan die einde van dieselfde versreël.<br>Eindrym: woorde wat aan die einde van versreëls rym. |
| **Eindrym-verbindings** | Paarrym : aabb<br>Kruisrym : abab<br>Omarmde rym : abba<br>Gebroke rym : abcb<br>Slagrym: aaa<br>Slingerende rym: abcdebfgb |
| **Ritme** | Die tempo waarteen die gedig gelees word. |
| **Tempo** | Tempo skep 'n bepaalde atmosfees. Die tempo kan stadig wees, wat 'n gevoel van bv. Droefheid skep. As die tempo vinnig is, kan 'n atmosfeer van vrolikheid geskep word. |
| **Beklemtoning** | 'n Woord wat belangrik is, word op baie verskillende maniere onder die leser se aandag gebring, bv. **alleenplasing**, ens. |
| **Ellips** | Woorde wat weggelaat is en word dan met drie punte/stippels gewys. |
| **Geïmpliseerde taal** | Wanneer iets nie direk gesê word nie, maar die leser moet sy eie afleiding(s) maak. |
| **Haikoe** | 'n Gedig bestaande uit 3 versreëls en 17 lettergrepe. Lettergrepe is soos volg : Reël 1 – 5 lettergrepe; reël 2 – 7 lettergrepe en reel 3 – 5 lettergrepe. |
| **Inkeping** | 'n Versreël staan verder van die kantlyn as ander versreëls in die gedig. |
| **Intertekstualitieit** | Die gedig verwys direk of indirek na 'n ander skryfstuk. |
| **Inversie / Omgekeerde woordorde** | Die woordorde van die gedig / versreël is doelbewus verander om te beklemtoon. |
| **Limeriek** | 'n Tipe digvorm met 5 versreëls en 'n aabba rymskema. |
| **Liriek** | Die woorde in die gedig is eintlik die woorde van 'n liedjie wat gesing moet word. |
| **Parentese** | Addisionele inligting word gegee deur die gebruik van 'n inlassin. |
| **Progressie** | Daar is ontwikkeling in die tyd of in die verloop van gebeure of in die verhouding van mense. |
| **Refrein** | 'n Deel wat herhaal word om ritme te skep. |
| **Retoriese vraag** | 'n Vraag waarop die antwoord nie verwag word nie of die spreker beantwoord dit self. |
| **Sinsnede** | 'n Deel van 'n sin. |
| **Spreker** | Die persoon wat altyd in die gedig praat. |
| **Tipografie** | Die uiterlike bou van die gedig, d.w.s. hoe die gedig saamgestel is. |
| **Toutologie** | Opstapeling van woorde met dieselfde betekenis. |
| **Vrye vers** | 'n Gedig wat geen vaste reëls van die digkuns volg nie. |
| **Wending** | Die inhoud van die gedig verander skielik. |

DRAFT

# Gedig 1

# Nog in my laaste woord- NP van Wyk Louw



**Geboortedatum en -plek:** Nicolaas Petrus (N.P.) van Wyk Louw is op 11 Junie 1906 op Sutherland gebore.
**Letterkundige werke en prestasies:** Hy debuteer in 1937 met die digbundel *Alleenspraak*. Hy het 33 publikasies die lig laat sien wat o.a. die genres poësie, prosa en dramas insluit.
N.P. van Wyk Louw is op 18 Junie 1970 op 64-jarige ouderdom in Johannesburg oorlede. Hy word as die belangrikste digter van die Dertigers beskou en is beslis een van die grootstes wat Suid-Afrika nog opgelewer het.

**Nog in my laaste woorde – N.P. van Wyk**

Nog in my laaste woorde sal jy wees,
nog in die laaste skeemring van my dink
en weet, as ek alleen in die bitter vrees
van sterwe lê, en al die mindre sink
in my deur vaal vergetelheid: veel haat,
veel liefde wat kon waag om min te vra,
ure wat rus geken't, of blote daad,
en nie die teken van jou onrus dra,
o, jy wat vlam was: skoon en sterk en blind
vir smart; wat alles tot jou beeltnis brand;
wat als kon eis en nooit volkome vind
versadiging! Dán weet ek het jou hand
my jeug se oopgelate kring voltooi:
mooi is die lewe en die dood is mooi.

Uit: *Die halwe kring,* uitgegee deur Nasionale Boekhandel Bpk., 1937

DRAFT

**Woorde in die gedig**

| WOORD | BETEKENIS |
|---|---|
| nog | Steeds, voortdurend, tot die dood |
| laaste | Net voor hy sterf, sterwenswoorde |
| skeemring | Byna donker,die oorgaan van lig na donker/lewe na dood |
| bitter vrees | Doodse bangheid/bang vir doodgaan/sterf |
| mindre sink | Vergeet van die dinge/lewensgebeure |
| onrus | Dinge/emosies pla |
| vlam | Liefdesvlam/aansteek of aanvuur van sy gevoel |
| blind | Sien nie smart/hartseer/lelik raak nie |

© Department of Basic Education 2019

| | |
|---|---|
| Beeltnis brand | Afbeelding van haar mooiheid/aanraking maak alles mooi |
| versadiging | Tevrede/genoeg |
| oopgelate | Onvoltooid/ongesluit/klaarheid soek/onvervuld |

**Opsomming van die gedig**

Die gedig verwoord ewige liefde en omgee.

Die spreker sê dat hy tot aan die einde, ***nog in my laaste woorde***, aan die geliefde se skoonheid en mooiheid sal dink. Die geliefde het van vroeg af die (liefdes)-***vlam*** in hom wakker gemaak en tot aan die einde laat brand, ten spyte van ***rus*** en ***onrus*** en ***haat*** en ***liefde*** wat in die wêreld heers. Alhoewel die spreker dinge vergeet het en 'n ***bitter vrees*** vir die dood het, vind hy aan die einde ***volkome*** berusting.

Die liefde se ***kringloop*** word deur die ***dood voltooi: mooi is die lewe en die dood is mooi****.*

**1. Soort gedig**

*Nog in my laaste woorde* kan as 'n Engelse sonnet. beskou word. Die gedig bestaan uit 14 versreëls. Daar is drie kwatryne en 'n rymende eindkoeplet.

***Kwatryn 1*** } Kruisrym
*a b a b*
***Kwatryn 2*** } Kruisrym
c d c d
***Kwatryn 3*** } Kruisrym
e f e f
***Koeplet*** } Paarrym
*g g*

**2. Analise van die gedig**

| | |
|---|---|
| 1. Nog in die laaste woorde sal jy wees,<br>2. nog in die laaste skeemring van my dink<br>3. en weet, ... | ❖ *skemer, net voor dit donker word en dit kan simbolies verwys na die stadium net voor die spreker nie meer logies kan dink nie. Hy raak dalk deurmekaar.*<br>❖ Die woord *skemering* is na *skeemring* verander om in die gedig se ritme in te pas. Deur elisie het die digter die woord *ske-me- ring* met 3 lettergrepe na 2 lettergrepe skeem-ring verander om nie die ritme van die gedig te versteur nie.<br>❖ Enjambement: "my dink en weet" Die woorde word d.m.v. die enjambement as eenheid saamgevoeg, al word dit ter wille van die metrum in twee reëls geskryf.<br>❖ *in die laaste skeemring van my dink en weet,* = metafoor, WANT die tyd net voor 'n mens sterf word dikwels gelykgestel aan die tyd net voor dit nag word m.a.w. laaste (lewens-)lig |

© Department of Basic Education 2019

| | | |
|---|---|---|
| **3.** | en weet, as ek alleen in die bitter vrees | ❖ Hy dink (of vrees) dat hy op sy sterfbed alleen sal wees en hy dink hoe bang hy sal wees om dood te gaan. Jy kan niemand saamvat nie en 'n mens gaan die dood alleen tegemoet.<br>❖ bitter vrees: Sinestesie want meer as een sintuig (smaak en gevoel) word by die belewing van hierdie vrees betrek. Elke mens is in 'n mindere of meerdere mate bang vir die dood en verkies grootliks die lewe bo die dood. |
| **4.** | van sterwe lê, en al die mindre sink | ❖ Die dinge in 'n mens se lewe wat nie belangrik is nie (mindre) word maklik vergeet (sink). Die gedagtes en herinneringe is vaag en vaal en vergete. *Bv. Alles wat nie werklik belangrik is nie, sal ek dan (op my sterfbed) vergeet.*<br>❖ Die woord *mindre* is 'n voorbeeld van elisie om die ritme te ondersteun: min-de-re = 3 lettergrepe terwyl min-dre = 2 lettergrepe<br>❖ Hierdie woorde word ook klankmatig deur die i-alliterasie verbind. |
| **5.** | in my deur vaal vergetelheid: veel haat, | ❖ Vergetelheid = *om vergeet te word*<br>❖ Dubbelpunt (:) = Na die dubbelpunt volg die verduideliking van dit wat die spreker bedoel met *al die mindre* wat hy op sy sterfbed nie sal onthou nie.<br>❖ *Veel haat* verwys na al die mense wat hy haat of teen wie hy 'n wrok koester. Dit is volgens die spreker nie belangrik nie en deel van die *al die mindre.*<br>❖ Die tempo in hierdie versreël is stadig en dit word bewerkstellig deur: (a) die dubbelpunt, (b) die lang ee- en aa- klanke en (c) v-alliterasie. |
| **6.** | veel liefde wat kon waag om min te vra, | ❖ *Veel liefde* = Liefde vir iemand wat nie beantwoord is nie of 'n liefdesverhouding wat nou nie meer belangrik is nie.<br>❖ Die haat en ook die liefde wat min van die spreker gevra het, word maklik vergeet.<br>❖ *Veel liefde* staan in kontras met *veel haat* in versreël 5.<br>MAAR<br>Die woord *veel* vorm ook `n kontras met die woorde *om min te vra*. Dit is dus dubbele kontrastering.<br>❖ *liefde wat soos 'n mens, iets kon vra* = personifikasie |

| | |
|---|---|
| **7.** ure wat rus geken't, of blote daad, | ❖ Die gedagtes in hierdie gedig wat in sterk kontas staan, word hier in versreël 7 voortgesit met *woorde* (versreël 1) wat kontrasteer met *blote daad* in hierdie versreël.<br>❖ daad = 'n handeling/die doen van iets<br>❖ *ure wat rus geken't:* Al die tye toe hy kon ontspan en uitrus, bv. vakansies of naweke.<br>❖ *of blote daad:* Alles wat hy gedoen het; sy harde werk, wat *blote daad* was, dit wil sê, maar net dinge wat hy moes doen.<br>❖ *Geken't* in plaas van *geken het* = nog `n voorbeeld van elisie. Funksie = Die woord word verkort van 'n 3-lettergrepige woord (ge-ken het) na 'n 2-lettergrepige woord (geken`t) om die ritme in die versreël te behou.<br>❖ *Rus* vorm 'n teenstelling of kontras met *onrus* in versreël 8 wat beskrywend is van die mens se bestaan, want in elke mens is daar rustigheid en onrus. |
| **8.** en nie die teken van jou onrus dra, | ❖ Die woord *nie* word nie in hierdie versreël dubbeld gebruik soos dit taalkundig korrek is nie, want (a) die tweede *nie* sou nie by die ritme ingepas het nie. (b) Die tweede *nie* sou ook die rympatroon versteur het.<br>❖ Die geliefde se teenwoordigheid veroorsaak onrustigheid. |
| **9.** o jy wat vlam was: skoon en sterk en blind<br><br>NB! retoriese middel ➡ | ❖ Die spreker gebruik die tussenwerpsel *o* aan die begin van hierdie versreël om daarmee 'n gevoel van bewondering vir sy geliefde weer te gee.<br>❖ *jy wat vlam was* - Die spreker sê dat sy geliefde 'n vlam was, want sy geliefde word gelykgestel met 'n brandende vlam wat 'n voorbeeld van 'n metafoor is.<br>❖ Dubbelpunt – Na die metafoor is 'n dubbelpunt gebruik. Na die dubbelpunt volg daar 'n beskrywing van die geliefde se eienskappe – sy was beeldskoon en sterk, smart kon nie haar nie verblind nie.<br>❖ *skoon* = figuurlik bedoel beeldskoon/mooi<br>❖ *sterk* = sterk persoonlikheid<br>❖ *blind* = sy laat haar nie deur smart verblind nie<br>❖ en ... en = polisindeton (herhaling van die voegwoord) Funksie = dit beklemtoon elke deug (positiewe eienskap) van die geliefde elke woord word afsonderlik uitgehef.<br>❖ Enjambement = *Skoon en sterk en blind vir smart*. Die begrippe/woorde word d.m.v. die enjambement as eenheid saamgevoeg, al word dit ter wille van die metrum in twee reëls geskryf. |

DRAFT

| | |
|---|---|
| **10.** vir smart; wat alles tot jou beeltnis brand; | ❖ *beeltnis* in plaas van *beeltenis* = nog ‘n voorbeeld van elisie. Funksie = Die woord word verkort van ‘n 3-lettergrepige woord (beel- te-nis) na ‘n 2-lettergrepige woord (beelt-nis) om die ritme in die versreël te behou.<br>❖ Die spreker bedoel hier dat sy geliefde alles verander of aanpas om aan haar eise te voldoen, of dat sy aanpas by (dalk) moeilike omstandighede.<br>❖ Die herhaling van die woord *alles* word in versreël 11 verkort tot *áls*. Hierdie woord word deur die verkorting daarvan beklemtoon en dui daarop dat niks uitgesluit word nie.<br>❖ Ten spyte hiervan kon daar geen volkome versadiging gevind word nie |
| **11.** wat áls kon eis en nooit volkome vind | ❖ Die geliefde kon hoë eise stel aan ander OF aan hom-/haarself en was nooit heeltemal tevrede met dit wat die spreker gedoen het nie OF Die geliefde het van die spreker al sy/haar liefde geëis.<br>❖ Die allitererende v-klank is hier opvallend. Funksie: dit verstadig die tempo sodat die woorde wat met `n *v* begin, beklemtoon word, want dit is almal belangrike woorde in die gedig: *volkome vind versadiging.* |
| **12.** versadiging! Dán weet ek het jou hand | ❖ Die woord *versadiging* word deur voorplasing uitgehef en die uitroepteken direk daarna. Dit staan ook voor in die versreël.<br>❖ Die mens word nooit volkome versadig nie: daar is altyd nog ‘n behoefte wat vervul moet word. Daar is altyd iets waarna nog gestreef word. Ook skoonheid word nooit volkome vervul nie, daar is altyd ‘n verlange na meer.<br>❖ Dán = wanneer die spreker op sy/haar sterfbed is en hy/sy die laaste woorde dink of sê. Daarom word dit deur die aksentteken beklemtoon. |
| **13.** my jeug se oopgelate kring voltooi: | ❖ Wat sal die spreker dan weet? Die geliefde se hand het die spreker se jeug se oopgelate kring voltooi.<br>❖ Die gedig kom uit die bundel *Die halwe kring* en die word *kring* sluit hierby aan. Dit voel vir die spreker of sy geliefde die kring kom voltooi het – of sy hom kom volkome maak het.<br>❖ Dubbelpunt: na die dubbelpunt volg ‘n verklaring van dit wat voor die dubbelpunt staan. Die spreker kom tot die slotsom dat die lewe mooi voltooi en deur die dood afgesluit word. |

DRAFT

| | |
|---|---|
| **14.** mooi is die lewe en die dood is mooi. | ❖ As die spreker, net voor sy dood aan die geliefde dink en oor hulle liefde kan praat, dan is die dood (net so) mooi soos hulle liefde was.<br>❖ Omgekeerde woordorde: Moes lees *die lewe is mooi en die dood is moo*i. Deur die omgekeerde woordorde word *mooi* in die beklemtoonde posisie geplaas en daarmee wil die spreker beklemtoon dat hulle liefde tot met die voltooiing van die lewensirkel, die dood, mooi was. |

**3. Tema en boodskap**

Tema: Die gedig is 'n liefdesverklaring waarin die spreker sy/haar geliefde verseker dat hy haar tot aan die einde van sy lewe sal bemin/ lief hê.

Boodskap**:** Die dood bly deel van die lewe. Daar is altyd iets waarna gestreef word soos om iemand altyd lief te hê.

**4. Beeldspraak en stylfigure**

| **Reël** | **Benoem die volgende voorbeelde van beeldspraak of stylfigure:** | |
|---|---|---|
| 1 | *nog in my laaste woorde* | Inversie/omgekeerde woordorde/ voorplasing (die belofte tot die einde) |
| 2 | *die laaste skeemring van my dink …* | Metafoor (Die "skemering" is die beeld vir die tyd voor die "nag van die dood.) |
| 3 | *en al die mindre sink*<br>*ure wat rus geken't* | Elisie (Weglating van klanke vir die voortsetting van vloei/ritme) |
| 4 | *veel liefde wat kon waag om min te vra* | Personifikasie (Die liefde wat, soos 'n mens, iets vra.) |
| 5 | *o jy wat vlam was* | Metafoor (Die beminde word aan 'n vlam gelykgestel.) |
| 7 | *skoon en sterk en blind* | Polisindeton (Die herhaling van dieselfde voegwoord om die woorde te beklemtoon en om in te pas by die jambiese versmaat.) |
| 8 | *Dan weet ek* | Wending (klimaks kom hier/nou) |
| 9 | *my jeug se oopgelate kring* | Metafoor (Sluit aan by die titel van die bundel, *Die Halwe Kring*.) |

5. **Toon en stemming**

Toon: Die toon is somber/donker omdat die konsep van dood/sterflikheid hier aangeraak word.

Stemming: Die stemming is aanvanklik onrustig, maar aan die einde van die gedig ervaar die leser 'n rustige stemming omdat die spreker die finaliteit van die dood aanvaar.

© Department of Basic Education 2019

**Aktiwiteit 1**

Lees die gedig weer deur en beantwoord dan die vrae:

| | | |
|---|---|---|
| 1.1 | Hierdie gedig is ‘n voorbeeld van ‘n Engelse sonnet. Gee TWEE bewyse hiervoor. | (2) |
| 1.2 | Hoekom gebruik die digter elisie in versreëls 2 en 4? | (1) |
| 1.3 | Verklaar die kontras wat in versreëls 5 en 6 voorkom. | (1) |
| 1.4.1 | Benoem die stylfiguur wat in versreël 9 voorkom. | (1) |
| 1.4.2 | Wat is die funksie hiervan. | (1) |
| 1.5 | Wat is die funksie van die allitererende v- klanke in versreëls 11 en 12? | (1) |
| 1.6 | Verklaar die betekenis van: “*wat alles tot jou beeltnis brand*” (versreël 11). | (1) |
| 1.7 | Dink jy die woorde in die gedig kan ook simboliese betekenis hê? Motiveer. | (1) |
| 1.8 | Watter lewenswaarheid het jy uit die gedig gekry? | (1) |
| | | **[10]** |

**NASIENRIGLYNE**

| Vraag | Antwoord | Punt |
|---|---|---|
| 1.1 | Die gedig bestaan uit 3 kwatryne en ‘n rymende eindkoeplet ✓<br>Rymskema: abab cdcd efef gg ✓<br>Klimaks kom voor in die rymende eindkoeplet ✓<br>*Gee enige TWEE antwoorde vir EEN punt elk.* | (2) |
| 1.2 | Die woorde word verkort om in die ritme van die gedig te pas. ✓ | (1) |
| 1.3 | Die HAAT en LIEFDE wat min gevra het, word maklik vergeet. ✓ | (1) |
| 1.4.1 | Polisindeton/voegwoordherhaling ✓ | (1) |
| 1.4.2 | Dit beklemtoon al die geliefde se deugde./<br>Elke woord word afsonderlik beklemtoon. ✓<br>*Gee EEN van die bogenoemde antwoord vir ‘n punt.* | (1) |
| 1.5 | Dit maak die ritme stadiger sodat die woorde beklemtoon word. ✓ | (1) |
| 1.6 | Dat sy alles dalk verander om aan haar eise te voldoen / dat sy aanpas by moeilike omstandighede. ✓ | (1) |
| 1.7 | Ja, dit word aan ‘n geliefde gerig, maar dit kan ook aan die skoonheid om ons gerig wees. ✓ | (1) |
| 1.8 | Ons as mens is nooit volkome versadig nie, daar is altyd ‘n behoefte wat vervul moet word / daar is altyd iets waarna gestreef word /die skoonheid om ons word nooit volkome vervul nie.✓ | (1) |
| | | **[10]** |

# Gedig 2

# Vincent van Gogh-
# DJ Opperman



**Geboortedatum en –plek:** D. J. Opperman is op 29 September 1914 in Dundee gebore.
**Letterkundige werke en prestasies:** Sy gedigte is uiteenlopend in inhoud, maar van hoë standaard. Hy het vele literêre pryse gewen, onder andere die Hertzorg-prys vir sy debuutbundel *Heilige Beeste* (1945). Hy word met reg as die meester van digkuns beskou. Hy het vele bloemlesings met gedigte saamgestel.
D.J. Opperman het in 1981 'n beroerte gehad en sterf op 22 September 1985 op Stellenbosch.

**Vincent van Gogh – DJ Opperman**

DRAFT

Jy het as 'n miskende
Heilige vergeefs geveg teen die ellende
en die onreg in die krotte van die myn,
In agterbuurtes en op landerye; slegs die pyn
en skriklike stryd van God
leer ken, wat mens en boom verknot
in Sy kramptrekke; maar eers toe jy die koringgerwe

In sy kramptrekke; maar eers toe jy die koringgerwe
in aanbidding van die son kon verwe,
boere, wasvrouens en gepynigde gesigte,
die kantelende landskap in die snelle ligte
geel en groen en blou – alles met koorsige gevlek
tot branding van die skone kon verwek,
toe is Sy hartstog eers in jou volbring
soos groen sipresse tot 'n vlam verwring.

Uit: *Heilige beeste,1947*

**Woorde in die gedig**

| Woord | Betekenis |
|---|---|
| miskende | geen erkenning kry nie |
| vergeefs | sonder sukses |
| krotte | armoedige huisies |
| skriklike | verkorting van verskriklike |

© Department of Basic Education 2019

| | |
|---|---|
| verknot | boom se top afsnoei; groei belemmer |
| kantelende | besig om om te val |
| koorsige | koorsagtige haas |
| verwring | verdraai; vertrek |

**Opsomming van die gedig**

Die gedig word in twee dele verdeel. Opperman het Vincent van Gogh se lewe in die gedig saamgevat. Vincent van Gogh is een van die grootste Nederlandse skilders.

*Sy stryd as prediker: Deel 1 (Reël 1-4)*

*Van Gogh ervaar liefde en vreugde van God: Deel 2 (Reël 7-14)*

**1. Soort gedig**

Die gedig bestaan uit 14 versreëls en alhoewel dit nie 'n sonnet is nie, toon dit sekere kenmerke van 'n Engelse sonnet. Daar is drie kwatryne asook 'n rymende eindkoeplet wat afwyk van die normale kruisrym in die kwatryne. Aangesien die versreëllengtes nie ewe lank is nie en die ritme nie deurgaans dieselfde bly nie, is hierdie gedig dus nie 'n sonnet nie.

***Kwatryn 1*** } Paarrym
a a b b
***Kwatryn 2*** } Paarrym
c c d d
***Kwatryn 3*** } Paarrym
e e f f
***Koeplet*** } Koeplet
g g

Die gedig bestaan uit 'n deurlopende gedagte wat 'n hoogtepunt in die slotkoeplet bereik.

DRAFT

## 2. Analise

| | |
|---|---|
| 1. Jy het as 'n miskende | ❖ *Jy* = Vincent van Gogh toe hy nog 'n lekeprediker was.<br>❖ *miskende* = hy het as prediker nie erkenning vir sy werk onder die arm mense gekry nie. Hy was nie suksesvol in sy roeping nie.<br>❖ *'n* = die onbepaalde lidwoord wys of suggereer hoe onbelangrik Van Gogh as prediker of evangelis was. |
| 2. heilige vergeefs geveg teen die ellende | ❖ *Heilige* = evangelis of prediker<br>❖ *vergeefs geveg* = Hy veg teen die ellende van en die onreg wat gepleeg is teen die armes, die boere en mynwerkers. Sy pogings was egter onsuksesvol.<br>❖ *miskende* Heilige = dit is hom nie gegun om die toestande te verander nie, daarom word daar na hom as 'n miskende heilige verwys.<br>❖ NB! = Let op hoe dié twee woorde deur uiteenplasing en die enjambement sterk uitgehef word.<br>❖ *Ellende* = swaarkry<br>❖ Van Gogh se stryd is 'n persoonlike stryd teen die realiteit van die armoedige lewens van die mense rondom hom, maar al sy pogings om dit te verbeter was tevergeefs.<br>❖ Paarrym verbind die konkrete met die abstrakte. |
| 3. en die onreg in die krotte van die myn, | ❖ *Onreg* = iets wat onregverdig is – mense is arm en kry swaar<br>❖ *krotte* = armoedige klein, vuil huisies waarin hulle moet woon<br>❖ *myn* = die woord word uitgehef deur (a) die komma na die woord wat 'n ruspose veroorsaak en (b) omdat dit in die eindrymposisie in versreël 3 staan. |
| 4. in agterbuurtes en op landerye; slegs die pyn | ❖ *agterbuurtes* = verwaarloosde, oorbevolkte mindergegoede woonbuurte.<br>❖ *landerye* = plaasgrond waarop gewasse geplant word.<br>❖ Die verwysing na *krotte, agterbuurtes en landerye* in die meervoud dui aan dat die sosiale en maatskaplike misbruik van die werkers algemeen voorgekom het.<br>❖ Die fokus van die spreker verander in hierdie versreël na die kommapunt.<br>❖ slegs die pyn – die spreker fokus hier op die fisiese en geestelike pyn wat Van Gogh in hierdie tyd, saam met die mense, ervaar het. |
| 5. en skriklike stryd van God | ❖ *Skriklike stryd* = die innerlike stryd by Van Gogh oor die doel wat God vir sy lewe gehad het. Hy kon die arm mense en die mynwerkers nie uit hulle omstandighede help nie.<br>❖ Die fokusverandering word gesuggereer in die woordkeuses wat na pyn en lyding verwys, soos *skriklike* (versreël 5), *verknot* (versreël 6) en *kramptrekke* (versreël 7).<br>❖ Die digter gebruik *skriklike* in plaas van *verskriklike* om die s-alliterasie te gebruik om die armes se stryd met hulle swaarkry te beklemtoon. |

DRAFT

| | |
|---|---|
| 6. leer ken, wat mens en boom verknot | ❖ *verknot* = om `n boom se top af te sny en so sy groei te belemmer<br>❖ Dit is die mens en die boom wat verknot word, dus dui dit hier op 'n suiweringsproses van die mens. Dit gaan oor die stryd van die mens binne die groter Raadsplan. Deur lyding (afsny van die top) word die mens gesuiwer en lei tot volbringing in die slot van die gedig. |
| 7. in Sy kramptrekke; maar eers toe jy die koringgerwe | ❖ Sy = hoofletter, want dit verwys na God<br>❖ *kramptrekke* = spiersametrekkings wat pyn veroorsaak, simbolies van fisiese pyn.<br>❖ Die gedig word by die kommapunt in twee gedeel. Na die kommapunt kom daar 'n wending in die gedig. Dit gee ook 'n langer ruspose. Die tempo verstadig dus en daar tree 'n rustigheid in.<br>❖ Die wending word deur die teenstellende voegwoord *maar* ingelei. Die woord *maar* dui dus daarop dat `n kontras gaan volg.<br>❖ Die *jy* wat volg, verwys na Van Gogh wat as kunstenaar sy roeping gevind het, m.a.w. Van Gogh, die skilder, word nou aangespreek.<br>❖ Hier word nou wegbeweeg van die strydgedagte en die tragiese negatiewe (abstrakte) wat in die eerste 7 versreëls prominent was deur die gebruik van woorde soos *miskende*, *vergeefs*, *geveg*, *krotte*, *agterbuurtes*, *pyn*, *skriklike stryd*, *verknot* en *kramptrekke* na die skep van kunswerke (konkrete) waarin Van Gogh uiteindelik sy roeping vind. |
| 8. in aanbidding van die son kon verwe, | ❖ Die hele gedeelte staan in die teken van lig en aanbidding en beweging.<br>❖ Koringgerwe buig na die son. Dit lyk asof dit die son aanbid. *Aanbidding* impliseer dus die verhouding tussen die son en die koringgerwe. Hierdie is 'n voorbeeld van personifikasie, want dié woorde dui op een van Van Gogh se bekende skilderye, *Koringveld met `n leeurik* (1887).<br>❖ Die digter gebruik die woord *verwe* in plaas van *verf* , want (a) dit is rymdwang. *Verwe* moet rym met *koringgerwe* (versreël 7).<br>(b) Die woord is ook meer intens as bloot die woord verf.<br>(c) Dit suggereer ook die beweging van die kwashale waarmee van Gogh geverf het. |
| 9. boere, wasvrouens en gepynigde gesigte, | ❖ Die skilderkuns word die medium waarmee Van Gogh uiting kon gee aan die ellende van die mense wat hy as prediker leer ken het.<br>❖ Deur sy skilderkuns verander Van Gogh dit wat lelik en ellendig was.<br>❖ Eers toe hy *boere*, *wasvrouens* en *gepynigde gesigte* op die skilderdoek kon verf, was hy deel van God se skeppingsplan.<br>❖ Hierdie mense se pyn en lyding inspireer hom; wat hy waarneem, vang hy in sy skilderye vas. |

DRAFT

| | |
|---|---|
| 10. die kantelende landskap in die snelle ligte | ❖ Die woorde *kantelende landskap* suggereer beweging in Van Gogh se skilderye en dit lyk asof dit vloei.<br>❖ *Snelle ligte* suggereer lig |
| 11. geel en groen en blou – alles met koorsige gevlek | ❖ Van Gogh gebruik helder kleure in sy skilderye. *Geel* is die simbool van lig en hou verband met die son (versreël 8). *Groen* verwys na die groeikrag en beweging wanneer hy skilder. *Blou* is die simbool van vryheid en ruimte.<br>❖ Die aandagstreep vestig die aandag op die woorde *alles met koorsige gevlek.*<br>❖ Die woorde *koorsige gevlek* verwys na die baie kleure wat Van Gogh gebruik het en ook die koorsagtige haastigheid waarmee hy geskilder het. Hy het 'n verstommende hoeveelheid skilderye in 'n kort tydsbestek geskilder (800 skilderye + 800 sketse in 10 jaar). Hy het met drif en hartstog en intensiteit geskilder.<br>❖ *Koorsige* hou verband met die woord *snellende* (versreël 10).<br>❖ *geel en groen en blou* = polisindeton (voegwoordherhaling) word gebruik om die verskillende kleure uit te hef. |
| 12. tot branding van die skone kon verwek, | ❖ Dit suggereer die vurige passie waarmee hy geskilder het. Hy het gebrand (was baie gretig) om die skoonheid van die voorwerpe en die natuur te skilder.<br>❖ *die skone* = dit wat mooi is |
| 13. toe is Sy hartstog eers in jou volbring | ❖ *Sy hartstog* verwys na God se liefde of na God se drang om die mens en natuur lief te hê en is daarom met 'n hoofletter geskryf.<br>❖ Die woord *volbring* word deur agterplasing uitgehef.<br>❖ Dit verwys na die kunstenaar se groot taak op aarde wat volbring is. Dit is ook Christus se kruiswoorde en suggereer ook Van Gogh se tragiese dood (selfmoord – homself geskiet). |
| 14. soos groen sipresse tot 'n vlam verwring. | ❖ Die *groen sipresse* verwys na lyding, maar ondersteun ook die verlossende gedagte van 'n ewige lewe.<br>❖ *soos groen sipresse* = vergelyking - sipresse herinner aan die dood, want dit is die bome wat gewoonlik in begraafplase aangetref word. Die vergelyking word gebruik om die volbringing van God se hartstog konkreet uit te beeld.<br>❖ *vlam* = die voorkoms van die vlam as simbool of motief in die gedig is insiggewend. In hierdie verband sluit die woorde *branding, sipresse* en *vlam verwring* by mekaar aan. Alles = vorm van `n vlam. |

Die twee sleutelwoorde in die gedig is *stryd* en *volbring.* Deur middel van woordkeuse word die kontras tussen Van Gogh se stryd en die uiteindelike volbringing van sy goddelike roeping beklemtoon.

| <u>Stryd</u> | | <u>Volbring</u> | |
|---|---|---|---|
| Versreël 1 | Misrekende | Versreël 13 | Volbring |
| Versreël 2 | Vergeefs geveg | Versreël 8 | In aanbidding … verwe |
| Versreël 3 | Krotte | Versreël 8 | Son |
| Versreël 3 | Krotte | Versreël 10 | Kantelende landskappe |

DRAFT

| | | | |
|---|---|---|---|
| Versreël 4 | Slegs die pyn | Versreël 11 | Alles |
| Versreël 5 | Skriklike stryd | Versreël 12 | Tot … die skone |
| Versreël 6 | Mens en boom verknot | Versreël 14 | Sipresse tot `n vlam verwring |
| Versreël 7 | Sy kramptrekke | Versreël 13 | Sy hartstog |

Struktuurelemente:

Deur middel van alliterasie en assonansie (klankherhaling) word die kontras tussen *stryd* en *volbring* ook beklemtoon.

| Stryd | Volbring |
|---|---|
| S-klank: miskende, vergeefs, slegs, skriklike, stryd, mens | S-klank: eers, son, wasvrouens, gesigte, snelle, landskap, koorsige, skone, hartstog, sipresse. |
| E-klank: miskende, geveg, ellende, onreg, slegs, mens, kramptrekke. | E-klank: gerwe, verwe, snelle, gevlek, verwek, sipresse. |

Enjambemente en tempo:

- In die eerste gedeelte (tot by die kommapunt in versreël 7) is daar 'n vinnige tempo in die gedig.
- Dit help om die gejaagdheid van Vincent van Gogh in sy pogings om 'n sukses as lekeprediker te maak,  uit te beeld.
- Die halfrym (alliterasie en assonansie) en die enjambemente  dra daartoe by.
- Die kommapunt in versreël 7 lei tot 'n verposing waarna die tweede gedeelte van die gedig volg.
- Die tempo in die tweede gedeelte na die kommapunt in versreël 7 is stadiger en daar is 'n merkbare rustigheid teenwoordig.
- Dit help om die berusting by Van Gogh uit te beeld toe hy besef dat hy sy roeping in sy talent as skilder gevind het.
- Daar is minder enjambemente en veel meer leestekens wat die tempo vertraag.

Titel**:**

- Die gedig handel oor die bekende skilder Vincent van Gogh. Dié tegniek staan as intertekstualiteit bekend: Vincent van Gogh was 'n Vlaamse digter wat op die vroeë ouderdom van 37 gesterf het.
- Hy het in sy leeftyd slegs een skildery verkoop en lewenslank in armoede geleef. Van Gogh se geskiedenis word in 14 versreëls vasgevang.

### 3. Tema en boodskap

Tema: Die gedig verwys na kunstenaarskap wat ook woordkunstenaars insluit.  Die digter, nes die skilder, is medeskepper wat moet aangaan met skeppingswerk.  Deur sy skeppingswerk te voltooi, vervul hy sy roeping.

Boodskap: Die boodskap is universeel: 'n mens kan jou in enige werk/beroep uitleef deur jou beste te doen. Sodoende kan jy lewensgeluk ervaar.

### 4. Beeldspraak en stylfigure

| Reël | Beeldspraak en stylfigure | Verklaring |
|---|---|---|
| **1** | miskende | Agterplasing word gebruik om die woord in die rymposisie te plaas. |
| **2** | heilige | Voorplasing van *heilge* word gebruik om die aangesprokene se werk as miskende prediker te beklemtoon. |
| **1-2** | miskende heilige | 'n Voorbeeld van ironie. As prediker in diens van God |

DRAFT

| | | |
|---|---|---|
| | | kan die aangesprokene nie sy roeping uitleef nie, maar deur sy skilderkuns slaag hy daarin om die boodskap van hoop en ewige skoonheid aan die mensdom uit te dra. |
| **2-5** | heilige, myn, pyn en stryd | Klankbinding (assonansie) kom voor in die herhaling van die y-klank. |
| **5** | skriklike stryd | Alliterasie van die s-klank beklemtoon en verwys na die stryd in verband met God se doel met die aangesprokene se lewe. |
| **7-8** | koringgerwe in aanbidding van die son | Son is simbolies van God en die koringgerwe van mense wat God aanbid. |
| **7-8, 11-12** | gerwe, verwe, gevlek en verwek | Assonansie: 'n Betekenisverband tussen e-assonansie word versterk. |
| **11** | geel **en** groen **en** blou | Polisindeton word gebruik waar die voegwoord *en* herhaal word om die verskillende kleure wat die skilder gebruik, uit te hef. |
| **13-14** | toe is sy hartstog eers in jou volbring soos groen sipresse tot 'n vlam… | 'n Vergelyking: God se hartstog word vergelyk met die skilder se werk. |
| **14** | groen sipresse tot 'n vlam verwring | 'n Metafoor: Die vorm van die sipres word gelyk gestel aan 'n vlam. |

### 5. Toon en stemming

Toon: Die aanvanklike wanhoop en stryd word vervang deur liefde en vreugde as die natuur geskilder word.

Stemming: Reël 1 – 7 is somber a.g.v. die uitbeelding van menslike stryd. In reël 7 – 11 is daar 'n rustiger stemming en 'n gevoel van vervuldheid/aanvaarding. Daar is ook 'n gevoel van wanhoop en stryd in die eerste deel wat vervang word met opgewondenheid en aanvaarding.

DRAFT

**Aktiwiteit 2**

**Gedig- met- byskrifte-oefening Vincent van Gogh**

Gebruik jou aantekeninge wat jy in die klas ontvang het om die ontbrekende woorde vir die byskrifblokkies in te vul.

**1.** Vincent van Gogh was 'n beroemde ....

**2.** Die "jy" dui aan dat die spreker hier ...

**3.** Die premorfeem in hierdie woord skep 'n ...... atmosfeer in die gedig.

**Vincent van Gogh - D.J. Opperman**

Jy het as 'n miskende
heilige vergeefs geveg teen die ellende
en die onreg in die krotte van die myn,
in die agterbuurtes en op landerye; slegs die pyn
en skriklike stryd van God
leer ken, wat mens en boom verknot
in Sy kramptrekke; maar eers toe jy die koringgerwe
in aanbidding van die son kon verwe,
boere, wasvrouens en gepynigde gesigte,
die kantelende landskappe in die snelle ligte
geel en groen en blou – alles met koorsige gevlek
tot branding van die skone kon verwek,
toe is Sy hartstog eers in jou volbring
soos groen sipresse tot 'n vlam verwring.

**4.** Die halfrym wat hier gebruik is, staan as ...... bekend.

**5.** Op watter manier word hierdie woord uitgehef?

**6.** Wat is die betekenis van die woord "skriklike" en hoe ondersteun dit die woord "stryd"?

**7.** Hierdie woord hou verband met .... en .... in reëls 2 en 3.

**8.** Wat is die betekenis hiervan binne die konteks?

**9.** Hoe weet die leser dat hierdie woord nie na Van Gogh verwys nie?

**10.** Hierdie voegwoord lei die ......... in die gedig in.

**11.** Hierdie 2 versreëls sê iets oor van Gogh se ......... .... ........

**12.** Na hierdie aandagstreep volg ......

**13.** Verklaar die onderstreepte woord in konteks van die gedig.

**14.** Die beeldspraak wat hier gebruik is, staan as ..... bekend.

DRAFT

**NASIENRIGLYNE**

| | | | |
|---|---|---|---|
| 1 | (Vlaamse) skilder | 8 | nie in staat tot verdere roei/ontwikkeling nie |
| 2 | ... direk aangespreek word. | 9 | Die hoofletter dui daarop dat hier na God verwys word. |
| 3 | Negatiewe | 10 | Wending |
| 4 | Alliterasie | 11 | skildertegniek/skilderkuns/kleurgebruik in sy skilderye |
| 5 | Voorplasing | 12 | 'n verduideliking van die verskillende kleure wat tot 'n kunswerk saamgevoeg word |
| 6 | Erge/vreeslike; 'n "stryd" is erg/vreeslik | 13 | God se passie/vurige liefde vir die mens |
| 7 | "ellende" en "onreg" | 14 | 'n vergelyking |

Comment [M1]:

DRAFT

# Gedig 3

# Twee kleuters in die Vondelpark – Elisabeth Eybers



**Geboortedatum en -plek:** Elisabeth Eybers is op 16 Februarie 1915 in Klerksdorp in die Wes-Transvaal in Suid-Afrika gebore.
**Letterkundige werke en prestasies:** Sy het in 1943 die eerste maal die Hertzogprys ontvang, vir haar eerste twee bundels, *Belydenis in die skemering* en *Die stil avontuur*. Sy wen weer dié prys in 1971. Sy het in 1989 die Ou Mutual-letterkundeprys vir *Rymdwang* (1987) ontvang. Haar werk het baie pryse in Suid-Afrika en Nedeland verower, insluitend die Constantijn Huygens-prys in 1978 en die P. C. Hooft-prys in 1991. Sy sterf op 1 Desember 2007 in Amsterdam.

**Twee kleuters in die Vondelpark – Elisabeth Eybers**

Twee kleuters in Vondelpark bly staan
‘n klein oneindigheid lank hand-in-hand.

Smeltloos geteken dryf die dubbelswaan:
gesplete hart van hals en dubbelhals,
geskulpte vlerk met dubbelvlerk teenaan,
geslote snawel dynserig vervals
met eenkant lug en water anderkant.

Versadig van die roerlose gesig
pluk hy - die seuntjie - plotseling aan haar hand
vir verdergaan, sleep haar tot ewewig
as sy nog strompelend omkyk na die swaan.

Verby die bome druis die straatrumoer,

Van skopfiets tot trapfiets gepromoveer,
bromfiets tot motor, sal hy konstateer
- die wiel sy ordeteken - dat hy lid
is van die kollektiewe Lilliput.

Maar sý sien webbe onderwater roer,

DRAFT

Miskien is dit die laaste dag van staar
en grondelose verwondering. Wat sou
hý, weerloos wordend wees oor dertig jaar?
‘n Saaklike barbaar, ‘n fyn sadis,
‘n doktrinêre Hollandse meneer?
En sý ‘n druk slagvaardige mevrou
met ‘n allure van dit-is-soos-dit-is?

Die swaan bly oor sy dubbelbeeld gekeer.

Uit: *Balans,* deur Elisabeth Eybers

**Woorde in die gedig**

| Woord | Betekenis |
|---|---|
| gepromoveer | Tot ‘n hoër klas of rang bevorder |
| konstrateer | Vasstel deur waarneming |
| kollektiewe | Gemeenskaplik, gesamentlik, wat vir almal geld |
| sadis | Iemand wat lekker kry wanneer iemand anders swaarkry/seerkry. Iemand wat daarvan hou om ‘n ander persoon seer te maak |
| doktrinêre | Hardkoppig aan ‘n leerstelling of ‘n stel reëls vashou, dit verdedig en daarin glo |
| slagvaardig | Gereed vir ‘n stryd/oorlog |
| allure | ‘n Houding, gedrag, ‘n manier van uiterlike valsheid, ‘n indrukwekkende vertoon, ‘n imposante voorkoms |
| smetloos | Dieselfde as vlekloos: word gewoonlik gebruik vir iemand met ‘n onbesproke/skoon karakter |
| ordeteken | ‘n Orde is ‘n vereniging met vaste reëls, bv. Die middeleeuse ridderorders. ‘n Ordeteken is dus ‘n teken wat jou met ‘n spesifieke groep mense verbind. |
| webbe | Weefsel soos die net van ‘n spinnekop, hier letterlik die swemvliese van die swaan |
| barbaar | Onbeskaafd, onverfynd, sonder goeie maniere |
| druk | Baie besig |
| bromfiets | Neologisme/klanknabootsing) uit die vyftiger-jare; ‘n fiets met ‘n enjin |
| grondeloos | sonder ‘n saaklike rede |
| lilliput | Die stad/land uit *Gullivers Travels* waar die mense soos dwergies was. |

DRAFT

© Department of Basic Education 2019

**Opsomming van die gedig**

In die titel verwys *Vondelpark* na 'n groot park in Amsterdam, Nederland.

Die gedig begin met 'n uitbeelding van twee kleuters wat 'n oomblik lank na 'n swaan op die water in die park staan en kyk. Daardie oomblik van verwondering/betowering oor 'n ander wêreld word 'n klein ewigheid waarin die tydelikheid opgehef word.

In die tweede strofe word die voorwerp van die twee kleuters se aandag uitgebeeld: 'n swaan wat so helder in die water weerkaats word, se dubbeldbeeld laat dit lyk of dit 'n dubbelswaan is. Die hals en sy weerkaatsing vorm 'n *gesplete hart*; die *geskulpte vlerk* lê teenaan sy spieëlbeeld; die geslote snawel weerkaats nie so helder nie, daarom lyk dit *deinserig vervals*.

In die derde strofe word die betowering wat dié natuurwonder die twee kinders gevange hou, verbreek. Dit is die seuntjie wat eerste *versadig* raak/genoeg gehad het van dié roerlose gesig en die dogtertjie ongeduldig saamsleep: weg uit die betowering van die skoonheid, terug na die gewone daaglikse lewe. Sy kan haar nie dadelik losskeur nie, want sy loop *strompelend* en omkyk. Dit is die seuntjie wat haar tot *ewewig* sleep.

Die verteller wat die twee kinders dopgehou het, lei af dat die *straatrumoer* ook in die toekoms die seuntjie se vertroude atmosfeer sal wees en nie die skoonheid (gesimboliseer deur die swaan) nie. Soos wat hy ouer word sal hy *promoveer*, of vorder, van 'n skopfietsryer tot 'n trapfietsryer; die belangrikste verskil tussen sy kleuterjare en seunstyd sal daaruit bestaan dat hy sy kleinkinderfietsie sal kan verruil vir 'n gewone fiets. Hy sal dus 'n pad na volwassenheid loop.

Vir hierdie seun sal materiële waardes van groter belang as die emosionele dinge in die lewe wees. Vandaar dat die waarnemer hom in die verbeelding as 'n toekomstige lid van die kollektiewe Lilliput sien.

Die dogtertjie kyk en beleef die swaanprentjie egter anders as die seuntjie: *sý sien webbe onderwater roer*. Dié mededeling word sterk beklemtoon deurdat dit van die ander reëls as 'n enkele strofe geskryf word. Die dogter bly dus nog vervul van die skoonheidswonder wat hulle so pas gesien het; sy het egter 'n sterker verbeelding, is gevoeliger en word makliker ontroer deur skoonheid – en met 'n vermoede dat daar onder die sigbare werklikheid 'n ander onontdekte wêreld van skoonheid lê.

**1. Soort gedig**

Die eerste drie strofes vorm 'n eenheid (ab acab dbda) en die laatste vyf strofes vorm 'n eenheid (e ffgg e hihjfj f). Die progressie in die woordgebruik van *twee kleuters* (titel en reël 1), wat kinderlike eenvoud en naïewe onskuld oproep , na 'n *seuntjie* (strofe 3) en *meisietjie*, na *meneer* en *mevrou* (strofe 7), loop parallel met die tematiese ontwikkeling in die gedig. Soos wat die kinders grootword, verloor hulle hul vermoë om verwondering te ervaar, asook hul balans met die natuur, mekaar en in hulself. Uiteindelik is hulle as volwassenes as't ware die teenoorgestelde van wat hulle as kinders was.

**2. Analise**

| **Strofe 1 – twee kleuters** | |
|---|---|
| 1. Twee kleuters in die Vondelpark bly staan | ❖ *Twee kleuters* (jong kinders) staan in Amsterdam se grootste park, die Vondelpark<br>❖ *Bly staan* is 'n voorbeeld van agterplasing en beklemtoon die kinders se verwondering van |

| | |
|---|---|
| | die toneel voor hulle. Die bevoorregte eindrymposisie beklemtoon dat hulle vasgevang is in hierdie volmaakte eenheid.<br>❖ Hulle staan doodstil in verwordering.<br>❖ Die *"paar"-gedagte* word in strofe 1 op twee maniere bevestig:<br>die herhaling van die woord "twee" (uit die titel) en die feit dat die strofe 'n koeplet (2 versreëls) is. |
| 2. 'n klein oneindigheid lank hand-in-hand. | ❖ *klein oneindigheid* is 'n oksimoron wat 'n skynbare teenstrydigheid beteken. Die twee woorde lyk of hulle glad nie by mekaar pas nie, want oneindigheid is tog vir ewig en kan nie klein wees nie.<br>❖ Die spreker wil egter met dié oksimoron beklemtoon dat die klein rukkie van verwondering voel asof dit vir ewig gaan aanhou en nooit gaan ophou nie.<br>❖ Die kort strofe (2 versreëls) ondersteun die gedagte dat dit van korte duur gaan wees alvorens hulle na die werklikheid teruggeruk gaan word.<br>❖ Die kinderlikheid van die kleuters word geïllustreer deurdat hulle hand-in-hand staan en dit simboliseer voorts dat hulle verenig is in hul bewondering van die swaan. Hulle is bekoor deur wat hul sien. Vasgevang in droomwêreld.<br>❖ Die park en die kleuters word die beeld van die paradys en paradysmense. Die mens en natuur is in balans en suggereer die volmaakte. Mens en natuur in harmonie/balans.Paradys-gedagte |
| **Strofe 2 – die swaan** | |
| Die swaan word met onder andere liefde, natuurlike grasie, suiwerheid, skoonheid en opregtheid geassosieer. Die swaan is simbolies van die digter. Die swaan kombineer twee elemente: lug en water. Dit sluit aan by nog 'n simboliese betekenis van die swaan: dit is die simbool van skynheiligheid, want al het die swaan suiwer wit vere, is swaanvleis swarterig. | |
| 3. Smetloos geteken dryf die dubbelswaan: | ❖ Die swaan en sy silhoeët is smetloos (foutloos) in die water geteken (weerkaats), maar ook hier is die paradoks teenwoordig. Smetloos is voorgeplaas en beklemtoon die reinheid en sondeloosheid van hierdie *paradys*.<br>❖ *Dryf* dui op sonder enige inspanning.<br>❖ *Dubbelswaan* is 'n swaan met 'n tweeledige beeld vanweë 'n helder weerkaatsing in die water sodat die swaan soos 'n dubbelswaan lyk. Dit is 'n voorbeeld van 'n metafoor. |

DRAFT

| | |
|---|---|
| | ❖ Die swaan is *gesplete* (r.4), daar is ’n *dubbelvlerk* (r.5), *dubbelhals* (r.4) *dubbelswaan*” (r. 3) en die snawel is ook *vervals* (r. 6).<br>❖ Die water is so helder, dit lyk asof die swaan op sy weerkaatsing in die water dryf.<br>❖ Dubbelpunt: na die dubbelpunt volg ‘n beskrywing van hoe die swaan en sy silhoeët lyk. Na die dubbelpunt volg die kontras, want voor die dubbelpunt is die swaan *smetloos*, na die dubbelpunt is alles van die swaan *gesplete* of *dubbel*. |
| 4. gesplete hart van hals en dubbelhals, | ❖ *gesplete hart* – letterlik = Die ronding van die swaan se lyf. Met die weerkaatsing op die water lyk dit soos die tipiese prent van ‘n hart met ‘n streep deur die middel waar dit verdeel. Figuurlik = assosiasie met *gespletenheid*, d.w.s. dit kan dui op die twee kante van ‘n mens se persoonlikheid.<br>❖ Nie net is die uiterlike *gesplete* nie, maar ook die innerlike is deel van hierdie paradoks: *ge-splete hart* (r. 4). Dit is die spieëlbeeld/ weerkaatsing in die water wat hierdie gespletenheid veroorsaak.<br>❖ *Hals* is die nekgedeelte en die *dubbelhals* is die weerkaatsing van die hals. |
| 5. geskulpte vlerk met dubbelvlerk teenaan, | ❖ Geskulpte = waaiervormig<br>❖ Riffels van swaanvlerk lyk soos ‘n skulp. Dit is ‘n voorbeeld van ‘n metafoor.<br>❖ Dubbelvlerk teenaan is die weerkaatsing van die vlerk |
| **6.** geslote snawel deinserig vervals | ❖ *Deinserig* verwys na nie-helder of wasig terwyl *vervals* na verdraai of nagemaak verwys.<br>❖ Die snawel is verder van die water as die vlerk en weerkaats nie duidelik nie. Dit suggereer spanning tussen droom en werklikheid.<br>❖ Dit is nie die regte snawel wat ’n mens in die spieëlbeeld van die water sien nie.<br>❖ Die ontnugteringsidee word sterk na vore gebring deur die beginwoorde *gesplete* (r.4), *geskulpte* (r.5) en *geslote* (r.6). Hierdie opeenvolgende verlede deelwoorde wat uitgehef word as gevolg van hul prominente plasing aan die begin van die versreëls, dui op ’n vervaging van die droomwêreld: die snawel is *deinserig vervals* (r. 6) |

DRAFT

| | |
|---|---|
| **7.** met eenkant lug en water anderkant. | ❖ Op subtiele wyse word 'n volmaakte harmonie wat tussen die natuurelemente in hierdie reël heers, gesuggereer: *eenkant lug* en *water anderkant*.<br>❖ Werklikheid (swaan) teenoor illusie (weerkaatsing) is die kern hier.<br>❖ Kontras:<br>smetloos teenoor vervals<br>lug teenoor water |
| **Strofe 3 – die seuntjie loop weg** | |
| **8.** Versadig van die roerlose gesig | ❖ Die seuntjie word eerste moeg om na die swaanbeeld te kyk: *versadig* van die *roerlose gesig*. Hy het nou lank genoeg na die swaan gestaan en kyk. Hy raak verveeld met dié natuurwonder.<br>❖ Hier beëindig die seuntjie die volmaakte harmonie aangesien die wonder van dit wat hulle aanskou vir hom van korte duur was.<br>❖ Deur die prominente plasing van die woord *versadig* (r.8) (deur voorplasing en omgekeerde woordorde) aan die begin van die strofe, word die gedagte van genoeg gekyk, beklemtoon.<br>❖ *roerlose gesig* = die beweginglose, volmaakte prentjie waarna hulle kyk. |
| **9.** pluk hy – die seuntjie – plotseling aan haar hand | ❖ Hy *pluk…plotseling* in hierdie reël aan die dogtertjie se hand. Hierdie aksie dui op die seuntjie se ongeduld. *Pluk* dui daarop dat die dogterjie nog nie reg is om aan te beweeg nie, maar die seuntjie dwing haar.<br>❖ *Plotseling* beteken vinnig, skielik en onverwags.<br>❖ *die seuntjie* is 'n parentese, tussen die twee aandagstrepe, wat gebruik word om aan die leser te sê wie is die *hy* waarna hier in reël 9 verwys word. Die seuntjie word ook met die gebruik van die aandagstrepe uitgehef as die een wat die ewigheid versteur.<br>❖ Die allitererende pl-klanke ondersteun hierdie driftige terugruk na die werklikheid.<br>❖ Die volmaakte situasie word deur die seun, 'n man, versteur. Die vrou is die gevoelsmens, die sentimentele. |
| **10.** vir verdergaan, sleep haar tot ewewig | ❖ Hy pluk die dogtertjie se hand sodat hulle verder kan stap, terug na hulle gewone lewe, buite die park en weg van die swaan. *Sleep* suggereer die dogtertjie se onwilligheid om weg te breek van die verwondering wat sy vir die swaanbeeld het. |

DRAFT

| | |
|---|---|
| | ❖ *Ewewig* is sinoniem vir balans wat die bundeltitel is waarin die gedig verskyn.<br>❖ *sleep haar tot ewewig:*<br>o Letterlik: sorg hy dat sy nie omval nie.<br>o Figuurlik: Teruggeruk na die waarheid.<br>o Impliseer: die seun/'n man skroom nie om die dogtertjie/'n vrou hardhandig weg te ruk na die daaglikse lewe nie. Die vrou/ dogtertjie word veroordeel as sy te lank tyd met emosionele dinge mors. |
| **11.** as sy nog strompelend omkyk na die swaan. | ❖ Die dogterjie is onwillig en loop *strompelend* omdat sy nog na die swaanbeeld wil kyk.<br>❖ Die suggestie is dus dat sy nie wil gaan nie, maar die seuntjie dwing haar.<br>❖ Die dogtertjie bly kyk na die natuurbeeld, die droombeeld. Die seuntjie sien dit as ongebalanseerd: die *pluk* (r.9) laat haar *strompelend omkyk na die swaan* (r.11), maar die seun *sleep* (r.10) haar en dwing haar weer tot balans/ewewig. Die dogtertjie is dieper geraak deur hierdie droombeeld as die seuntjie. Persoonlikheidsverskil tussen man en vrou word hier uitgebeeld.Die woord *ewewig* spreek dus die titel aan. |

In *Women are from Venus, Men are from Mars* beweer John Gray dat mans en vrouens so verskillend van mekaar is, hulle kon net sowel van verskillende planete gekom het.

| Seuns / Mans | Meisies /Vrouens |
|---|---|
| ▪ Prakties.<br>▪ Gou ongeduldig.<br>▪ Sien nie maklik die mooi in dinge raak nie, of wil dit nie raaksien nie.<br>▪ Robuust.<br>▪ Probeer geskille oplos deur te baklei; raak maklik handgemeen.<br>▪ Dink net aan geld en aan vooruitgang in hulle werk.<br>▪ Gesels nie graag nie. | ▪ Glo, as dogtertjies, makliker aan sprokies.<br>▪ Gewoonlik rustig.<br>▪ Raak maklik opgewonde oor iets wat mooi is.<br>▪ Sag van geaardheid.<br>▪ Sal liewer stry en argumenteer as om handgemeen te raak.<br>▪ Sien makliker die ander kant van 'n saak in.<br><br>▪ Gesels lekker – ook oor ander mense. |

| **Strofe 4 – die stadsrumoer bly as werklikheid** | |
|---|---|
| **12.** Verby die bome druis die straatrumoer. | ❖ *Verby die bome* verwys na die werklikheid anderkant hierdie droombeeld of paradys.<br>❖ *druis straatrumoer* = dowwe, swaar geraas van die verkeer.<br>❖ Die versreël word tipografies alleen geplaas.<br>❖ Hulle sal nie vir ewig kinders kan bly nie en die oomblik van verwondering aan die |

DRAFT

| | |
|---|---|
| | natuurskoon kan nie vir altyd duur nie.<br>❖ *druis* = klanknabootsing: Die funksie is om die stadsgeraas ouditief te ervaar.<br>❖ Die spanning tussen droom en drif bereik nou 'n hoogtepunt.<br>❖ Die visuele ervaring van die droomwêreld van die natuur is *verby*. 'n Keerpunt word bereik.<br>❖ Klankmatig word die kinders weer bewus van die gewone stadsatmosfeer wat dreig om die droombeeld van die swaan op die water te verdryf.<br>❖ Die seun reik uit, weg van die natuur (die droomwêreld) na die werklikheid, die stad. Die werklikheid is vir die seun sterker.<br>❖ Hier word gesuggereer dat die seun hom meer op materiële waardes en vooruitgang sal rig – die straatrumoer het hom gou weggelok van die park.<br>❖ Die alleenplasing van reël 12 is hier opvallend. Die funksie hiervan is beklemtoning. Dit dui 'n oorgang aan, die einde van die spreker se letterlike waarneming en die einde van die kleuters se droomwêreld. |
| Strofe 4<br>Die park en die stad – hier is 'n wending. Na hierdie strofe begin die die spreker bespiegel of voorspel oor hoe die seuntjie en die dogtertjie ontwikkel. Die droombeeld se oomblik word deur die straatgeraas onderbreek. Jare van kindwees sal nie altyd duur nie. | |
| **Strofe 5 – die seuntjie as man** | |
| **13.** Van skopfiets tot trapfiets gepromoveer, | ❖ Vanaf reël 13 word die man se leefwêreld uitgebeeld.<br>❖ In hierdie strofe word die seun gesien as individu-in-beweging.<br>❖ *gepromoveer* = Die man word in die koue sakewêreld bevorder. Ironies word hy gepromoveer tot verbeeldingloosheid. |
| **14.** bromfiets tot motor, sal hy konstateer | Let op die progressie in hierdie strofe.<br>*konstateer* = verklaar, dit beteken bevestig.<br>Die formele vorm van die werkwoord wek die indruk dat die man plegtig, hoogdrawend en vol van homself is, omdat hy nou 'n duur motor besit. Dui ook op ' n onbuigsaamheid.Die wiel is simbool van realisme, die harde werklikheid. Die man is progressief gerig op vooruitgang: van "skopfiets" (kleuter) tot "trapfiets" (seun) tot "bromfiets" (jongman) tot "motor" (volwassene). |
| **15.** - die wiel sy ordeteken – dat hy lid | ❖ *Die wiel is nou sy ordeteken* = parentese<br>❖ Die gebruik van die aandagstrepe het 2 funksies: |

DRAFT

© Department of Basic Education 2019

| | |
|---|---|
| | o dit vertel die leser wat die man sal konstateer; en<br>o dit hef die inhoud van die statussimbool (die wiel) uit.<br>❖ Die wiel is sy *ordeteken*. Dit is die teken wat hom onderskei van die vrou. Dit is ook vir hom 'n statussimbool.<br>❖ Hoe meer luuks die wiel (motor) hoe hoër is die status wat jy geniet.<br>❖ Dit kan egter ook dui op die kunsmatige, mensgemaakte wêreld van tegniese prestasies. Daar is geen plek vir die droomwêreld nie. |
| **16.** is van die kollektiewe Lilliput. | ❖ Die woord kollektiewe dui op dit wat vir almal geld, die gemeenskaplike. Die woord hang saam met die woord kollektiewe: dit is iets wat tot almal se beskikking is.<br>❖ Lilliput: verwys na die fiktiewe eiland in die roman, Gulliver's Travels van Jonathan Swift, wat deur piepklein mensies bewoon is.<br>❖ Styllmiddele:<br>Antiklimaks volg ná die aandagstreep - `n sarkastiese en neerhalende siening deur 'n vrou van mense soos hy. Mans is lede van die gemeenskap of groep bestaande uit geestelike dwerge. Hulle is dus eintlik figuurlik klein mannetjies.<br>Antonomasia: `n Verwysing na die letterkunde Gulliver`s Travels verleen `n ekstra dimensie: sulke mans is soos dié wat op die eiland Lilliput woon.<br>Metafoor: Daar word na die man as `n geestelike dwerg verwys. Hulle lyk miskien groot en fors gebou, maar hulle wêreldjie is so klein, juis omdat hulle net op die hier en die nou konsentreer, net op hulle motors en op hul rykdom en materialisme, maar met geen waardering vir die kuns of die letterkunde, onder andere gedigte, nie. |
| **Strofe 6 – die dogtertjie kyk dieper** | |
| **17.** Maar sý sien webbe onderwater roer. | ❖ Maar dui op die kontras tussen 'n man en 'n vrou en bring dus ook die wending in die gedig.<br>❖ *sý* = die dogtertjie: sy sien verder en dieper as dit wat hier en nou gebeur. Sy is sensitief, fyngevoelig. Sy het vroulike intuïsie. Die vrou is bewus van onderstrominge waarvoor 'n man volgens die spreker blind is. |

| | |
|---|---|
| | ❖ *Webbe* = swemvliese van ’n voël se poot<br>❖ In hierdie versreël word die vrou gekarakteriseer as die sensitiewe geslag, hulle reageer emosioneel sterker as mans.<br>❖ Die dogtertjie sien *webbe onderwater roer* en die vrou se leef- en droomwêreld word ook versteur. Dit sal dalk die laaste dag wees wat die dogtertjie so sal kan staan met *grondlose verwondering.* Die vrou word uit haar droomwêreld geruk en ontnugter. |
| **Strofe 7 – die laaste dag van staar** | |
| **18.** Miskien is dit die laaste dag van staar | ❖ Die spreker spekuleer dat dit moontlik (miskien) die laaste dag van verwondering sal wees: niks anders word raakgesien nie, die staar na die swaanbeeld is sonder enige doel. Moontlik dui dit daarop dat die tydperk van sinnelose verwondering verby is en dat die dogtertjie die werklikheid moet aanvaar. |
| **19.** en grondelose verwondering. Wat sou | ❖ *grondelose verwondering* = grondelose: letterlik kon hulle nie die grond van die meer sien nie; hulle gedagtes sweef/dryf soos die swaan wat nie die grond raak nie. Dit impliseer om wonders te ervaar, berus nie op rede of intellek nie. Daar is nie grondige rede vir verwondering nie.<br>❖ *verwondering*: verbasing; jou verwonder aan iemand; verstom wees |
| **20.** hý, weerloos wordend, wees oor dertig jaar? | ❖ *weerloos wordend* = Allitererende w-klanke en assonerende o-klanke. As kleuter is hy weerloos. As hy groter word, word hy weerbaar.<br>❖ Hy kan nie keer hoe hy later sal ontwikkel nie.<br>❖ Die akuutteken op *hý* beklemtoon dat die volwasse man nie sal kan verhoed of keer hoe hy ontwikkel nie. |
| **21.** ’n Saaklike barbaar, ’n fyn sadis, | ❖ Die stam van saaklike*, naamlik* saak herinner aan die sakewêreld.<br>❖ barbaar = *onpersoonlike, onverfynde persoon*<br>❖ Oksimoron*: saaklike barbaar*<br>❖ *fyn sadis* = ’n persoon wat lekker kry/voel wanneer iemand anders swaarkry. |
| **22.** ’n doktrinêre Hollandse meneer? | ❖ *doktrinêre*= wil nie erken dat hy verkeerd is nie.<br>❖ Hoe sal die seuntjie uiteindelik wees? ’n Gewone, tipiese Hollander of Nederlander of ’n doktrinêre Hollandse meneer, d.w.s. |

DRAFT

| | |
|---|---|
| | iemand wat oor niks sal twyfel nie en wat sal reken dit waaraan hý glo, die beste is.<br>❖ Bogenoemde staan alles in die teken van verandering/vorming wat die kind onder die invloed van die beskawing ondergaan. |
| **23.** En sý 'n druk slagvaardige mevrou | ❖ *druk* = bedrywig<br>❖ *slagvaardige* = slaggereed<br><u>Hoe sal die dogtertjie uiteindelik wees?</u><br>Waarskynlik 'n vrou wat baie besig is, waarskynlik sonder tyd om na die "swane" van die lewe te kyk (verloor dus die vermoë). |
| **24.** met 'n allure van dít-is-soos-dit-is? | ❖ Allure = die dogtertjie gaan 'n houding van beterweterigheid hê, van *dit-is-soos-dit-is*. Die dogtertjie gaan in 'n aanstellerige, hooghartige, selfversekerde vrou verander, iemand wat seker is van haar saak. |
| **Strofe 8 – die swaan bly oor sy dubbelbeeld gekeer** | |
| 25. Die swaan bly oor sy dubbelbeeld gekeer. | ❖ *bly* = dui aan dat die skoonheid/mistieke sal bly voortbestaan<br>❖ <u>Dubbel</u>beeld = *Weerkaatsing*<br>❖ Daar is mense in die wêreld wat nie die skoonheid kan (of wil) raaksien nie as gevolg van hul najaag na vooruitgang.Tog sal die skoonheid steeds daar wees vir diegene (soos die digter en ons as lesers) wat dit wel kan raaksien en waardeer.<br>Die *swaan*, sowel as die woord, *dubbelbeeld*, beklemtoon die teenstrydigheid en ook die tweespalt tussen die man en die vrou. Dit sal (ongelukkig) bly voortbestaan. |
| **Strofe 8**<br>❖ Die strofe handel oor die swaan. Dit word deur alleennplasing uitgehef. Die swaan is simbolies van 'n droom of 'n fyner emosie waaroor mans volgens die spreker in hierdie gedig nie beskik nie. Ambisie en sukses in die beroepslewe is vir die mens natuurlik, maar iewers gaan die "onsigbare dinge" in die natuur verlore. Die mens verander, maar die wonder van die natuur bly. | |
| Titel: Twee kleuters in die Vondelpark<br>❖ Die Vondelpark is die grootste park in Amsterdam, Nederland. Die bepaalde lidwoord dui daarop dat dit 'n spesifieke park is. Twee kleuters sluit aan by die inhoud van die gedig. Die twee kleuters is in botsing met die volmaakte natuur (park). In die titel lê reeds die implikasie van botsing: mens en natuur, kultuur en natuur, droom en werklikheid, man en vrou**.** Die titel word in die eerste reël herhaal. | |

### 3. Tema en boodskap

Tema: Dit gaan in die gedig oor die ontwikkelingsproses van jeug tot volwassenheid, 'n proses waarin die mens deur die tyd gevorm en vervorm word en 'n sekere lewenshouding aankweek teen

© Department of Basic Education 2019

die mens en die wêreld om hom. En meer spesifiek gaan dit om die wesenlike verskille tussen man en vrou en die waarskynlike verlies van die droom mettertyd. Die skoonheid, idealisme en ewige waardes sal altyd daar wees. 'n Mens moet dit net raaksien, aangryp en deel van jou lewensfilosofie maak.

Subtemas kan een van die volgende wees:

- Die stryd tussen denke en gevoel
- Die verskil tussen man (intellektueel) en vrou (emosioneel)
- Die mens wat verander, soos hy ouer word
- Waardering vir skoonheid teenoor materialisme.

Boodskap: Kinders kan vergeet om die goeie dinge in die lewe te waardeer./Die lewe kan kindwees onherroeplik verander./Die lewe gaan onskudige kinders se onskuld wegneem./ Die skepping bly volmaak, maar deur die optrede van die mens word dit geskend.

**25. Beeldspraak en styfigure**

| Reël | Beeldspraak en stylfigure | |
|---|---|---|
| **1,25** | bly | Die herhaling van *bly* in die slotversreël sluit aan by *bly staan* in r.1, maar verwys na die swaan wat konstant bly. |
| **1,22,23** | twee kleuters, meneer, mevrou | Progressie: Sluit aan by tema nl. soos wat die kinders grootword, verloor hulle die vermoë om verwondering te ervaar, asook hulle balans met die natuur, mekaar en in hulself. Albei word lede van die verbeeldinglose establishment. |
| **2** | kl<u>ei</u>n on<u>ei</u>ndigh<u>ei</u>d | Oksimoron:tydelike/ kortstondige vasge-vangenheid in 'n droomwêreld word beklemtoon.<br>Assonansie: herhaling van ei-klanke |
| **3** | <u>d</u>ryf <u>d</u>ie <u>d</u>ubbelswaan | Alliterasie: Herhaling van d-klanke. Beklemtoon die swaan se beweging, dryf sonder enige inspanning asook die rustige stemming. |
| **3-5** | dubbelswaan...dubbelhals...dubbelvlerk...<br>eenkant, anderkant<br>hals, dubbelhals | Herhaling van *dubbel-*, *kant* en *hals*: Dit beklemtoon die rustige beweging van die swaan. |
| **4** | gesplete hart | Metafoor: die nek van die swaan lyk soos die helfte van 'n hart ('n hart in twee gedeel). |
| **5** | geskulpte vlerk | Metafoor: Die vlerk lyk soos 'n skulp. |
| **9** | <u>p</u>luk... <u>p</u>lotseling... | Alliterasie: beklemtoon die hardhandige beweging/optrede van die seuntjie. |
| **12** | verby die bome druis die straatrumoer | Klanknabootsing gee die stadsgeraas weer.<br>Kontras: die bome (die park) staan in |

| | | |
|---|---|---|
| | | kontas met straatrumoer (die stad). Die natuurlike en idiliese beeld van die swaan en die park met water word in kontas gestel met die werklikheid van die stad en die straatrumoer. |
| **13-14** | skopfiets tot trapfiets gepromoveer,<br>bromfiets tot motor | Progressie: As ‘n seuntjie groot word, sal hy vorder na meer gevorderde vervoermiddele, statussimbole vir mans.<br>Ironie: dit verklein die seuntjie se wêreld tot die geestelike kleinlike. |
| **16** | is van kollektiewe Lilliput | Metafoor: Dit beklemtoon dat daar gewag word dat die seuntjie een van die massa kleinlikes gaan word. Ook ‘n voorbeeld van antonomasia. |
| **20-22** | hý, weerloos wordend, wees oor dertig jaar?<br>’n saaklike barbaar, ’n fyn sadis,<br>’n doktrinêre Hollandse meneer? | Retoriese vrae: bevestig dat daar gewonder word wat eendag van die seuntjie gaan word. |
| **21** | saaklike barbaar | Ironie: a.g.v die opvoedingsinvloed word die seuntjie ‘n barbaar wat nie in die fyner dinge van die lewe belangstel nie, sien dit nie raak nie. |
| **24** | en sy ’n druk slagvaardige mevrou<br>met ‘n allure van dit-is-soos-dit-is? | Kontras: Verwys na die verloor van die verwondering en onskuld. Die onskuldige dogtertjie gaan verander in ‘n selfversekerde vrou, niemand kan haar van mening laat verander nie. |
| **25** | die swaan bly oor sy dubbelbeeld gekeer | Paradoksale beeld: die skoonheid van die natuur sal bly voortbestaan, maar dit hang van die mens af of hy dit gaan raaksien en waardeer. Die verskil tussen man en vrou sal altyd daar wees. |

**6. Toon en stemming**

Toon: By die seuntjie word ‘n gevoel van ongeduld beleef onderwyl die dogterjie ‘n rustigheid/ droomverlorendheid openbaar.

Stemming**:** Daar heers ‘n rustige/stil/goddelike/vredevolle stemming. Die dogtertjie se verwondering word later met sinisme/bitterheid afgewissel.

© Department of Basic Education 2019

**Aktiwiteit 3**

**Lees weer die gedig en beantwoord dan die vrae:**

| | | |
|---|---|---|
| 1 | Wat word die strofe wat uit versreëls 1 en 2 bestaan, genoem? Gee die woord in die titel waarby dié strofebou aansluit. | (2) |
| 2 | Haal die oksimoron wat in versreëls 1 tot 2 voorkom, aan. | (1) |
| 3 | Herlees versreëls 3 tot 6.<br>Haal woorde aan wat illusie teenoor werklikheid stel. Noem TWEE ander funksies van dié kontrasterende woorde. | (3) |
| 4 | Waarom is die volgorde van dié woorde *skopfiets*, *trapfiets*, *bromfiets*, *motor* (in versreëls 13 tot 14) effektief in konteks vir die strofe? | (1) |
| 5 | Benoem die beeldspraak in versreël 16. | (1) |
| 6 | Herlees versreëls 12, 17 en 25.<br>Dink jy die tipografiese alleenplasing van dié drie versreëls is funksioneel? Motiveer jou antwoord met TWEE redes. | (2) |
| | | **[10]** |


| | **NASIENRIGLYNE** | |
|---|---|---|
| 1 | Koeplet ✓<br>Twee ✓ | (2) |
| 2 | ('n) klein oneindigheid (lank) ✓ | (1) |
| 3 | hals teenoor dubbelhals/<br>geskulpte vlerk teenoor dubbelvlerk/<br>"geslote snawel" teenoor "deinserig vervals" ✓<br>*Die kandidaat moet die woorde wat kontrasteer (illusie teenoor werklikheid), aanhaal. Indien die kandidaat die versreël aanhaal, moet die kontrasterende woorde onder-streep/uitgehef wees.*<br>Die natuurbeeld dui op die tweeledigheid van mense/die man en vrou wat verskil.<br>Dit beeld die verskil in skoonheidsbelewing tussen seun/man en dogter/vrou aan.<br>Dit dui op die gebalanseerde natuur teenoor die ongebalanseerde mensdom. ✓✓<br>*Die kandidaat bied TWEE soortgelyke antwoorde vir EEN punt elk aan.* | (1)<br><br>(2) |
| 4 | Dit dui (progressief) op die man wat op vooruitgang gerig is./<br>Dit dui op die seun wat oorgaan na volwassenheid./<br>Dit sluit aan by die feit dat die man geken word aan sy voertuig – "die wiel sy ordeteken."/<br>Dit beklemtoon die ironie in die feit dat die progressie van "skopfiets" tot "motor" die man se wêreld verklein tot 'n "Lilliput" (versreël 16). ✓<br><br>Die kandidaat bied 'n soortgelyke antwoord vir EEN punt aan. | (1) |
| 5 | Metafoor/Antonomasia ✓<br>*Vir hierdie aktiwiteit sal antonomasia aanvaar word a.g.v. die KABV-verwysing op p. 94; dit is in werklikheid 'n stylfiguur.* | (1) |

| | | |
|---|---|---|
| 6 | Ja.<br>Dit beklemtoon die drie wêrelde wat in die gedig ter sprake is, nl. die man se wêreld, die vrou s'n en die natuur./<br>Dit hef die verskille tussen die seun en dogter se wêrelde teenoor die natuur uit./<br>Dit versterk die idee dat die natuur/skoonheid onaangetas bly ten spyte van die verskille tussen man en vrou./<br>Dit beklemtoon dat die natuur/skoonheid onaangetas/ongeskonde bly, maar dat die mens die ewewig versteur./<br>Dit beklemtoon dat die verskille tussen man en vrou se wêrelde sal voortduur./<br>Die droom en die werklikheid sal bly voortbestaan. √√<br>*Die kandidaat bied TWEE soortgelyke antwoorde vir EEN punt elk aan.*<br>*Die kandidaat kan nie 'n NEE-antwoord aanbied nie.* | (2) |

DRAFT

# Gedig 4

# ‘n brief van hulle vakansie – Breyten Breytenbach



**Geboortedatum en –plek:** Breytenbach is op 16 September 1939 in Bonnievale in die Oos-Kaap gebore. Sy ouers was Hans en Kitty Breytenbach. Hy het hulle as Oubaas en Ounooi aangespreek.

**Letterkundige werke en prestasies:** Sy debuutbundel, *Die ysterkoei moet sweet,* kan as een van die grootste vernuwende werke van die tyd gesien word. In 1975 word hy gearresteer en tot 9 jaar tronkstraf gevonnis vir hoogverraad. Tydens sy tronkstraf skryf hy 5 digbundels, dit moes na voltooiing aan die gevangenisowerhede oorhandig word. Die manuskripte is by sy vrylating aan hom oorhandig. In die jare wat volg ontvang Breyten nog vele toekennings. Hy sterf op 17 September 2019.

**‘n brief van hulle vakansie – Breyten Breytenbach**

***vir oubaas*:**

Noudat ek uitgeswel van lyf is kan ek treur
oor die eelte van my vader, die lugoë van my ma,
die skamel offerandes van hulle gebede as hulle my
op die knieë van hul Gij Here God lê;

noudat ek agter ’n baard kou kan ek huil
as hulle snags my naam fluister met die ruite
donker knippende oë in die wind, oor die visolie
vir my griep, die ingelegde perskes (albertas) op die rak

In sy sestigste jaar swem my pa in Stilbaai se see
en stap myle ver oor die sand met sy reguit bene
in ’n kortbroek en speel krieket op die duine
en eet alikruikels in die Sea View-losieshuis

want hys ’n bokser dokter boer
’n kaptein en ’n held ’n indoena tussen grysaards -
En as die reën soos ‘n gesluierde bruid oor die see kom
word die lieflinghond (Trixie) lam;

drie dae veg die veearts en buig dan die knie
en hulle dra die lyk terug na Kafferskuilsrivier
die plaas van hulle jong liefde en plant die saad
’n soenoffer in die diep grond se skoot

DRAFT

© Department of Basic Education 2019

want nou is hulle minnaars
stil bome in die najaar met die wind
strelende drome in die takke
onder komete leeftye lang wêrelde
My ooms sterf soos kapok in die son
hartaanval beroerte kanker en tering
en my pa word stiller en meer verskriklik
van dop tot dop

Hier waar die harde winters en nat somers
my lyf ongenaakbaar skil, treur ek oor
die soet hart van my moeder
my pa se stil en bitter krag

Uit: *die ysterkoei moet sweet,* Afrikaanse Pers-Boekhandel, 1964

**Woorde in die gedig**

| **Woord** | **Betekenis** |
|---|---|
| noudat | Aangesien |
| uitgeswel | Dikker (letterlik) of volwasse (figuurlik) |
| treur | Hartseer wees |
| eelte | Verdikking van vel veroorsaak deur wrywing |
| skamel | Min, ontroereikend, gebrekkig, nie genoeg nie |
| offerhandes | Iets wat geoffer word |
| elbertas | Soort perske |
| alikruikel | Skulpslak |
| indoena | Persoon wat as kundige/leier beskou kan word |
| grysaards | Oumense of bejaarde mense |
| soenoffer | ‘n Offer wat gebring word om sondes te versoen, boetedoening |
| minnaars | Verhouding buite die huwelik tussen geliefdes |
| najaar | Winter |
| strelende | Liefkosend stryk |
| komete | Hemelliggame met verligte sterte/sterre met rooi sterte, dwaalsterre wat ook as onheilbodes gesien kan word. |
| lang | Uitgestrekte tydperk |
| verskriklik | Baie erg, vreeslik, ontsettend |
| ongenaakbaar | Hard,op ‘n afstand hou, liefdeloos, sonder genade |
| skil | Gestroop |
| Meervoude: drome,takke,komete,leeftye,wêrelde | Dui op die mens se nietigheid en sterflikheid teenoor die heelal. |

**Opsomming van die gedig**

***vir oubaas***:

Hy dra sy gedig op/hy het sy gedig “vir oubaas” geskryf, dit wil sê,vir sy pa.
Breytenbach se troetelname vir sy ouers was *Oubaas en Ounooi.*
Die persoon wat in die beskrywing van die vakansie veral genoem word, is sy pa.

DRAFT

© Department of Basic Education 2019

Hy noem ook sy pa heel eerste en heel laaste in die gedig.
Die pa-figuur staan dus sentraal in die gedig.
Dui op respek en liefde vir sy pa.

**STROFE 1**
Die ek-spreker het hier reeds groot geword. Hy dink in teerheid terug aan sy hardwerkende vader en sy moeder met die helder oë wat hom in hul gebede opgedra het aan God.

**STROFE 2**
Noudat die spreker reeds volwassenheid bereik het, vul sy ouers se sorgsaamheid hom met hartseer. Hy onthou hul onrus in die laat nagte, hul versorging wannneer hy siek was asook hul liefdevolle voorbereiding van voedsel.

**STROFE 3**
Die strofe is 'n herinnering van 'n vakansie op Stilbaai. Toe was sy pa sestig jaar oud en 'n aktiewe mens. Hy swem in die see, stap myle ver, speel krieket en eet skulpslakke.

**STROFE 4**
Sy pa is vir hom 'n held, bokser, indoena. Hy onthou ook vir Trixie, die lieflinghond, wat siek word en doodgaan. Trixie word simbool van die lotsbestemming van alle lewe en die oudwordproses.

**STROFE 5**
Die veearts veg drie dae om die hond se lewe. Trixie word as soenoffer in die grond by Kaffers-kuilrivier begrawe. Op simboliese vlak word die dooie hond die saad waaruit die lewe kom.

**STROFE 6**
Die ouers herleef hul jong liefde met die dood van die hond. Hulle beleef dit as die afstaan van 'n kind en word weer minnaars in hul ouderdom. Die mens leef onder komete, leeftye, lang wêrelde: die meervoud stel die groot hemelse en aardse sake waaronder die nietige mens gestel is.

**STROFE 7**
Die uitgelewerdheid van die mens word aangespreek deur die verskillende siektes wat tot die dood lei.

**STROFE 8**
Die spreker dui sy wêreld aan met die woord *hier.* Hy is ook besig om oud te word en treur oor die oudwordproses waaraan die mens blootgestel is.

### 1. Soort gedig

Hierdie gedig is 'n voorbeeld van 'n eligie of treurgedig. Dit is 'n treurlied oor die skeiding tussen ouers en kind(ers). Die spreker treur oor die aftakeling wat ouderdom veroorsaak en die uiteindelike lotsbestemming of dood van die mens. Die gedig is ook 'n vrye vers aangesien daar nie 'n vaste rymskema en vaste metrum is nie. Ook die versreëls wissel in lengte.

### 2. Analise

| | |
|---|---|
| Titel:<br>'n brief van hulle vakansie | ❖ *'n* – is 'n onbepaalde lidwoord: dui op enige universele brief.<br>❖ *brief* – 'n geskrewe mededeling deur die pos, dui op afstand.<br>❖ *hulle* – verwys na die spreker se ouers |

© Department of Basic Education 2019

| | |
|---|---|
| | ❖ *Vakansie* – gewoonlik 'n kommervrye tyd of gesinstyd |
| **STROFE 1** | |
| 1. Noudat ek uitgeswel van lyf is kan ek treur | ❖ *Noudat* = dui `n tydsverloop aan. Die suggestie is dat die spreker hulle nie vroeër waardeer het nie.<br>❖ Die woord *noudat* word uitgehef/beklemtoon deur (a) voorplasing en (b) omdat dit met `n hoofletter geskryf is.<br>❖ *uitgeswel van lyf* = (letterlik) groot gebou, nie meer 'n jong seun nie/dalk ook vet of geset en (figuurlik) hy is nou groot, 'n volwssene en nie meer 'n seun nie.<br>❖ Waarskynlik beteken dit noudat hy volwasse is en ook nie meer by hulle in die huis is nie. Dit sluit aan by die 1ste versreël van strofe 2: *Noudat ek agter baard kou*.<br>❖ *treur*: Nou kan hy sy ouers waardeer en hulle innig jammer kry, d.w.s. met empatie aan hulle dink.<br>❖ Hy het hulle opofferings en liefde nie genoeg waardeer toe hy jonger was nie.<br>❖ *treur* – hy is baie hartseer omdat sy ouers so baie vir hom opgeoffer het. Dit hou verband met *huil* in versreël 5. |
| 2. oor die eelte van my vader, die lugoë van my ma, | ❖ *Eelte*: harde plekke aan die vel. Eelte dui daarop dat sy pa baie hard gewerk het en kan ook daarop dui dat hy oud is, want eelte kan ook weens ouderdom vorm.<br>❖ *lugoë van my ma:* beteken dat sy ma blou oë het wat lyk of sy ver kyk /omdat sy nie meer so jonk is nie, is haar oë dalk dof en leeg.<br>❖ *lugoë van my ma*: 'n metafoor: sy ma se blou oë word gelykgestel aan lugoë omdat lug blou is. |
| 3. die skamel offerandes van hulle gebede as hulle my | ❖ *Skamel:* min, weinig of nie genoeg nie.<br>❖ *Offerandes:* iets waardevols wat jy offer of aanbied as geskenk aan God.<br>❖ Dit is wat sy ouers op hulle knieë vir hom gedoen het: hulle het vir hom, hulle seun, gebid.<br>❖ *skamel offerandes* – dit beteken dat sy ouers nie baie gehad het om te bied nie, slegs hulle gebede of hy wat tekort geskiet het. |
| 4. op die knieë van hul Gij Here God lê; | ❖ *hul*: dit impliseer dat hyself nie meer 'n Christen is nie, dat hy nie in hulle Here God glo nie, hulle bid dus vir hom hoewel hy nie glo nie.<br>❖ *Gij* = outydse Nederlandse aanspreekvorm i.p.v. "U" |
| **STROFE 2** | |
| 5. noudat ek agter 'n baard kou kan ek huil | ❖ Hy het ouer geword.<br>❖ Die spreker kan nou eers, noudat hy ouer is, hartseer word omdat sy ouers hom as kind so goed versorg het en hy dit nooit besef het nie.<br>❖ *huil* – hou verband met *treur* in versreël 1. |

DRAFT

| | |
|---|---|
| | ❖ Enjambement – versreël 4 loop oor in versreël 5 sonder `n leesteken. Die funksie is dat dit as bindmiddel tussen die reëls dien wat oor een gedagte gaan. |
| 6. as hulle snags my naam fluister met die ruite | ❖ *ruite* = vensterglas<br>❖ *hulle* = sy ouers<br>❖ *snags my naam fluister:* Hy weet hulle praat saggies saans oor hom (waarskynlik oor hulle bekommernisse of oor hoe hulle na hom verlang) en die gedagte daaraan wil hom laat huil.<br>❖ *Enjambement (soos reël 4 & 5)* |
| 7. donker knippende oë in die wind, oor die visolie | ❖ *donker knippende oë*: Metafoor, want die ruit van die vensters word gelykgestel met donker knippende oë.<br>❖ *donker knippende oë:* ook personifikasie, want ruite kry die menslike eienskap van oë wat in die wind knip.<br>❖ Hy huil oor en verlang selfs na die visolie (lewertraan) wat hy as kind moes drink vir griep.<br>❖ Enjambement: die funksie is dat dit as bindmiddel dien tussen reëls 7 en 8 wat steeds oor sy siekwees aan griep, gaan. |
| 8. vir my griep, die ingelegde perskes (albertas) op die rak | ❖ *ingelegde perskes*: perskes wat saam met 'n suikerstroop gekook en dan gebottel is<br>❖ *ingelegde perskes (albertas):* 'n parentese - in die hakies word meer inligting gegee oor dit wat voor die hakies staan; in hierdie geval onthou hy nog die naam van die perskes.<br>❖ *albertas*: groot lospit-perskes<br>❖ Hy huil oor en verlang ook na die produk van sy ma se harde werk: rye bottels ingelegde perskes. (Hy kan nog die naam van die soort perskes onthou: *albertas*).<br>❖ *op die rak*: dui aan dat huis 'n spens het. |
| **STROFE 3** | |
| 9. In sy sestigste jaar swem my pa in Stilbaai se see | ❖ *In*: Dié strofe begin met 'n hoofletter om die indruk te skep dat dit die begin van 'n nuwe paragraaf is in die *brief van hulle vakansie*.<br>❖ Die spreker beskryf sy pa in versreël 9 tot 12 waar hy vakansie hou asof hy 'n brief lees wat hulle (sy ouers) vir hom geskryf het. In hierdie versreël noem hy vol verwondering dat sy pa op 60-jarige ouderdom nog in die koue see van Stilbaai swem.<br>❖ Enjambement: Die funksie is dat dit die versreëls saam tot 'n eenheid bind. Dit verleen ook 'n vloeientheid aan die strofe en dui beweging aan. Dit suggereer dat sy pa op sestig nog aan die gang was.<br>❖ Halfrym/klankeffek: die s-alliterasie verwys na die geruis van die see en beklemtoon daardeur die see-atmosfeer<br>❖ *Stilbaai*: 'n gewilde vakansieplek op die walle van die |

© Department of Basic Education 2019

| | |
|---|---|
| | Goukou-rivier aan die Kaapse Suidkus, op die tuinroete. |
| 10. en stap myle ver oor die sand met sy reguit bene | ❖ *myle*: 'n hiperbool om aan te dui dat sy pa nog sterk genoeg was om lang ente op die strand te stap.<br>❖ *reguit bene*: dit wys dat sy pa nog sterk is en sy bene nog nie van ouderdom verkrom het nie.<br>❖ Dié beelde help om sy heldeverering vir sy pa uit te beeld en te beklemtoon. |
| 11. in 'n kortbroek en speel krieket op die duine | ❖ *kortbroek* – Hy sien sy pa nog in sy geestesoog met sy kortbroek (nog jonk van gees).<br>❖ *speel krieket op die duine*: Hy speel krieket op die duine, dalk met sy kleinkinders of ander ooms vol energie en lewenslus. |
| 12. en eet alikruikels in die Sea View-losieshuis | ❖ *alikruikels*: 'n alikreukel is 'n eetbare, groot skulpslak wat jy in die water op rotse kry.<br>❖ *losieshuis*: 'n gebou waarin mense, teen betaling, gehuisves word en van etes voorsien word. Dit is minder deftig as 'n hotel. Vandag staan dit as 'n *lodge* bekend. |
| In sy sestigste jaar swem my pa in Stilbaai se see<br><br><u>en</u> stap myle ver oor die sand met sy reguit bene<br><br>in 'n kortbroek <u>en</u> speel krieket op die duine<br><br><u>en</u> eet alikruikels in die Sea View-losieshuis | **RETORIESE MIDDEL**<br><br>❖ Polisindeton: dit is die herhaling van die voegwoord *en.*<br>❖ Funksie: om elke ding wat hy opnoem, wat sy pa tydens die vakansie doen, afsonderlik/individueel te beklemtoon.<br>❖ Funksionaliteit: Dit skep die indruk dat sy pa ten spyte van sy 60-jaar nog steeds sterk is. |
| **<u>STROFE 4</u>** | |
| 13. want hy's 'n bokser dokter boer | ❖ *Want* – na dié voegwoord word daar gewoonlik redes verskaf vir dit wat voor die voegwoord staan. Hy gaan met ander woorde nou redes verskaf vir sy pa se doen en late tydens die vakansie soos genoem in strofe 3.<br>❖ Daar is geen kommas tussen die persoonsname nie en dit word enumerasie of die opnoemtegniek genoem. Dit veroorsaak dat dit vinniger gelees word. |
| 14. 'n kaptein en 'n held 'n indoena tussen grysaards - | ❖ *indoena*:*(Nguni) leier, kundige*<br>❖ Sy pa is sterk, slim, 'n leier onder sy tydgenote of in die omgewing.<br>❖ Sy pa word hiperbolies (oordrewe) uitgebeeld in versreëls 13 en 14 om die spreker se bewondering vir sy pa te illustreer.<br>❖ Hierdie bewondering vir sy pa is omdat sy pa, ten spyte |

DRAFT

| | |
|---|---|
| | van sy ouderdom, nog gefokus, vol krag en energie is. |
| 15. En as die reën soos ’n gesluierde bruid oor die see kom | ❖ Die volgende nuus in hulle brief volg na die voegwoord en in versreël 15.<br>❖ Hier begin ons lees van sy ouers se hond, Trixie, wat dood is.<br>❖ *soos ’n gesluierde bruid*: ‘n vergelyking, want die reën wat saggies neerval, word met die sluier van `n bruid vergelyk.<br>❖ *Reën* en *bruid* is simbole van vrugbaarheid en geluk. |
| 16. word die lieflinghond (Trixie) lam; | ❖ Sy ma skryf in die brief dat hulle hond, Trixie, siek geword het.<br>❖ *(Trixie):* die hakies dui aan dat dit ‘n parentese is, wat jou vertel wat die hond se naam is. Dit herinner die leser dat dit ‘n brief is wat die spreker lees en die idee pas daarom aan by die titel.<br>❖ Die parentese kan ook moontlik impliseer dat hulle meer as een hond gehad het en die ma wou seker maak hy (die leser) weet watter hond siek geword het.<br>❖ *Lam*: waarskynlik nie regtig verlam nie, maar te siek om op te staan. |
| **STROFE 5** | |
| 17. drie dae veg die veearts en buig dan die knie | ❖ *Versreël 15 – 20 gaan oor dood van ouers se hond.*<br>❖ Die lieflinghond (Trixie) het lam geword en al het die veearts drie dae geveg om haar lewe te red, is Trixie dood.<br>❖ *buig dan die knie:* die spreekwoord *om die knie te buig* beteken jy verloor die stryd: die veearts het die stryd namens die hond teen die dood verloor. |
| 18. en hulle dra die lyk terug na Kafferkuilsrivier | ❖ *hulle:* sy ouers<br>❖ Hulle gaan begrawe die hond.<br>❖ *lyk:* In plaas daarvan om na die karkas van die hond te verwys, word daar na die oorskot van die hond as ‘n *lyk* verwys. Die funksie is dat die dood versag word en personifieer die hond (die hond is soos `n mens – hulle kind).<br>❖ *Kafferkuilsrivier*: staan nou bekend as die Goukou-rivier en loop deur Stilbaai. |
| 19. die plaas van hulle jong liefde en plant die saad | ❖ Die hond word op die plek begrawe waar die ouers as jong geliefdes mekaar bemin het, op die plaas op die walle van die Kafferkuilsrivier.<br>❖ Die hond se lyk wat hulle begrawe, word gesien as die *saad* wat hulle *plant* wat dus kan lei tot lewe, groei en vrugbaarheid. |
| 20. ’n soenoffer in die diep grond se skoot | ❖ *soenoffer:* ‘n offer wat gebring word om sondes te vergewe.<br>❖ Dit word gesien as *‘n soenoffer in die diep grond se skoot*.<br>❖ Die *skoot* kan verwys na die moederskoot (moederaarde) |

DRAFT

| | |
|---|---|
| | en kan sinoniem wees vir die baarmoeder, die plek waar nuwe lewe begin. |
| **<u>STROFE 6</u>** | |
| 21. want nou is hulle minnaars | ❖ *want:* Hierdie strofe, net soos strofe 4, begin met die voegwoord *want*.<br>❖ Die spreker sien sy ouers nou as *minnaars*. Hulle is dus nou, in die najaar, m.a.w. in die herfs van hulle lewens is hulle steeds lief vir mekaar.<br>❖ Hierdie versreël is 'n heenwysing na die dood, want dit sluit aan by Trixie se lyk wat as saad in die grond geplant is, wat nuwe lewe impliseer. Die dood word dus as `n vrugbare, leweskenkende proses gesien. |
| 22. stil bome in die najaar met die wind | ❖ *stil bome in die najaar*: Hier word die ouers metafories gelykgestel aan *stil bome in die najaar*.<br>❖ *najaar*: Hulle het oud geword en leef in die najaar (herfs) van hulle lewens. |
| 23. str<u>e</u>l<u>e</u>nd<u>e</u> drom<u>e</u> in die takk<u>e</u> | ❖ Klankeffek/halfrym: die e –alliterasie.<br>❖ Funksie: dit versag die gedagte van die mens se nietigheid en sterflikheid. |
| 24. onder komete leeftye lang wêrelde | ❖ *Komete*: hemelligame met 'n stert.<br>❖ Die spreker se ouers word uitgebeeld as deel van 'n groter skepping, want hulle lewe as deel van die gang van komete, van groter sterrestelsels of ander lewenskringe of wêrelde. Die komete is die simbool van verskietende wesens. |
| **<u>STROFE 7</u>** | |
| 25. My ooms sterf soos kapok in die son | ❖ Die tema van hierdie strofe in een sin is: *Dit gaan oor die dood*.<br>❖ Familie en vriende van sy ouers se ouderdom sterf.<br>❖ *soos kapok in die son*: 'n vergelyking. Die beeld wat gebruik word, is geslaagd en treffend, omdat die woord kapok in Suid-Afrika dikwels gebruik word vir sneeuvlokkies.<br>❖ Die beeld beklemtoon hoe vinnig sy ooms (een na die ander) doodgaan: so vinnig soos wat kapok in die Suid-Afrikaanse son smelt en in die grond insak. |
| 26. hartaanval beroerte kanker en tering | ❖ Daar is geen kommas tussen die siektes nie en dit is weereens 'n voorbeeld van enumerasie of die opnoem-tegniek. Dit veroorsaak dat die versreël vinniger gelees word.<br>❖ Dit is 'n lys van die tipiese siektes waaraan bejaarde Suid-Afrikaanse mans sterf.<br>❖ Reëls 25 en 26 dui gesamentlik op die tema: die dood. |
| 27. en my pa word stiller en meer | ❖ Sy ouers bly alleen agter en sy pa raak stiller en onttrek |

© Department of Basic Education 2019


DRAFT

| | |
|---|---|
| verskriklik | hom van die besige lewe wat hy eens gelei het.<br>❖ *Meer*: die woord suggereer dat die pa voorheen ook verskriklik was, maar dit het nou as gevolg van sy drankgebruik vererger.<br>❖ *Verskriklik*: die woord word deur agterplasing uitgehef. |
| 28. van dop tot dop | ❖ Dubbele betekenis: As gevolg van die verlies aan familie en vriende asook die vrees vir die dood wat naderkom:<br>(a) kruip die pa al hoe meer in sy *dop* (word teruggetrokke)<br>(b) begin hy te veel drink (*dop*: drank). |
| **<u>STROFE 8</u>** | |
| 29. Hier waar die harde winters en nat somers | ❖ Die spreker kom in die slotstrofe agter dat hy self besig is om ouer te word.<br>❖ Waar die spreker woon, is daar *harde winters en nat somers* wat hy aan sy lyf voel. (Moontlike verwysing na sy verblyf in Frankryk – koue Europese winters en nat somers) |
| 30. my lyf ongenaakbaar skil, treur ek oor | ❖ *ongenaakbaar:* genadeloos<br>❖ Hierdie versreël sluit aan by versreël 1. Hy sê hier dat die klimaatstoestande sy lyf *ongenaakbaar skil* waar hy in versreël 1 *uitgeswel van lyf* (soos `n vrug) was. Sy lyf word dus ook in die slotstrofe vergelyk met 'n vrug en word hy, soos die mense en sy pa, geskil.<br>❖ Klimaatstoestande wat aan sy lyf skil: personifikasie – skil is 'n aksie deur 'n mens uitgevoer en word gebruik om sy kwesbaarheid te beklemtoon.<br>❖ Hy treur hier ook soos in versreël 1. |
| 31. die soet hart van my moeder | ❖ Hy treur oor sy ma se soet hart.<br>❖ *soet hart*: sinestesie, want ons kry in hierdie beeld 'n vermenging van sintuie; *soet* – smaak en 'n *hart* kan gesien, gehoor klop en gevoel word.<br>❖ Teenstelling/kontras: *soet* en *bitter* – dit suggereer dat sy ma 'n liefdevolle mens was, maar in teenstelling daarmee was sy pa onwrikbaar/streng/soms ietwat onredelik. |
| 32. my pa se stil en bitter krag | ❖ Hy treur oor sy pa se uithouvermoë en innerlike krag sonder dat hy daaroor spog. |

© Department of Basic Education 2019

**3. Tema en boodskap**

Tema: Dit hou verband met die dood. Afstand bring verlange en waardering. Die mens is uitgelewer aan die dood; niks kan jou daarvan red nie. Die dood staan in diens van die lewe bv. As Trixie begrawe word, is dit die saad wat uit die grond (as baarmoeder) nuwe lewe laat begin. Dit is ‘n klaaglied oor ‘n seun se skeiding van sy ouers en ‘n weeklaag oor alles wat uitgelewer is aan die dood. Die ouderdom takel ‘n mens af en is vir almal `n onvermydelike realiteit.

Boodskap**:** Dit dui op die aftakeling wat die ouderdom veroorsaak met die dood as die uiteindelike lot.

**4. Beeldspraak en stylfigure**

| **Reël** | **Beeldspraak en stylfigure** | **Verduideliking** |
|---|---|---|
| **1** | Noudat... | Voorplasing en dit dui op die verloop van tyd. Dit sluit aan by reël 5 se *noudat*. |
| | treur... | *Treur* verander in reël 5 na *huil* en dit is progressie. |
| **2** | die lugoë van my ma | Metafoor: ma se oë word vergelyk met die blou lug of hemel. |
| **6,7** | met die ruite donker knippende oë in die wind. | Metafoor: die donker hortjies voor die vensters lyk soos knippende oë.<br>Personifikasie: die hortjies is nie-lewend en het ‘n lewende aksie nl. oop en toe maak. |
| **9** | Stilbaai | Letterlik is dit die plek se naam. Figuurlik: die sagte manier waarop die dood naderkom |
| **13,14** | want hy is ‘n bokser dokter boer ‘n kaptein en ‘n held ‘n indoena tussen grysaards | Hiperbool: dit dui op sy bewondering vir sy pa: hy is sterk, slim, ’n leier onder sy tydgenote, sy held en voorloper.<br>Asindeton: geen voegwoorde |
| **15** | reën soos ‘n gesluierde bruid | Vergelyking: Die reën word vergelyk met ‘n gesluierde bruid: *misreën* en *bruid* is simbolies van vrugbaarheid.<br>Ironie: bruid dui op vrugbaarheid, lewe en blydskap, maar Trixie vrek; dit dui op dood en hartseer. |
| **16** | lieflinghond...lam... | Alliterasie |
| **17** | drie dae...<br>buig die knie... | Alliterasie<br>Letterlik beteken dit om te bid of ‘n gebedshouding en figuurlik beteken dit om oor te gee of ‘n nederlaag te erken. |
| **19** | die plaas van hulle jong liefde en plant die saad | Metafoor: Trixie word gelykgestel aan saad wat as ‘n boetedoening in die grond se skoot geplant word. |
| **18,20** | dra die lyk terug... plant die saad... | Ironie: die lyk is steriel en die saad dui op vrugbaarheid. |
| 20 | grond se skoot... | Personifikasie: die skoot is sinoniem met baarmoeder: die plek waar nuwe lewe begin. |

© Department of Basic Education 2019

| | | |
|---|---|---|
| 22 | stil bome in die najaar<br>stil bome...<br><br>najaar | Metafoor: ouers word vergelyk met bome in die herfs.<br>Letterlik: geen beweging nie en figuurlik: die dood wat stil is.<br>Letterlik dui dit ook op winter en figuurlik dui dit op die einde van 'n leeftyd. |
| 23 | strelende drome in die takke | *Takke* is 'n metafoor vir hulle herinneringe in hulle gedagtes |
| 24 | komete...wêrelde | Assonansie |
| 25 | my ooms ster soos kapok in die son | Vergelyking: beklemtoon hoe vinnig sy ooms een na die ander dood gaan so vinnig soos kapok in die SA son wegsak. |
| 30 | my lyf ongenaakbaar skil | Metafoor: waar hy aan die begin van die gedig soos 'n vrug uitgeswel van lyf was, word sy lyf ook vergelyk met 'n vrug wat ryp word en uitswel; hy word ook ouer. |
| 31 | die soet hart | Metafoor: sy ma se hart word vergelyk met iets soets soos liefde.<br>Sinestesie: soet dui op smaak en hart op gevoel |

**5. Toon en stemming**

Toon: Die toon in hierdie gedig is dié van verdrietige emosie van die spreker ten opsigte van sy pa se agteruitgang/ drinkgewoonte.

Stemming: Die stemming is weemoedig/hartseer omdat die spreker oor sy ouers treur.

DRAFT

**Aktiwiteit 4**

In die gedig, " 'n brief van hulle vakansie", dink die spreker na oor sy ouers se aftakeling as gevolg van ouderdom.

Bespreek dié stelling in 'n opstel van 250–300 woorde. **[10]**

**NASIENRIGLYNE**

**" 'n brief van hulle vakansie" – Breyten Breytenbach**
**Hierdie vraag word aan die hand van die aangehegte ASSESSERINGSRUBRIEK VIR LITERÊRE OPSTEL – HUISTAAL: POËSIE nagesien.**

LET WEL:

- Dis 'n breë raamwerk van feite.
- Al die feite hoef nie genoem te word nie.

Die kandidaat bied 'n gepaste inleiding aan.

Die spreker dink na oor sy pa se krag en energie as sestigjarige in Stilbaai teenoor die tekens van aftakeling wanneer hy herinneringe oproep bv. as hy ywerig swem, ver stap, krieket speel en seekos eet./Bv. versreëls 9–12: *... swem my pa in Stilbaai se see ... stap myle ver oor die sand ... speel krieket op die duine ... eet alikruikels ...* teenoor versreël 22: stil bome in die wind; versreël 27: *my pa word stiller en meer verskriklik van dop tot dop*/Versreël 32: *my pa se stil en bitter krag* waaroor die ek-spreker *treur ...*

Hy dink (met waardering) aan sy ouers wat in hulle jonger dae 'n kind verwek het, maar in hulle ouderdom 'n hond moes begrawe op die plek waar hulle vroeër minnaars was./Bv. versreëls 19–20: *... op die plaas van hul jong liefde en plant die saad 'n soenoffer ...*

Die spreker dink na oor sy ouers wat oud word, want hy noem sy pa se eelte vanweë harde werk en sy ma se blou oë wat nou/in die ouderdom met leegheid gevul is./Bv. versreël 2–3: *oor die eelte van my vader, die lugoë van my ma.*

Hy noem dat sy ouers nou oud en aan die einde van hul lewens is./Bv. versreëls 21–22: *... nou is hul minnaars stil bome in die najaar ...*

Die spreker besef die verganklikheid van mense/sy ouers as hy besef die leeftyd van sy ouers eintlik niks in vergelyking is met die kosmiese verskynsels nie./Bv. versreël 24: *onder komete leeftye lang wêrelde ...*

Die nuus van familie wat liggaamlik wegkwyn en sterf, bring die dreigende aftakeling van die ouderdom nader aan sy pa./Bv. versreël 25: *My ooms sterf soos kapok in die son ...*

Die feit dat sy pa al stiller word en hom toenemend onttrek van "Stilbaai" na "stil" en "stiller" beklemtoon dat die aftakeling van die liggaam sy tol eis, iets wat te betreur is./Bv. versreël 9: *... in Stilbaai se see ...*/versreël 22: *... stil bome ...*/versreël 27: *...stiller en meer verskriklik ...*/versreël 32: *... my pa se stil en bitter krag ...*

Die spreker se besef van sy ouerwordende ouers word versterk deur die gebruik van woorde wat op "dood" dui./Bv. versreël 18: *... lyk ...*/versreël 20: *... in die diep grond se skoot*

DRAFT

.../versreël 22: *... najaar ...*/versreël 25: *... sterf ...*

Hy noem hoe ver die aftakeling reeds gevorder het, want sy sterk en energieke pa is net 'n "dop" van wat hy eens was./kruip in sy "dop" en word al stiller./drink 'n "dop" om hom van sy "verskriklike" toestand te laat vergeet./Bv. versreël 28: *van dop tot dop ...*

• In die laaste strofe dink hy vir oulaas na oor hoe die tyd sy ouers aftakel wanneer hy besef dat ook sy eie lyf uitgelewer is aan veroudering./Bv. versreël 30–32: *... treur ek oor die soet hart van my moeder my pa se stil en bitter krag.*/versreël 30: *... my lyf ongenaakbaar skil ...*


Die kandidaat bied 'n gepaste slot aan.

DRAFT

# Gedig 5

# Eerste worp-

# TT Cloete



**Geboortedatum en –plek:** Theunis Theodorus Cloete is op 31 Mei 1924 op Vredefort in die Vrystaat gebore.
**Letterkundige werke en Prestasies:** In 1980 debuteer T.T. Cloete, op 56-jarige ouderdom, met *Angelliera* waarmee hy ook die Ingrid Jonkerprys wen. Hy vergoed egter deeglik vir die laat debuut en nog sewe digbundels, twee kortverhaalbundels en ‘n drama vloei uit sy pen. Die FAK het in 2007 dié organisasie se erepenning aan Cloete oorhandig vir sy bydrae tot die Afrikaanse literatuur. Cloete is in 2008 deur die Suid-Afrikaanse Akademie vir Wetenskap en Kuns vereer deurdat die liggaam se erelidmaatskap aan hom toegeken is.

TT Cloete is op 29 Julie 2015 in die ouderdom van 91 in die Mooimed-hospitaal in Potchefstroom oorlede aan natuurlike oorsake.

**Eerste worp – TT Cloete**

1. ons het nie ou katedrale en kastele nie,
2. geen breë riviere bevaarbaar vir groot skepe nie.
3. die min wolke wat ons het, is yl versprei.
4. ons het nie groot metropole nie.
5. ons is sonder groot donkergroen woude.
6. dun is ons geskiedenis met min groot name

7. soos beethoven of dante
8. of rembrandt of bramante

9. ons het min onwerklike sagte drome

10. maar ons het uitgestrekte woestyne
11. en krom grys bome wat houtbeen vasskop
12. in die droë sand en koets teen die son
13. ons het baie droë lope
14. en oerrivierbeddings met ou inheemse name
15. soos gourits en storievertelname soos skrij
16. of kameelsleep en lijersdraai

DRAFT

© Department of Basic Education 2019

17. en baie reste naby aan die eerste worp

18. by wêreldseinde in die suisende stil nag

19. hoor jy die jakkalse se fossielskreeu
20. iewers tussen angstjank en primitiewe spotlag

Uit: *die hoek van my oog*, 1998

**Woorde in gedig**

| WOORD | BETEKENIS |
|---|---|
| worp | ‘n Handeling om iets te gooi. |
| katedraal | Die term verwys na ’n groot kerk/ indrukwekkende gebou. |
| kasteel | ’n Koninklike vesting wat in die Middeleeue gebruik is om ‘n bepaalde gebied, wat deur ‘n adelheer oorheers is, te omskryf. Dit was ook die woonplek van ‘n adellike gesin. |
| breë, bevaarbare riviere | In waterryke kontinente en lande is die riviere wat in die berge ontspring gewoonlik standhoudend. ’n Rivier moet egter standhoudend én breed wees voor *groot skepe* (nie roeibootjies nie) daarop kan vaar. |
| yl | Net hier en daar. |
| groot metropole | Groot stede met baie geboue (wolkekrabbers) en nywerhede. Metropole verwys na groot ou stede wat lank gelede reeds ontwikkel is. |
| groot donkergroen woude: | Dit skep die indruk van oerwoude, reënwoude of groot bosagtige natuurgebiede met mere, waterstrome of watervalle. |
| dante | Letterkunde: Bekende Italiaanse digter van die laat-Middeleeue. Hy het in Florence gewoon. |
| beethoven | Musiek: Beroemde Duitse komponis. |
| rembrandt | Skilderkuns: Beroemde Nederlandse skilder. |
| bramante | Argitkektuur: Italiaanse argitek. |
| Gourits | ‘n rivier in die Wes-Kaap. |
| skrij | Die naam wat vir die dertiende en veertiende boorgate in die Kgalagadi gebruik is. Die oorspronklike name was Grootskrij en Kleinskrij. |
| kameelsleep | Die storie hieroor is dat die laaste vrylopende kameelperd daar doodgeskiet is en dat dit toe met donkies tot in Botswana gesleep is. |
| lijersdraai: | Dit is ’n plek waar ’n mens hiënas, jakkalse, luiperds en gemsbokke kan sien. Die oorsprong van die naam: die draai wat die rivier daar maak, lyk soos ’n baba se doek (luier) as dit vasgesteek is. |
| “reste naby aan die eerste worp” | Dit verwys na die Vredefort-koepel waar T.T. Cloete grootgeword het. |

**Opsomming van die gedig**

Die *eerste worp* verwys letterlik na die eerste werp wat gegooi is, naamlik na die ontstaan van die aarde, miljoene jare gelede.

DRAFT

Die eerste deel verwys na die dinge wat ons nie in Suid-Afrika het nie:  daar is nie katedrale, kastele, breë riviere, ensovoorts nie.  Selfs die wolke is yl verspreid.  Suid-Afrika het ook geen wêreldstede of groot inheemse woude nie.

Die spreker sê ook dat Suid-Afrika se geskiedenis nie so goed opgeteken is soos onder lande s'n nie. Ons het ook nie soveel beroemde musikante, skrywers, skilders en argitekte opgelewer soos Europa nie.

In die tweede deel van hierdie gedig, na *maar*, word ons land gunstig met die lande soos Europa vergelyk. Suid-Afrika, met sy ongerepte skoonheid, is naby die "eerste worp", dus na aan die skepping van die aarde.  Hier is uitgestrekte woestyne, krom grys bome, son, droë rivierlope, plekke met storiemooiname en hier hoor jy die oerskreeu van jakkalse.

Aan die gedig word talle teenstellings gebruik om die teenstellende konsepte van **lewe** teenoor **dood** (**begin** teenoor **einde**) in verand met mekaar te bring. Die teenstelling is tussen **Europa** en **Suid-Afrika** en wat elkeen verteenwoordig.

**1. Soort gedig**

*eerste worp* kan as 'n vrye vers beskou word. Die gedig bestaan uit 20 versreëls van wisselende lengtes. Daar is 7 strofes van wisselende lengtes. Strofes 3 en 6 is alleenplasings ter wille van beklemtoning.  Daar is geen vaste rympatroon nie behalwe paarryn in strofe 2.

| | |
|---|---|
| ***Strofe 1:  Sekstet***<br>*a a b a c d* | } Vrye vers |
| ***Strofe 2:  Koeplet***<br>e e | } Paarrym |
| ***Strofe 3:  Een versreël (Alleenplasing)***<br>f | } |
| ***Strofe 4:  Tersine***<br>*g h i* | } Vrye vers |
| ***Strofe 5:  Kwatryn***<br>*j k l m* | } Vrye vers |
| ***Strofe 6:  Een versreël (Alleenplasing)***<br>*n* | } |
| ***Strofe 7:  Tersine***<br>*o p o* | } Gebroke rym |

2. **Analise van die gedig**

| | |
|---|---|
| Titel: eerste worp | ❖ 'n worp beteken `n gooi<br>❖ Dit verwys na iets wat *eerste* gebeur het.<br>❖ Die titel verwys dus na iets wat iewers vir die eerste keer gewerp of neergegooi is.<br>❖ Wat is eerste neergewerp? Die ontstaan van die aarde miljoene jare gelede.<br>❖ Dit is nog oorspronklik soos die Skepperhand dit gelos het. |
| **STROFE 1**<br>In die eerste strofe noem die spreker dinge wat ons nie in Suid-Afrika het nie wat wel in ander wêrelddele voorkom. | |

© Department of Basic Education 2019

| | |
|---|---|
| 1. ons het nie ou katedrale en kastele nie, | ❖ *ons*: dit verwys na die inwoners van Suid-Afrika waarvan die spreker deel is.<br>❖ Ons het nie katedrale en kastele nie. Dit verwys na ou geboue en na argitektuur en is tekens van 'n ou land met sterk tradisies.<br>❖ Die herhaling van die woord *nie* en die gebruik van die woord *geen* beklemtoon dit wat die spreker sê nie in ons land te vinde is nie.<br>❖ k-alliterasie: Dit help om die ou geboue wat voorkom te beklemtoon en as een gedagte saam te bind.<br>❖ Die komma aan die einde van hierdie versreël skei die kultuurerfenisse van die natuurweelde in versreël 2. Dit beklemtoon dit wat Suid-Afrika nie het nie omdat die komma na die *nie* gebruik is. |
| 2. geen breë riviere bevaarbaar vir groot skepe nie. | ❖ Die beeld van riviere wat nie bevaarbaar is nie, beklemtoon Suid-Afrika se waterskaarste.<br>❖ b-alliterasie: dit bind die twee woorde wat 'n betekenisverband het - *breë* en *bevaarbaar*.<br>❖ Die tempo van hierdie versreël is stadig en word deur herhaling van die lang ee- en aa-klanke bewerkstellig. |
| 3. die min wolke wat ons het, is yl versprei. | ❖ Die spreker beklemtoon Suid-Afrika se waterskaarste deur die begrip van min water te herhaal met die woorde "min wolke" en "yl versprei".<br>❖ Die lug is meestal blou met hier en daar 'n wit vlieswolkie. Daar is dus min wolke wat reën bring. |
| 4. ons het nie groot metropole nie. | ❖ *metropole*: groot wêreldstede met hoë geboue/wolkekrabbers en nywerhede.<br>❖ *ons* het geen groot wêreldstede (metropole) – wat beskawing impliseer – nie.<br>❖ Dit kan ook verwys na ou stede wat lank gelede reeds ontwikkel i.<br>❖ Die anaforiese herhaling van die woord *ons* aan die begin van versreëls 4 & 5 veroorsaak dat daar klem op die woord *ons* geplaas word wat die andersheid van die kontinent bevestig. |
| 5. ons is sonder groot donkergroen woude. | ❖ Ons land is, anders as Europa, sonder groot inheemse woude.<br>❖ Suid-Afrika is nie 'n waterryke land nie en daar is min reën. Daarom is groot dele woestynagtig.<br>❖ In Suid-Afrika kom ook minder bome as in Europa voor. Die klimaat in Europese lande is gematiger, daarom is die groen meer intens en die woude baie digter. |
| 6. dun is ons geskiedenis met min groot name | ❖ Die spreker sê dat ons geskiedenis *dun* is.<br>❖ Ons land se geskiedenis bevat nie groot baanbrekers nie, terwyl Europa (omdat hulle geskiedenis baie verder terugstrek) talle baanbrekers op verskeie gebiede opgelewer het.<br>❖ Die name van bekende Europeërs soos byvoorbeeld Dante en Bramante is lank voor die geskiedenis van Suid-Afrika met die |

DRAFT

<table>
<tr><td></td><td>koms van Jan van Riebeeck al in Europa opgeteken.<br>❖ Ons geskiedenis is ook nie so deeglik en noukeurig gedokumenteer soos die Europese geskiedenis nie.<br>❖ dun is ons geskiedenis is ‘n voorbeeld van omgekeerde woordorde (inversie)> Dit moes soos volg gelees het: ons geskiedenis is dun met min groot name. Die funksie van hierdie inversie is om te beklemtoon dat ons geskiedenis nie so roemryk as die Europeër s’n is nie. Die woord dun word deur die omgekeerde woordorde in ‘n beklemtoningsposisie geplaas.<br>❖ dun word figuurlik gebruik.  Ons het nie so ‘n ryke geskiedenis soos Europa nie, ons geskiedenis is dus dun in vergelyking met Europa s’n.<br>❖ Die uitlating teenoor die geskiedenis en kultuur van Suid-Afrika is nie geregverdig nie, want gesien teen die agtergrond van die geologiese geskiedenis van Suid-Afrika, is ons geskiedenis oud en ryk. Die baie rotstekeninge van die  Khoisan is ‘n bewys van ons ou kunsskatte.</td></tr>
<tr><td colspan="2">Algemeen:<br>• Strofe 1 bestaan uit 4 sinne daarom is daar 4 ruspouses vanaf versreël 1 tot 5.<br>• Die spreker wil met hierdie baie sinne die dinge wat Suid-Afrika nie het nie, en Europa wel het, beklemtoon.</td></tr>
<tr><td colspan="2">STROFE 2<br>Hierdie strofe is ‘n koeplet en staan alleen om die name van die Europese baanbrekers uit te hef.</td></tr>
<tr><td>7.  soos beethoven of dante<br><br>8.  of rembrandt of bramante</td><td>❖ Die enjambement tussen versreëls 6 en 7 bind die 2 strofes aanmekaar.<br>❖ Hierdie 4 Europeërs verteenwoordig elkeen ‘n kunsvorm:<br>o beethoven – musiek<br>o dante – letterkunde<br>o rembrandt – skilderkuns<br>o bramante - argitektuur<br>❖ Die gebrek aan hoofletters in die name van dié beroemde kunstenaars pas aan by die res van die gedig waar daar geen hoofletters in voorkom nie. Dit is tipies van ‘n vrye vers.<br>❖ Die noem van hierdie name is ‘n voorbeeld van sinekdogee, want die name van net een komponis, skrywer, skilder en argitek word genoem as voorbeeld van al die Europese baanbrekers op vele ander terreine.</td></tr>
<tr><td colspan="2">Algemeen:<br>In die rympatroon by versreëls 6 – 8 kom vroulike eindrym voor: die laaste rymwoorde eindig op vokale wat ‘n sekere sagtheid aan die stemming verleen.</td></tr>
<tr><td colspan="2">STROFE 3<br>Hierdie eenreëlige strofe word deur alleenplasing uitgehef.</td></tr>
<tr><td>9. ons het min onwerklike sagte drome</td><td>❖ onwerklike sagte drome: denkbeeldige aangename drome.<br>❖ Ons: in Suid-Afrika het ons min ikone uit die geskiedenis wat tot onwerklike sagte drome kan aanleiding gee.<br>❖ Die kultuur- en natuurrykdomme van ander vastelande is ‘n</td></tr>
</table>

DRAFT

© Department of Basic Education 2019

<table>
<tr><td></td><td>onwerklike droom vir ons hier in Suidelike Afrika.<br>❖ Die harde realiteit is eie aan die Afrika-kontinent.<br>❖ Die assonerende i-klank versag dié versreël om by sy inhoud te pas.</td></tr>
<tr><td colspan="2">STROFE 4<br>Hierdie strofe bestaan uit 3 versreëls en word daarom ‘n tersine genoem. Die invloed van die min water en die woestynagtigheid op die natuurrykdom in Suid-Afrika word beskryf.</td></tr>
<tr><td>10. maar ons het uitgestrekte woestyne</td><td>❖ By strofe 4 is daar ‘n wending in die gedig.<br>❖ Dit word ingelei deur die teenstellende voegwoord maar.<br>❖ Na maar volg die teenstelling of dit wat ons wel het en waaroor ons beskik.<br>❖ Afrika as vasteland is anders as die Europese werklikheid en Afrika se unieke hoedanighede word hier beskryf: die woestyne en die krom bome en die droë sand en warm son is deel van die Afrika-kontinent.<br>❖ uitgestrekte woestyne: Die spreker gebruik die woord uitgestrek om die woestyne te beskryf. Dit beteken dat die woestyne wyd en ver lê/dat `n groot gedeelte van Suider-Afrika uit woestyn-gebiede bestaan.<br>❖ reël 10: min water in Suid-Afrika vorm ‘n kontras met r. 2 (baie water in Europa)</td></tr>
<tr><td>11. en krom grys bome wat houtbeen vasskop</td><td>❖ Die gebruik van die voegwoordherhaling en (polisindeton) dui op die uitgebreidheid van die kontinent en beklemtoon die dorheid/droogheid daarvan.<br>❖ Houtbeen: ‘n kunsbeen van hout<br>❖ As gevolg van die bome se diep wortelstelsel, is hulle bestand teen die sterk wind, alhoewel die wind hulle nog steeds krom waai.<br>❖ Die bome is grys omdat die harde Afrika-son die groenigheid wegbrand.<br>❖ Personifikasie: Menslike eienskappe wat aan die bome gegee word, hulle skop vas en koets.<br>❖ Metafoor: die bome se grys stamme word gelykgestel aan bene wat in die droë sand vasskop.</td></tr>
<tr><td>12. in die droë sand en koets teen die son</td><td>❖ Deur weg te koets, probeer die bome tevergeefs teen die skerp strale van die Afrika-son skuil.<br>❖ Die uithouvermoë van die natuur in die dorre Suider-Afrika word deur die woorde krom, grys, vasskop en koets beskryf.<br>❖ uitgestrekte woestyne: dorre, kaal landstreek, meestal onbewoon. Die woord Kgalagadi (Kalahari) in die weste van Suider-Afrika beteken die land wat opgedroog het. Dit strek oor byna een derde van Suid-Afrika en is die grootste ononderbroke sandgebied in die wêreld. (Eloff, 1984). (King 1963).</td></tr>
</table>

| |
|---|
| **STROFE 5**<br>Hierdie strofe staan as ‘n kwatryn bekend omdat dit uit 4 versreëls bestaan. Die ou dinge in die geskiedenis van Suid-Afrika word beskryf. |

DRAFT

| | |
|---|---|
| 13. ons het baie droë lope | ❖ Hierdie strofe verwys na die droë riviere of riviere met min water in Suid-Afrika.<br>❖ Dit beklemtoon weereens dat Suid-Afrika ‘n waterarm gebied is en dit hou inhoudelik verband met versreël 2. |
| 14. en oerrivierbeddings met ou inheemse name | ❖ Die premorfeem *oer*- beteken baie oud.<br>❖ Die woord *oerrivierbeddings* ondersteun die oeroue bestaan van ons streek.<br>❖ Dit verwys na die ou, oorspronklike riviere in Suid-Afrika waarvan sommige miljoene jare reeds hier is.<br>❖ Die meervoudsvorm word gebruik omdat die spreker daarop wys dat daar baie droë riviere en oerrivierbeddings in Suid-Afrika is. Dit hef weereens die idee van min water uit.<br>❖ Inheemse name is die name wat die Khoisan of die ou inheems volke aan die riviere gegee het. Dit is name wat eie is aan ‘n gebied. |
| 15. soos gourits en storievertelname soos skrij | ❖ Hier word na spesifieke plekke in Suid-Afrika verwys.<br>❖ *gourits*: verwys na die Gouwrikwas (inheemse stam). Die woord is deur die Nederlanders tot Gourits verander.<br>❖ *skrij*: beteken skittery of diarree. Die storie agter die naam is die volgende: in die ou dae het reisigers se trekbeeste diarree ontwikkel ná hulle tsammas/ wildewaatlemoene, geëet het as hulle dors was. Die naam was dus ’n waarskuwing. (Daar is ook plekke met die name, Klein- en Groot-Skrij) |
| 16. of kameelsleep en lijersdraai | ❖ *kameelsleep*: Die storie hieroor is dat die laaste vrylopende kameelperd daar doodgeskiet is en dat dit toe met donkies tot in Botswana gesleep is.<br>❖ *lijersdraai*: Die draai van die rivier lyk soos ‘n baba se doek (luier) as dit vasgemaak is.<br>❖ Al hierdie name is beskrywend en eie aan ons land.<br>❖ Elke naam vertel ‘n storie. Die geskiedenis van Suid-Afrika is dus nie so *dun* as wat in reël 6 beweer word nie. |
| **STROFE 6**<br>Hierdie eenreëlige strofe word deur alleenplasing uitgehef. | |
| 17. en baie reste naby die eerste worp | ❖ Die alleenplasing van reël 17 beklemtoon die nabyheid van Suid-Afrika aan die eerste worp of Skepping.<br>❖ *reste:* die oorblyfsels soos fossiele in die Wieg van die Mensdom wat naby die eerste worp ontdek is.<br>❖ Die plek van die eerste worp is die Vredefortkoepel waar die oudste menslike skedel ontdek is.<br>❖ Vredefortkoepel: verwys metafories na die Skepping.<br>❖ Hierdie versreël is ook ‘n direkte verwysing na die *eerste worp* waarvan daar in die titel gepraat word en wat na die ontstaan van die aarde of mensdom verwys. |

DRAFT

**STROFE 7**

Hierdie is weer ‘n driereëlige strofe wat ‘n tersine genoem word. Hierdie slotstrofe verwys na die *wêreldseinde* waar jy in die suisende stil nag die jakkalse se fossielskreeu hoor.

Indirek verwys reëls 18 tot 20 ook na die Wieg van die Mensdom naby Krugersdorp waar fossiele ontdek is wat miljoene jare oud is.

© Department of Basic Education 2019

| | |
|---|---|
| 18. by wêreldseinde in die suisende stil nag | ❖ *wêreldseinde:* verwys na die einde van die menslike bestaan of die einde van die wêreld.<br>❖ Dit staan in kontras met *eerste worp* – die laaste handeling teenoor die eerste handeling.<br>❖ Klankeffekte: halfrym van die s-alliterasie is om die stilte en suising van die nag uit te beeld. Dit verwys na 'n sagte, aanhoudende ruisgeluid wat gebruik word om die stil nag te beskryf.<br>❖ *suisende stil nag* is 'n oksimoron**.** Dit is so 'n stil nag dat mens dit hoor suis. |
| 19. hoor jy die jakkalse se fossielskreeu | ❖ Die jakkalse is al miljoene jare lank deel van Suid-Afrika. Dit is 'n inheemse dier en word as 'n oerspesie beskou. Hulle skreeu is so oud soos die fossiele wat hier aangetref word.<br>❖ *fossielskreeu* suggereer dat dit `n baie ou primitiewe skreeu is. Dit is 'n terugverwysing na die woord *oer-* in versreël14. |
| 20. iewers tussen angstjank en primitiewe spotlag | ❖ Die jakkals is angstig (bang / benoud) en dit klink of hy tjank.<br>❖ "primitiewe *spotlag*": so primitief soos aan die begin van die skepping. Dit klink ook soos iemand wat spottend lag.<br>❖ *fossielskreeu is 'n* ***oksomoron*** *(skynbare teenstrydigheid)* want 'n fossiel is leweloos en daar kan geen geluid voorkom nie en skreeu is 'n geluid. Daar word dus na 'n figuurlike skreeu verwys.<br>❖ *angstjank* staan in **kontras** met *spotlag* |

**3. Tema en boodskap**

Die tema van die gedig is dat Afrika en daarmee saam ook Suid-Afrika uniek is en beskik oor goeie eienskappe wat nie in Europa gevind kan word nie.

Die boodskap uit die gedig is dat die mens nie na genoeg aan die natuur en God leef nie. Ons waardeer nie ons land genoeg nie.

**4. Beeldspraak en stylfigure**

| Reël | Benoem die volgende voorbeelde van beeldspraak of stylfigure: | |
|---|---|---|
| 7-8 | soos beethoven of dante<br>of rembrandt of bramante | Sinekdogee – die name van net een komponis, skrywer, skilder of argitek word genoem as voorbeelde van Europa se baie beroemde kunstenaars. |
| 9 | onwerklike sagte drome | Pleonasme omdat drome in elk geval onwerklik is. |
| 11 | krom grys bome wat houtbeen vasskop | Metafoor omdat die diep wortels van die bome metafories met bene vergelyk word wat vasskop teen die sterk wind.<br>Personifikasie want die bome kry menslike eienskappe en is *krom, grys, skop vas in die sand* en *koets* teen die son. |

DRAFT

| | | |
|---|---|---|
| 9 en17 | ons het min onwerklike sagte drome<br>en baie reste naby aan die eerste worp | Kontras van *min* teenoor *baie*. |
| 18 | by wêreldseinde in die suisende stil nag | Alliterasie van die s-klank wat 'n sagte sussende klank is en bydra tot die skep van die bepaalde atmosfeer van stilte. |
| 6-20 | dun is ons geskiedenis met min groot name<br>***<br>iewers tussen angstjank en primitiewe spotlag | Enjambement verleen vloeiendheid aan die opnoem van die kultuur- en natuurrykdomme wat Suid-Afrika nie het nie en dit waaroor ons wel beskik. |

5. **Toon en stemming**

Die toon in die gedig is ernstig.

Die stemming wissel in die gedig:

Strofe 2: verlange
Strofe 4: aanvaarding
Strofe 5: trots op geskiedenis
Strofe 7: vrees vir die geharde wêreld waarin hulle leef.

DRAFT

**Aktiwiteit 5**

Lees die gedig weer deur en beantwoord dan die vrae wat volg.

5.1 Waarna verwys die gedigtitel binne die konteks van die gedig? (1)

5.2 Na wie verwys die spreker met die herhaling van *ons* in versreël 4 en 5? (1)

5.3 Is die gebruik van kleinletters by die eiename in versreël 7 en 8 effektief? Motiveer jou antwoord en skryf hoe hierdie versreëls die inhoud van versreël 6 ondersteun. (2)

5.4 Wat bereik die spreker met die alleenplasing van versreël 9? (1)

5.5 Versreël 11 en 12 verwys na bome wat teen die son *koets*.

Benoem die beeldspraak wat hier gebruik is. Bespreek ook die geslaagdheid van hierdie beeld. (2)

5.6 Herlees versreëls 18 tot 20.

Noem TWEE klankeffekte wat dié drie versreëls bind. Skryf die eerste woord in versreëls 19 tot 20 waarmee die stilte opgehef word, neer. (3)

**[10]**

**Nasienriglyne**:

| **Vraag** | **Antwoorde** | **Punt** |
|---|---|---|
| 5.1 | Na die skepping/ontstaan van die aarde ✓ | 1 |
| 5.2 | Suid-Afrikaners/Suid-Afrika se inwoners/mense van Afrika ✓ | 1 |
| 5.3 | Ja.<br>Die name (*beethoven, dante, rembrandt* en *bramante*) word veralgemeen/ universeel./Dit versterk die kunstenaars se prestasies/baanbrekerswerk. Dit pas by die vrye vers. ✓<br><br>*Die kandidaat bied 'n soortgelyke antwoord vir EEN punt aan.*<br>*Die kandidaat kan nie NEE vir 'n antwoord aanbied nie.*<br><br>**EN**<br><br>Versreëls 7 en 8 beklemtoon watter groot name/kunstenaars ons nie het nie, waarna versreël 6 verwys. ✓<br><br>*Die kandidaat bied 'n soortgelyke antwoord vir EEN punt aan.* | 1<br><br><br><br><br><br><br>1 |

© Department of Basic Education 2019


DRAFT


| | | |
|---|---|---|
| 5.4 | Dit isoleer/skei die harde werklikheid van Suider-Afrika teenoor die romantiek/ onwerklikheid van Europa./<br>Dit beklemtoon dat kultuur-/natuurrykdomme van die ander wêrelddele net 'n onwerklike droom vir *ons*/Suider-Afrika is./<br>Dit stel die eerste deel waaroor Suid-Afrika nie beskik nie, teenoor die tweede deel wat fokus op dit wat ons het. ✓<br><br>*Die kandidaat bied 'n soortgelyke antwoord vir EEN punt aan.*<br>*Die kandidaat bied albei dele (Europa teenoor Afrika) vir EEN punt aan.* | 1 |
| 5.5 | Personifikasie ✓<br><br>Die beeld is geslaagd, want die woord *koets* dui iets van die son se felheid aan sodat die bome daarvan wil wegkruip. ✓<br><br>*Die kandidaat kan nie antwoord dat die beeld nie geslaagd is nie.* | 1<br><br>1 |
| 5.6 | alliterasie/herhaling (van die s-klank)<br>assonansie/herhaling (van die a-klank)<br>eindrym (*nag* en *spotlag*) ✓✓<br><br>*Die kandidaat bied TWEE antwoorde vir EEN punt elk aan.*<br><br>*fossielskreeu* ✓ | 2<br><br>1 |
| | | **[10]** |

© Department of Basic Education 2019

# Gedig 6

# Die sagte sprong-

# Shiela Cussons



**Geboortedatum en –plek:** Sheila Cussons is op 9 Augustus 1922 op die sendingstasie Morawië gebore.
**Letterkundige werke en Prestasies**: Op sesjarige ouderdom verskyn haar eerste kinderversies in *Die Jongspan* en in die ATKV se amptelike tydskrif. Kort daarna begin sy om haar eie stories en versies te illustreer.

Benewens haar skryfwerk is sy regdeur haar lewe ook kunstenaar wat aanhou met skilder en teken. Vanaf 1997 tot met haar dood word sy in die Katolieke inrigting Nazareth House in Vredehoek, Kaapstad, versorg. Sy is op 25 November 2004 in Nazareth House oorlede.

**Die sagte sprong – Sheila Cussons**

Dit kom wanneer dit nie verwag
word nie: 'n aanraking van die verstand
lig soos 'n veer, vlugtig maar presies
en jy dink as sy ligtheid so is, so potent
dat die aandag nog lank daarna
die indruk behou, hoe moet sy vasvat wees?
: Dit kom wanneer dit nie verwag
word nie: iets wat die bewussyn tot
in die lewe tref, iets soos 'n sagte sprong –
vreugde, verbasing, vreugde, herkenning:
hoe moet u vasvat wees?

Uit: *Die sagte sprong*, 1979

**Woorde in die gedig**

| Woord | Betekenis |
|---|---|
| sprong | God se nader beweeg aan die mens |
| lig soos 'n veer | Baie lig of onverwags en ongesiens |
| ligtheid | God se sagte aanraking |

DRAFT

© Department of Basic Education 2019

| | |
|---|---|
| vlugtheid | Haastig of net effens |
| potent | Kragtig |
| indruk behou | So treffend dat die mens nog lank daaraan dink |
| bewussyn | Vermoë om te weet dat jy kan dink en optree |
| tot in die lewe tref | Tot in die diepste siel aanraak |
| vreugde | Blydskap |
| verbasing | Het dit nie verwag nie |
| herkenning | Weer ken/ eien/ agterkom wie dit is |
| (God se) 'n aanraking | Hoe God die mens bewus maak van Sy teenwoordigheid |
| (God se) u vasvat | God wat jou siel ten volle vir Hom wen; jou met hart en siel oortuig |

**Opsomming**

God se sagte teenwoordigheid kom onverwags. Eers word die mens verstandelik bewus van God. Sy verskyning is sag, liefdevol, vinnig, maar presies/berekend. En die mens dink as God se aanraking só kragtig is, dat dit nog lank na die tyd die mens se aandag sal behou en 'n indruk op die mens sal maak. Hoe kragtig moet dit nie voel as God jou werklik vasgryp nie? God se teenwoordigheid kom onverwags na jou toe. Dit tref jou bewussyn tot in jou diepste wese. Dan reageer die mens met emosies soos vreugde en verbasing, maar ook 'n herkenning van God. Wat 'n intense ervaring sal dit nie wees as God jou werklik syne maak nie?

| <u>Reël 1- 6</u> | *<u>Reël 7- 11</u>* |
|---|---|
| Hierdie reëls is een stelsin. In hierdie versreëls bespreek die spreker sy/haar belewing van hoe dit moet voel as 'n mens se verstand deur 'n goddelike krag aangeraak word. Die spreker weet van God se teenwoordigheid en besef dat God hom nie aan die mens opdring nie.<br><br>Hierdie wete is van korte duur, maar dit bly tog 'n sterk wete. | Hierdie reëls is die tweede volsin. Hier word die geestelike en emosionele belewing van 'n goddelike aanraking aangespreek. – *iets wat die bewussyn tot in die lewe tref. Die spreker* maak dus 'n sprong vanaf die intellek tot die geestelike en emosionele.<br><br>Die gevolg van hierdie ervaring is positief. (*vreugde*). |

1. **Soort gedig**

Dis 'n vrye vers. Daar is 11 rymlose reëls (geen vaste rymskema nie), geen strofes nie en geen vaste ritme nie. Daar is wel hoofletters en leestekens.

**2. Analise**

| | |
|---|---|
| 1. Dit kom wanneer dit nie verwag | ❖ *Dit*: Die voornaamwoord verwys na die manier hoe die spreker God se teenwoordigheid beleef.<br>❖ *dit* is 'n voorbeeld van voorplasing en die herhaling van *dit*.<br>❖ Reël 1 en 2 is 'n enjambement dit is dus |

| | |
|---|---|
| | ‘n aaneenskakeling van dieselfde gedagte. |
| 2. word nie: ‘n aanraking van die verstand | ❖ Die *aanraking* gebeur dikwels sonder dat die mens dit verwag – onverwags.<br>❖ Die dubbelpunt dui aan dat die spreker gaan verduidelik wat so onverwags deur God aangeraak word.<br>❖ In dié spesifieke geval gaan dit oor die mens se intellektuele kant wat aangeraak word – *verstand*. |
| 3. lig soos ‘n veer, vlugtig maar presies | ❖ Vergelyking: Die aanraking word vergelyk met die sagtheid van ‘n veer se aanraking. Dit is sag en nie opdringerig nie.<br>❖ Die uitdrukking word miskien baie gebruik, maar is baie effektief. Dit is hoe God met die mens werk: sag en doelgerig.<br>❖ Die mens is dikwels nie eers bewus van God se aanraking nie.<br>❖ Dit dui daarop dat dit nie ‘n bekommernis of iets gewigtig is nie, eerder iets wat verligting bring.<br>❖ *presies* dui op noukeurigheid. |
| 4. en jy dink as sy ligtheid so is, so potent | ❖ *jy*: die voornaamwoord verwys nie na ‘n spesifieke mens nie, maar eerder na ‘n universele mens/na almal wat die aanraking van God ervaar.<br>❖ *potent*: kragtig/sterk<br>❖ Die komma en die herhaling verstadig die tempo en beklemtoon die kontras tussen ligtheid en kragtigheid. |
| 5. dat die aandag nog lank daarna | ❖ Wanneer God in ‘n mens se lewe werk, is dit so kragtig dat die mens nog lank daarna daaraan dink en dit eintlik nooit kan vergeet nie – dit is blywend. |
| 6. die indruk behou, hoe moet sy vasvat wees? | ❖ *vasvat*: dit is ‘n voorbeeld van ‘n metafoor<br>❖ Dié metafoor beskryf meer as net God se aanraking. Dit is wanneer hy doelgerig in iemand se lewe teenwoordig is.<br>❖ Die vraagteken: Dit verteenwoordig ‘n retoriese vraag oor God se doelgerigtheid in die mens se lewe. |
| 7. : Dit kom wanneer dit nie verwag | ❖ Dubbelpunt: Die ongewone plek van die dubbelpunt beklemtoon die wending wat plaasvind. Die aanraking van die verstand verander nou (bewussyn) na ‘n emosionele aanraking deur God. |

DRAFT

| | |
|---|---|
| | ❖ Die herhaling van *Dit kom* beklemtoon die misterie van God se aanraking.<br>❖ Die herhaling dien as 'n bindingsmiddel tussen die twee gedeeltes. |
| 8. word nie: iets wat die bewussyn tot | ❖ Na die tweede dubbelpunt word genoem wat aangeraak word: 'n emosionele aanraking.<br>❖ Daar is dus progressie vanaf die intellektuele aanraking tot emosionele aanraking. |
| 9. in die lewe tref, iets soos 'n sagte sprong - | ❖ *sagte sprong*: Die belewing van God se aanraking, word gesien as 'n *sagte sprong*; die aanraking is delikaat en saggies. Die woorde *sagte sprong* is 'n voorbeeld van 'n oksimoron/paradoks. |
| 10. vreugde, verbasing, vreugde, herkenning: | ❖ *vreugde*: Dié emosie word twee keer genoem. Dit is die emosie wat die spreker die meeste ervaar. Herhaling beklemtoon dat vreugde die belangrikste emosie is.<br>❖ *verbasing*: In die gedig gaan dit juis daaroor dat die mens dikwels God se aanraking nie verwag nie. Dus is die emosie verbasing gepas.<br>❖ *herkenning*: Daar is ook vreugde in die feit dat die mens eintlik weet dit is hoe die Here werk.<br>❖ v-alliterasie: Dit beklemtoon die positiewe emosie.<br>❖ Dubbelpunt: Dit is 'n uitbreiding van die voorafgaande stelling. |
| 11. hoe moet u vasvat wees? | ❖ *vasvat*: Dit is wanneer God doelbewus in die mens se lewe werk.<br>❖ Die *vasvat* in reël 6 verander nou na *u vasvat*. Dit raak nou vir die spreker 'n persoonlike ervaring.<br>❖ Vraagteken: Dit is 'n retoriese vraag wat op die intense ervaring dui wanneer God jou syne maak. Dit suggereer dat die einde van die proses nog nie bereik is nie.<br>❖ Progressie: *sy* ( reël 6)verander na *u*, 'n meer persoonlik en direkte aanspreekvorm. Die ware aard van die Bron van aanraking word herken en die grootheid daarvan word gereflekteer. Die progressie, gedra deur die v-alliterasie dwarsdeur die gedig, bereik hier 'n hoogtepunt. |

DRAFT

### 3. Toon en stemming

Toon: Die spreker se belewing van God se aanraking skep 'n toon van verwondering.

Stemming: Aangesien dit in hierdie gedig oor die werking van die goddelike in 'n mens se lewe gaan, is die stemming hier gewyd/rustig/eerbiedig.

**Tema en boodskap**

Die tema is dat, indien 'n mens na aan God leef, dit jou met 'n intense belewenis van God se mag en vreugde vervul wat Hy bring.

'n Moontlike boodskap kan wees dat elke mens 'n goddelike aanraking verskillend kan beleef.

**Beeldspraak en stylfigure**

| Reël | Stylfigure en beeldspraak | Verduideliking |
|---|---|---|
| Titel | Die sagte sprong | ❖ Metafoor: Die leser besef dit is nie 'n letterlike sprong nie. God se aanraking word gelykgestel aan 'n sprong. Die titel impliseer 'n kort gedempte, maar tog dinamiese gebeurtenis met verreikende gevolge.<br>❖ Oksimoron/paradoks: Twee teenstellende woorde langs mekaar |
| 3 | veer, ... vlugtig ...<br><br><br><br>Lig soos 'n veer | ❖ Alliterasie van die v-klank. Die klank sluit aan by die sagtheid van die veer en die vlugtigheid van die aksie. Dit beskryf ook die sagtheid van die goddelike aanraking.<br>❖ Vergelyking: God se baie sagte en liefdevolle benadering al is sy aanraking ook kragtig. Die goddelikheid dring hom ook nie op aan die mens nie. |
| 3, 4, 5 | ligtheid ... potent ...<br>vlugtig ... lank daarna<br>...behou | ❖ Paradoks: Ervaring van God se teenwoordigheid is so kragtig/ferm dat die verteller nog lank die belewenis sal onthou. |
| 6 | hoe moet sy vasvat wees? | ❖ Retoriese vraag: Die spreker vra eintlik nie hoe stewig God se vasvat is as Hy jou aan Sy kant het nie; Hy bevestig net dat Hy dit reeds weet. |
| 9 | iets soos 'n sagte sprong - | ❖ Vergelyking: God beweeg sag en subtiel nader aan die mens. |
| 10 | vreugde, verbasing, vreugde, herkenning: | ❖ Asindeton: herhaling van kommas/weglating van die voegwoord beklemtoon die intensiteit van die spreker se emosies wat in intensiteit toenaam, 'n voorbeeld van progressie.<br>❖ Alliterasie: Nog 'n stylfiguur wat emosies deur die herhaling van die v-klank uithef/ beklemtoon. |
| 11 | Hoe moet u vasvat wees? | ❖ Progressie: *sy* verander na *u*, 'n persoonliker en direkter aanspreekvorm. Die progressie word ondersteun deur die v-alliterasie dwarsdeur die |

DRAFT

| | | |
|---|---|---|
| | | gedig. Die gedig bereik hier ‘n hoogtepunt. |

**Aktiwiteit 6**

Lees die gedig en beantwoord die vrae:

| | | |
|---|---|---|
| 6.1 | Watter woord in versreël 1 sluit by die titel aan? | (1) |
| 6.2 | Haal die paradoks aan waarmee die intellektuele aanraking in versreëls 1 tot 4 beskryf word. | (1) |
| 6.3 | Is die leesteken in versreël 7 funksioneel in hierdie gedig? Motiveer jou antwoord met TWEE redes. | (2) |
| 6.4 | Benoem die beeldspraak wat in versreël 9 voorkom. Watter ooreenstemmende eienskap het dié beeld met die beskrywing wat in versreël 2 en 3 voorkom? | (2) |
| 6.5 | Op watter DRIE maniere word die spreker se blydskap in versreëls 9 tot 11 beklemtoon? | (3) |
| 6.6 | Hoe kontrasteer die woord "vasvat" in versreël 11 met die titel? | (1) |
| | | **[10]** |


**Nasienriglyne**

| | | |
|---|---|---|
| 6.1 | dit ✓ | 1 |
| 6.2 | vlugtig maar presies ✓ | 1 |
| 6.3 | Ja<br>Dit skei die twee gedeeltes tipografies van mekaar./<br>Dit lei die verdieping na 'n geestelike/emosionele ervaring in./<br>Dit verwys na 'n tweede soort aanraking./tweede kenmerk van 'n sagte sprong./<br>Na die dubbelpunt volg 'n verdere verduideliking van die goddelike belewing./<br>Dit suggereer die progressie. ✓✓<br><br>*Die kandidaat bied enige TWEE antwoorde vir EEN punt elk aan.* | 2 |
| 6.4 | Vergelyking ✓<br>**EN**<br>Albei beelde dui op 'n sagtheid./ligtheid./breinfunksies./<br>Dit hou verband met die verstand./intellek. ✓ | 1<br><br><br>1 |
| 6.5 | Die v-alliterasie/alliterasie ✓<br>Die feit dat die woorde in versreël 10 na ‘n aandagstreep voorkom ✓<br>Die herhaling van die woord “vreugde” ✓ | 3 |
| 6.6 | Die titel sê dis lig/sag/vlugtig/soos 'n veer. /<br>Dit tref jou tot in die bewussyn, terwyl vasvat intenser is. /iets konkreets is. ✓<br><br>*Die kandidaat bied albei kante van die kontras vir EEN punt aan.* | 1 |
| | | **[10]** |

# Gedig 7

# besoekersboek –

# Fanie Olivier



**Geboortedatum en –plek:** Stephanus Petrus Olivier is op 23 Junie 1949 in Pretoria gebore. Hy is die seun van professor S.P. Olivier, die eerste rektor van die Universiteit van Durban-Westville.
**Letterkundige werke en Prestasies:** Sy debuutbundel *Gom uit die sipres* verower in manuskripvorm in 1971 die Reina Prinsen Geerligsprys**.** Die verhalende trant van sy werke gee 'n geselspatroon, maar is tog veelvlakkig. Die mens se soeke na liefde en vervuldheid is 'n sterk tema in sy werk. Reis- en herinneringsverse kom ook dikwels voor, sowel as verse wat sterk teen die politieke onreg van apartheid protes lewer.

DRAFT

**besoekersboek – Fanie Olivier**

op die sel se mure het iemand uitgekrap
(of liewer: íngekrap): sy naam en al die dae
van sy duskantse verblyf. gaan mens op stap
deur duikweë stasies onder brûe bly draai die vrae
wie was dié peter? Waar kom pam vandaan?
hoe het die vriendskap tussen brian en ed begin?
sou w.a.l. se ouers hom meer as normaal geslaan
het? hoe lank het lieb sy liesbet bly bemin?
ek loer na hiërogliewe. 'n boer het my gewys
waar jagtonele oorgebly het teen die krans.
vóór in die gideons se bybel is 'n lang lys
lesers wat hul teen sterflikheid probeer verskans.
'n kind hoes seer; 'n lam huil stomgemaak. ek skraap
moed bymekaar: ek was hier en hier het ek geslaap.

Uit: *Skimmelig*, 1978

© Department of Basic Education 2019

**Woorde in gedig**

| WOORD | BETEKENIS |
|---|---|
| besoekersboek | Dit is die gebruik van deftige hotelle en gastehuise om 'n besoekersboek te hê waarin gaste hulle persoonlike besonderhede, asook 'n opmerking oor hulle verblyf daarin kan skryf. |
| uitgekrap | 'n Woord of naam is teen die muur uitgekrap. |
| ingekrap | 'n Harde/rowwe skryfaksie om iets vir ewig in te krap. Die woord of naam is so hard op die muur aangebring dat dit nie verwyder kan word nie. |
| graffiti | 'n Informele tekening of vryskrif op mure, rotse, geboue, toiletmure, skoolbanke. |
| duskantse | Hierdie kant/die binnekant van die tronk. |
| verblyf | Blyplek |
| duikweë | Deurgange vir voetgangers onderdeur paaie, brûe of spoorlyne. |
| meer as normaal geslaan | Onregverdige of oormatige lyfstraf |
| bemin | Liefhê |
| hiërogliewe | Antieke/ou skryftekens van ou Egiptenare/onleesbare skrif. |
| jagtonele | Tekeninge van die jagters teen rotswande. |
| gideons se bybels | Die Gideons is 'n interkerklike groep sakemanne wat Bybels in hotelle en gastehuise, waar mense oorslaap, plaas. |
| sterflikheid | Alle mense moet die een of ander tyd sterf. |
| verskans | Wegsteek / wegkruip / jou teen iets probeer beskerm. |
| stomgemaak | Stilgemaak |

**Opsomming van die gedig**

In 'n besoekersboek word die name van gaste aangetref wat van die blyplek gebruik gemaak het. Hierdie gedig handel oor die gebruik van mense om hulle name en ander inligting op verskeie plekke neer te skryf of uit te kerf. Die spreker neem inskripsies/graffiti waar wat mense op verskeie plekke aangebring het as 'n herinnering aan hulle verblyf daar, of as gevolg van hulle smagting na erkenning. In tronkselle, in duikweë en onder brûe, oral word woorde of tekeninge of simbole aangetref wat sê: "Ek was hier." Hy bring ook uiteindelik sy eie inskripsie aan.

Die mens woon net tydelik op aarde. Die hele gedig verwys na die mens se lewensreis (wat sy lief en leed insluit) op aarde en sy behoefte om iets agter te laat sodat hy onthou kan word. Die mens skryf dus sy naam in die boek van die Lewe.

**1. Soort gedig**

*besoekersboek* kan beskou word as 'n Engelse sonnet. Die gedig bestaan uit 14 versreëls. Die eerste 12 versreëls vorm 'n letterlike beskrywing van al die plekke: voorbeelde van inskripsies, die skryf van name en die uitkrap van boodskappe word genoem. Die laaste 2 versreëls (eindkoeplet) is die wending en vorm die opsomming, hoogtepunt of gevolgtrekking, die spreker se persoonlike waarneming. Daar is geen aangesprokene nie, daarom is dit nie 'n gespreksgedig of praatpoësie nie.

© Department of Basic Education 2019

***Kwatryn 1*** } Kruisrym
*a b a b*
***Kwatryn 2*** } Kruisrym
c d c d
**Kwatryn 3** } Kruisrym
e f e f
**Koeplet** } Paarrym
*g g*

In versreëls 1 tot 8 is 'n derdepersoonsverteller aan die woord. Daar is geen "ek" teenwoordig nie en die spreker neem die graffiti op verskillende plekke waar. In versreëls 9 tot 14 is daar 'n ek-spreker of eerstepersoonspreker: Die woorde "ek" en "my" bewys dit en daar is innerlike gevoelens ter sprake.

2. **Analise van die gedig**

<table>
<tr><td colspan="2">TITEL<br><br>Letterlik verwys die titel na 'n boek waarin 'n gas na sy/haar verblyf in 'n hotel of gastehuis die datum, sy/haar naam en kommentaar skryf. Daar kan ook 'n dieper betekenis (figuurlik) aan die titel geheg word. Die besoekersboek kan die boek van jou lewe wees waarin 'n mens net tydelik vertoef of dit kan beteken dat die mens 'n behoefte het om sy aardse bestaan in een of ander vorm wil laat verewig. Die mens wil onthou word vir wat hy/sy op aarde gedoen het, daarom skryf hy/sy in die besoekersboek. Die mens se aardse bestaan/bydrae is soos 'n inskrywing in die metaforiese besoekersboek van die lewe. Dit word met 'n kleinletter geskryf om die tydelikheid en nietigheid van die aardse bestaan te beklemtoon.</td></tr>
<tr><td colspan="2">STROFE 1<br>In hierdie strofe word na gevangenes verwys wat hulle name en boodskappe op tronkselle se mure uitkrap asook mense wat hulle name in duikweë, onder brûe en op die mure van treinstasies geskryf het.</td></tr>
<tr><td>1. op die sel se mure het iemand uitgekrap</td><td>❖ Die woord sel verwys na verblyf/ plek in 'n tronk.<br>❖ Iemand beklemtoon die onbekende of algemene aard.<br>❖ Redes waarom iemand byvoorbeeld sy/ haar naam op tronksel se muur sal uitkrap:<br>o Die gevangene was moontlik verveeld.<br>o Hy/ sy het net die voorbeeld van ander gevolg om op die muur te krap.<br>o Hy/ sy wil 'n boodskap agterlaat vir gevangenes na hom.<br>❖ Inversie/ omgekeerde woordorde: op die sel se mure is in 'n sinsbevoorregte posisie geplaas om die sel, waar die grafiti voorkom in die beklemtoningsposisie te plaas (voor in versreël).</td></tr>
<tr><td>2. (of liewer: íngekrap): sy naam en al die dae</td><td>❖ Die gevangene het sy/ haar naam, met krag, ingekrap om dit permanent te maak.<br>❖ Die nagedagte nl. íngekrap word uitgehef deur:<br>o dit vooraf te gaan met 'n dubbelpunt wat `n langer ruspose impliseer.</td></tr>
</table>

© Department of Basic Education 2019

<table>
<tr><td></td><td>

- dit in hakies te plaas en sodoende te isoleer.
- die aksie van inkrap met 'n akuutteken op die i-klank te beklemtoon.

❖ Die funksie van die tweede dubbelpunt: na die dubbelpunt volg 'n verklaring van dit wat ingekrap word.<br>
❖ Die baie leestekens wat in versreël 2 voorkom, vertraag die tempo en beklemtoon daardeur die tyd wat die persoon agter tralies moes deurbring.<br>
❖ Die gevangene krap sy/ haar naam en die hoeveelheid dae van sy tronkstraf en hoeveel dae hy al in die tronk is, uit.</td></tr>
<tr><td>3. van sy duskantse verblyf. gaan mens op stap</td><td>❖ duskantse verblyf se letterlike betekenis: al die dae wat hy in die tronk is.<br>
❖ duskantse verblyf se figuurlike betekenis: sy/ haar verblyf/ tyd op aarde.<br>
❖ duskantse impliseer dat daar ook 'n anderkantse verblyf is nl. verblyf buite die tronk (letterlik) of die Hiernamaals (figuurlik).</td></tr>
<tr><td>4. deur duikweë stasies onder brûe bly draai die vrae</td><td>❖ tronksel, duikweë, brûe en stasies: plekke waar mense tydelik vertoef.<br>
❖ Dié plekke hou almal met reis verband.<br>
❖ Mense bring moontlik graffiti onder duikweë, brûe en by stasies aan, omdat hulle hul tyd verwyl terwyl hulle vir 'n trein wag. Hawelose mense slaap ook daar. Die reisigers en haweloses wil 'n bewys agterlaat dat hulle daar was.<br>
❖ Die besoekersboek wat elke keer ingevul/ voltooi word is dus die mure waarop graffiti aangebring word om te wys dat die persoon tydelik daar vertoef het/ besoek afgelê het.<br>
❖ Vrae ontstaan in die spreker se kop soos in strofe 2 genoem.<br>
❖ Die spreker wonder oor die mense wat hulle name hier geskryf het.</td></tr>
<tr><td colspan="2">STROFE 2<br><br>Strofe 2 handel oor wie die graffiti aangebring het en wat van daardie persone geword het. Die gebruik van retoriese vrae is baie effektief en trek dadelik die leser se aandag en laat jou onwillekeurig wonder oor hierdie persone. Die gebruik van kleinletters beklemtoon die anonimiteit (naamloosheid) van die mense. Die vrae in strofe 2 is nie net graffiti nie, maar verteenwoordig kenmerke van die mens se unieke bestaan.</td></tr>
</table>

<table>
<tr><td rowspan="4">5. wie was dié peter? waar kom pam vandaan?</td><td>Vraag</td><td>Unieke kenmerk</td></tr>
<tr><td>wie was dié peter?</td><td>Identiteit van die mens</td></tr>
<tr><td>waar kom pam vandaan?</td><td>Herkoms van van die mens</td></tr>
<tr><td colspan="2">Die name peter en pam word klankmatig verbind en daardeur uitgehef.</td></tr>
</table>

© Department of Basic Education 2019

<table>
<tr><td rowspan="2">6. hoe het die vriendskap tussen brian en ed begin?</td><td>Vraag</td><td>Unieke kenmerk</td></tr>
<tr><td>hoe het die vriendskap tussen brian en ed begin?</td><td>Verhoudings met vriende/ menseverhoudings</td></tr>
<tr><td rowspan="3">7. sou w.a.l. se ouers hom meer as normaal geslaan</td><td>Vraag</td><td>Unieke kenmerk</td></tr>
<tr><td>sou w.a.l. se ouers hom meer as normaal geslaan het?</td><td>Verhouding met ouers</td></tr>
<tr><td colspan="2">❖ w.a.l. is iemand se voorletters, maar kan moontlik ook staan vir “what a loser”, indien die swak verhoudings met die ouers in ag geneem word. Oormatige lyfstraf het veroorsaak dat die persoon geen selfvertroue het nie en homself as ‘n verloorder sien.<br>❖ Die spreker is nie heeltemal teen lyfstraf gekant nie, omdat hy lyfstraf (slaan) as normaal beskou.<br>❖ Die laaste woord van versreël 7 nl. het word in in die begin van versreël 8 geplaas:<br>❖ Ter wille van rymdwang word geslaan aan die einde geplaas sodat dit moet rym met vandaan in reël 5 (kruisrym).<br>❖ Om het in die beklemtoonde posisie voor in die versreël te plaas en te suggereer dat w.a.l. moontlik van sy ouerhuis weggeloop het om mishandeling te vermy.</td></tr>
<tr><td rowspan="3">8. het? hoe lank het lieb sy liesbet bly bemin?</td><td>Vraag</td><td>Unieke kenmerk</td></tr>
<tr><td>hoe lank het lieb sy liesbet bly bemin?</td><td>Verhouding met geliefde</td></tr>
<tr><td colspan="2">❖ Die spreker lees ‘n liefdesboodskappie tussen ‘n liesbet en lieb en wonder oor die tydelikheid van liefdesverhoudings.<br>❖ bly beteken aanhou; die teenoorgestelde van die tydelikheid van alles in hierdie gedig.<br>❖ Die Duitse woord lieb skakel met lief/ bemin.<br>❖ Dit lyk asof die spreker spot met of sinies is oor mense wat verlief raak: die blywendheid en die duur van die liefdesverhouding word bevraagteken.<br>❖ Halfrym / klankeffek: die l- en b-alliterasie maak die versreël klankryk.</td></tr>
<tr><td colspan="3">Algemeen:<br>❖ Die eiename in hierdie strofe word nie met hoofletters geskryf nie, omdat dit universele vrae is wat op almal van toepassing is en nie oor spesifieke mense handel nie.<br>❖ Die vrae in hierdie strofe kan as retoriese vrae beskou word, omdat die spreker nie werklik antwoorde daarop verwag nie, dit is net goed waaroor hy wonder.<br>❖ Daar word lewenskwessies in hierdie strofe aangespreek nl. identiteit, liefdesverhoudings, kindermishandeling, vriendskap en ouer-kindverhoudings.</td></tr>
<tr><td colspan="3">STROFE 3<br>In hierdie strofe word na hiërogliewe, rotskuns en die Gideons verwys. Hiërogliewe is tekeninge wat as skryftekens gebruik is. Die hiërogliewe en rotstekening vind hy op ‘n plaas terwyl hy die Gideonsbybels in moderne oornagplekke vind.</td></tr>
</table>

DRAFT

| | |
|---|---|
| 9. ek loer na hiërogliewe. 'n boer het my gewys | ❖ Die spreker *loer* slegs na die hiërogliewe, want dit is onleesbaar en onverstaanbaar.<br>❖ Hierdie is 'n gepaste beeld, want die woorde wat mense op mure en duikweë uitkrap of teken, is vir die spreker *hiërogliewe,* omdat die volle betekenis van graffiti dikwels vir die leser verborge is. Dit verraai nie veel van die identiteit en agtergrond van die skrywer nie. Die spreker verstaan dikwels ook nie die kodes en simbole wat die graffitikunstenaar gebruik nie.<br>❖ In die lewe is daar vir ons ook baie hiërogliewe, m.a.w. dinge wat vir ons onverstaanbaar is.<br>❖ In die gedig word verdere moontlike betekenisse van *hiërogliewe* gemotiveer. |
| 10. waar jagtonele oorgebly het teen die krans. | ❖ *jagtonele ... teen die krans:* San (Boesman) kuns of –tekeninge teen rotswande.<br>❖ Hierdie tekeninge kom op 'n boer se plaas voor.<br>❖ *oorgebly* impliseer dat die tekeninge deur die jare verweer of vervaag het en net sekere van die tonele behoue gebly het.<br>❖ Die San het duisende jare gelede deur middel van tekeninge van onder meer jagtonele op rotswande, hulle leefwyse uitgebeeld. Dit was hulle manier om te sê: "Ons was hier".<br>❖ Graffiti stem ooreen met die jagtonele, omdat beide as kuns beskou kan word en van 'n behoefte van die kunstenaar om iets blywends agter te laat. |
| 11. vóór in die gideons se bybel is 'n lang lys | ❖ Die mense wat gewoonlik die *gideons se bybel* lees, is reisigers wat by hotelle en motelle oornag, pasiënte in hospitale en gevangenes in tronke.<br>❖ *vóór* word beklemtoon omdat 'n mens nie sou verwag dat die lesers hulle name voor in die Bybel skryf nie – dit behoort immers nie aan hulle nie. 'n Mens sou eerder verwag dat hulle hul name langs 'n belangrike teksvers of aan die einde skryf – nadat hulle dit gelees het. |
| 12. lesers wat hul teen sterflikheid probeer verskans. | ❖ Lesers skryf gewoonlik hulle name voorin die Gideonsbybels omdat hulle hulself op hierdie manier probeer verewig om so van hulle sterflikheid te probeer wegkom. Daardeur leef hulle name/ hulle bestaan na hulle dood voort. Hulle dink as hulle hul name in die Bybels skryf, sal hulle nader aan God se beskerming wees.<br>❖ Die woord *probeer* dui egter daarop dat die lesers se pogings tevergeefs is.<br>❖ Hierdie optrede van die lesers van die Bybels is ironies, want die mens se pogings om homself te verewig is futiel/ onmoontlik: die ewige lewe kan net deur God verkry word. |
| **Algemeen:** Elke mens het 'n behoefte om onthou te word. En die lewe is, soos dit in hierdie gedig uitgespel word, net 'n plek waar daar oorgeslaap word. Die mens se bestaan op aarde is net tydelik. Simbolies is die besoekersboek waarna daar in hierdie gedig verwys word die tydelike bestaan van die mens op aarde. | |

DRAFT

| | |
|---|---|
| **STROFE 4**<br>Die wending van die gedig tref ons in die rymende eindkoeplet aan. Hier word verwys na die lyding en seerkry op die lewensreis van die mens. | |
| 13. ‘n kind hoes seer; ‘n lam huil stomgemaak.  ek skraap | ❖ Hier kom die die wending in die gedig deurdat daar ‘n meer persoonlike, introspektiewe toon voorkom (*ek* kom drie keer voor).<br>❖ Hier is sprake van ‘n meer onmiddelike werklikheidsbelewing *(’n kind hoes seer).* Die idee van pyn en swaarkry kom vir die eerste keer voor.<br>❖ Die verband tussen kind en lam: beide is jonk, weerloos en kan maklik seerkry.<br>❖ *‘n lam huil stomgemaak: dit is ‘n voorbeeld van ‘*n oksimoron, want *huil* kan nie *stom* (sonder geluid) plaasvind nie.<br>❖ Die *lam* (wat op Christus kan dui) is stom oor die mense wat hul sterflikheid probeer besweer.<br>❖ Die lam huil na binne/ dra die seer binne.<br>❖ Die onbepaalde lidwoord *‘n* voor kind en lam dui op hulle universaliteit, identiteitsloosheid en anonimiteit. Dit maak hulle simbolies van almal wat seerkry.<br>❖ Lam van God kan ook verwys na Jesus, ons Saligmaker, wat as offerande vir ons gegee is. |
| 14. moed bymekaar: ek was hier en hier het ek geslaap. | ❖ Die spreker voel onseker en bang; hy twyfel oor sy optrede daarom *skraap hy moed bymekaar.*<br>❖ Hy skraap moed bymekaar om `n teken van sy lewe op aarde agter te laat, om ook `n *besoekersboek* te teken en om te sê: ek was hier.<br>❖ Hier word verwys na die spreker se aardse bestaan. Die herhaling daarvan beklemtoon die onoorkombare feit dat hy hier en nou op die aarde leef en ook op die onontkombare feit dat hy sal sterf.<br>❖ Die mens skryf ook sy naam in die boek van die lewe: *ek was hier en hier het ek geslaap.*<br>❖ Hy *was* hier:  Die verlede tyd dui op die einde.  Hy het letterlik daar geslaap of oornag, maar hy gaan nou die ewige slaap of dood ervaar. |
| **Algemeen:**  Elke mens het ‘n behoefte om onthou te word.  En die lewe is, soos dit in hierdie gedig uitgespel word, net ‘n plek waar daar oorgeslaap word.  Die mens se bestaan op aarde is net tydelik. Voordat die mens sterf, wil hy iets van homself nalaat.  Simbolies is die besoekersboek, waarna daar in hierdie gedig verwys word, die tydelike bestaan van die mens op aarde. | |

### 3. Tema en boodskap

Die mens se aardse bestaan as die tema is soos ‘n inskrywing in die metaforiese besoekersboek van die lewe.  Die mens het ‘n behoefte om sy aardse bestaan in ‘n besoekersboek te verewig. Die mens wil onthou word vir wat hy / sy op aarde gedoen het, daarom skryf hy / sy in die besoekersboek.

‘n Moontlike boodskap is dat elke mens moet sterf.  Dit dui die finaliteit van die mens se sterflike bestaan op aarde aan.

DRAFT

© Department of Basic Education 2019

**4. Beeldspraak en stylfigure**

| Reël | Beeldspraak of stylfigure: | Verduideliking |
|---|---|---|
| 2 | ingekrap | Suggestie: die persoon wou sy naam diep inkrap, sodat dit behoue bly. Hy wou homself verewig en dit dui ook op sterk emosie soos frustrasie of woede oor sy ingeperktheid.<br>Implikasie: *uitkrap* impliseer dat sy naam dalk uitgewis kon word. |
| 2 | (of liewer: ingekrap) | Parentese: dit tussen hakies is 'n nagedagte wanneer die spreker besef dat hy eerder *ingekrap* wil sê, omdat dit sterker emosie uitdruk. |
| 5-7 | wie was dié peter?<br>***<br>liesbet by bemmin?" | Retoriese vrae: die spreker vra vrae waarop hy/ sy nie antwoorde verwag nie. Die retoriese vrae beklemtoon die universele verskynsel dat mense iewers 'n merk wil laat. |
| 8 | hoe lank | Implikasie: die vraag impliseer dat liefdes-verhoudings soms nie vir altyd hou nie. |
| 11 | vóór in die gideons se bybel | Ironie: mense skryf hulle name voor in die Bybels, maar die Bybels behoort nie aan hulle nie. Eintlik sê die Bybel die ewige lewe kom deur geloof in Jesus. |
| 13 | huil stomgemaak | Paradoks: 'n skynbare teenstrydigheid. Jy kan nie stil wees wanneer jy huil nie. Die paradoks beklemtoon die intense seerkry. |
| 9 - 14 | ek loer na hiërogliewe.<br>***<br>en hier het ek geslaap. | Wending: Daar is geen *ek* in die eerste 8 reëls nie, maar reël 9 begin met *ek* en in reël 9, 13 en 14 kom *ek* vier maal voor. Die gedig verander hier van 'n waarneming na introspeksie (selfondersoek) en raak meer persoonlik. |
| 5 | wie was dié peter? Waar kom pam vandaan? | Alliterasie van die p-klanke: die vriendskapsband tussen peter en pam beklemtoon. |
| 8 | het? Hoe lank het lieb sy liesbet bly bemin? | Alliterasie wat na die liefdesband tussen lieb en liesbet verwys. |

DRAFT

5. **Toon en stemming**

Die toon is somber, want dit handel oor die dood.
Die stemming is bespiegelend of nadenkend.

© Department of Basic Education 2019

**Aktiwiteit 7**

Lees die gedig weer deur en beantwoord dan die vrae wat volg.

7.1 Haal TWEE opeenvolgende woorde uit versreël 3-4 aan wat op die mense se aardse bestaan dui. (1)

7.2 Herlees versreël 5-6.

Gee die geïmpliseerde betekenis van ELKEEN van die drie vrae. (3)

7.3 Dink jy dat die gebruik van "hiërogliewe" in versreël 9 'n goeie woordkeuse is? Motiveer jou antwoord. (1)

7.4 Gee die rymskema van versreël 9-12. Wat word hierdie eindrym genoem? (2)

7.5 Benoem die stylfiguur wat in die onderstreepte woorde van versreël 13 voorkom en verduidelik die betekenis daarvan in jou eie woorde. (2)

7.6 Waarom kan ons sê dat die gedigtitel die tema ondersteun? (1)

**[10]**

**Nasienriglyne**

| **Vraag** | **Antwoord** | **Punt** |
|---|---|---|
| 7.1 | "duskantse verblyf" ✓ | 1 |
| 7.2 | Die spreker vra vrae oor:<br>• die identiteit van die mens/wie die mens is. ✓<br>• die herkoms van die mens/waar die mens vandaan kom. ✓<br>• die sosiale lewe van die mens/menseverhoudinge. ✓ | 3 |
| 7.3 | Ja.<br>Dit dui op die mens se (volle) verhaal verborge/(in die besoekersboek) weggesteek/onduidelik is. | 1 |
| 7.4 | abab/efef ✓<br>kruisrym/gekruiste rym ✓ | 2 |
| 7.5 | Oksimoron/Paradoks ✓<br>Huil kan nie stom (sonder geluid) plaasvind nie /<br>Die lam (wat op Christus kan dui) is nie stil/stom oor die mense/besoekers wat hul sterflikheid probeer besweer nie. /<br>Die lam huil in stilte / na binne / dra die seer binne.✓<br>*Jy kan enige EEN van bogenoemde verduidelikings aanbied.* | 2 |
| 7.6 | Die mens is 'n tydelike besoeker op aarde/verewig/dui sy bestaan in 'n besoekersboek aan./<br>Die mens het 'n behoefte om sy aardse bestaan in 'n besoekersboek te verewig./<br>Die mens wil onthou word vir wat hy/sy op aarde gedoen het, daarom skryf hy/sy in die besoekersboek./<br>Die mens se aardse bestaan/bydrae is soos 'n inskrywing in die metaforiese besoekersboek van die lewe. ✓<br>*Jy kan enige EEN van bogenoemde verduidelikings aanbied.* | 1 |
| | | **[10]** |

© Department of Basic Education 2019

# Gedig 8



# oupa Thomas Granfield - Ronelda S. Kamfer

**Geboortedatum en –plek**: Ronelda Kamfer is op 16 Junie 1981 in Blackheath in die Kaapse Skiereiland gebore. Op driejarige ouderdom gaan bly sy by haar oupa en ouma, Thomas Daniel en Sarah Granfield, wat op ’n appelplaas by Grabouw gewerk het. Sy is terug na haar pa en ma, Gertrude en Ronald, in Blackheath toe sy tien was. Hulle verhuis later na Eersterivier op die Kaapse Vlakte, waar sy eerstehands kennis maak met die berugte bendekultuur. ’n Skoolmaat is voor haar oë buite die skool in kruisvuur doodgeskiet.

**Letterkundige werke en Prestasies**: Uit die meer as vierduisend gedigte wat die samestellers, Antjie Krog en Alfred Schaffer, vir keuring moes lees, het twee van Ronelda se verse, “Bedrewenheid” en “Kuns en Culture”, haar in dié bundel laat debuteer. Hierdie is ’n debuutbundel verskyn op ’n tydstip toe digbundels al minder gepubliseer is en toe daar ’n tekort aan nuwe, maar veral jong stemme in Afrikaans is: “Kamfer se gedigte is vreesloos, en skram nie weg van taboe-onderwerpe nie. Sy was mede-wenner van die Eugène Maraisprys in 2009 vir haar debuutbundel en in 2012 ontvang sy die Kanna vir Afrikaans Onbeperk vir ’n Jong Stem vir haar publikasie *grond / Santekraam*.

DRAFT

## oupa Thomas Granfield – Ronelda Kamfer

1.

1. dis vandag my oupa Thomas
2. se verjaardag
3. dit sou gewees
4. het
5. hy is dood
6. toe ek in matriek was
7. dit is al wat ek regtig van
8. matriek kan onthou

9. die oggend toe die telefoon lui
10. het my ma nie kom sê nie
11. sy en my pa het opgestaan
12. en is weg hospitaal toe

13. al die grootmense my oupa se kinders en hulle
14. mans en vroue is hospitaal toe

15. ek wou saamgaan
16. ek wou net my oupa
17. belowe dat ek okay sou wees
18. dat ek eendag 'n boek gaan skryf
19. en hom nooit sal vergeet nie en
20. dat ek die liefste vir hom was

21. my ma het 'n paar uur later
22. gebel om te sê dat ek vir my en my suster moet kos maak
23. sy het niks gesê van my oupa nie
24. haar woorde het soos vlermuise om my gevlieg

25. ek het gewag vir iets
26. vir Pappa is dood
27. of dis verby of hy's oorlede
28. maar sy't aanhou praat oor kos
29. toe ek haar uiteindelik stop en vra
30. het die vlermuise aanhou vlieg

31. "ja, vroeg vi-oggend"

2.

32. die swaarste vir my was nie dat my oupa dood was nie
33. maar
34. dat die aarde aanhou draai het
35. dat ek aanhou leef het
36. dat alles wat verkeerd was nog steeds verkeerd is
37. dat ek kon slaap en wakker word
38. matriek slaag en aan 'n toekoms dink
39. die ergste van alles was dat ek alles kon doen wat
40. ek moes doen
41. en al wat ek regtig wou doen was om te huil
42. ek wou dae aaneen huil

DRAFT

© Department of Basic Education 2019

43. ek wou sy leeftyd uithuil
44. ek wou huil vir wie hy was en vir wie hy kon wees
45. ek wou huil oor die onregverdigheid
46. en ek wou huil omdat hy regtig lief was vir my
47. en omdat ek geweet het dat hy lief was vir my

48. vandag
49. jare na sy dood
50. onthou ek eending van oupa Thomas

51. "niemand kan jou seerder maak as jy jouself nie"

Uit: *grond/Santekraam*, 2009

DRAFT

Woorde in gedig

| WOORD | BETEKENIS |
|---|---|
| okay | in orde, alles is reg/onder beheer |
| vlermuise | vrugtevretende soogdiere wat snags rondvlieg en waarvoor mense dikwels gril |
| oorlede | afgesterf/dood/lewe nie meer nie |
| vi-oggend | variant-uitspraak vir vanoggend |
| uiteindelik | op die ou einde |
| toekoms | wat nog moet gebeur |
| leeftyd | tydperk waarin of waartydens mens leef |
| uithuil | huil tot jy nie meer kan nie/klaar huil |
| onregverdigheid | onbillik/onredelik/onmenslik wees |

**Opsomming van die gedig**

Die gedig fokus op die gebeure rondom die skrywer se oupa se dood en watter geweldige uitwerking dit op haar gehad het. Sterk klem val op die ek-spreker se gevoelens en gedagtes oor die manier waarop sy die boodskap van sy dood ontvang het. Haar oupa se dood het 'n groot impak op haar gevoelens gehad en ook hoe sy haar lewe voortgesit het. Sy was hartseer omdat sy sy liefde verloor het en nooit weer so veilig en geborge sou voel nie. Die moeilikste vir haar was om te aanvaar dat die lewe, na haar oupa se dood, soos gewoonlik voortgaan.

**1. Soort gedig**

*Oupa Thomas Granvield* kan as 'n vrye vers beskou word waarin geen vaste rympatroon en strofebou voorkom nie. Feitlik geen leestekens is gebruik nie en dit versterk die vloei van die

gedig. Dit is ook ‘n elegie/treurlied/lykdig waarin die spreker haar hartseer oor die verlies van haar geliefde oupa verwoord. Die gedig is ook ‘n voorbeeld van praatpoësie. Dit is in ‘n verteltrant geskryf, daarom klink dit asof die spreker met die leser praat.

Gedig bestaan uit twee dele. Deel 1 handel op die vertelling van die gebeure rondom die spreker se oupa se dood. Deel 2 handel oor die tyd na haar oupa se dood en die uitwerking van sy dood op haar. Die gedig bestaan uit 51 versreëls. Daar is 10 strofes van wisselende lengtes.

Deel 1

Strofe 1: 8 versreëls (Oktaaf)

Strofe 2: 4 versreëls (Kwatryn)

Strofe 3: 2 versreëls (Koeplet)

Strofe 4: 6 versreëls (Sekstet)

Strofe 5: 4 versreëls (Kwatryn)

Strofe 6: 6 versreëls (Sekstet)

Strofe 7: 1 versreël

Deel 2

Strofe 8: 16 versreëls

Strofe 9: 3 versreëls (Tersine)

Strofe 10: 1 versreël

2. Analise van die gedig

| | |
|---|---|
| Titel<br><br>oupa Thomas Granfield | ❖ Die naam van die persoon waaroor die gedig handel, is die kleinkind se oupa, Thomas Granfield.<br>❖ *oupa* is met ’n kleinletter geskryf, sy name in hoofletters.<br>❖ Volgens die spreker wou sy haar oupa se naam meer beklemtoon; dat hy nie net ’n oupa is nie, maar iemand wat deel is van die Skipskop-geskiedenis.<br>❖ Haar oupa staan dus sentraal in die gebeure en is die fokus van hierdie gedig. |

© Department of Basic Education 2019

| DEEL 1: Die oupa se dood. | |
|---|---|
| STROFE 1 | |
| 1. dis vandag my oupa Thomas | ❖ Dat die gedig oor haar oupa handel, word in reël 1 bevestig.<br>❖ Die gedig begin in die hede, skep aanvanklik die indruk dat haar oupa nog leef.<br>❖ *my oupa* dui op hulle hegte verhouding. |
| 2. se verjaardag | ❖ Dit is 'n sekere dag en datum en dit is haar oupa se verjaardag.<br>❖ Die v-alliterasie bind *vandag* en *verjaardag* |
| 3. dit sou gewees | ❖ Die teenwoordige tyd word deur die verlede tyd gevolg.<br>❖ *sou gewees* het bevestig dat hy reeds dood is.<br>❖ Die bewys dat die spreker haar oupa steeds onthou, is dat sy onthou dat vandag sy verjaardag sou gewees het. |
| 4. het | ❖ Die woord *het* word uitgehef deur alleenplasing. Die funksie daarvan is om die verlede en die verlies op te roep tussen r. 1-2. In r.4 is daar die kontras van dood teenoor lewe. |
| 5. hy is dood | ❖ Hier word nie doekies omgedraai of `n eufemisme gebruik nie.<br>❖ Die woorde *hy is dood* is `n saaklike en nugtere mededeling. |
| 6. toe ek in matriek was | ❖ Haar oupa is dood toe sy in graad 12 was. |
| 7. dit is al wat ek regtig van | ❖ *al* wys op die impak wat sy dood op haar het. |
| 8. matriek kan onthou | ❖ Sy onthou niks anders van matriek nie, net die traumatiese gebeure rondom haar oupa se dood.<br>❖ Haal hele belewenis van matriek word oorheers deur haar oupa se dood. |

© Department of Basic Education 2019

| | |
|---|---|
| STROFE 2 | |
| 9. die oggend toe die telefoon lui | ❖ Die vroeg lui van die telefoon is baie ontydig en voorspel in die meeste gevalle, soos ook in spreker se ouerhuis, slegte nuus.<br>❖ Dit was waarskynlik die hospitaal/ouma wat gebel het. |
| 10. het my ma nie kom sê nie | ❖ Toe die telefoon die oggend lui, het die ma nie die kinders ingelig oor die aard van die oproep nie.<br>❖ Hierdie feit word uitgehef deur die dubbele gebruik (*herhaling*) van die woord *nie.*<br>❖ Die moeder wou die kinders heel waarskynlik teen die slegte nuus beskerm het.<br>❖ Spreker verwyt haar ma by implikasie omdat kleinkinders nie by hierdie gebeure betrek is nie. |
| 11. sy en my pa het opgestaan | ❖ Dit moes vroegoggend wees, want haar ouers het nog geslaap toe die telefoon lui. |
| 12. en is weg hospitaal toe | ❖ Haar ouers moes dadelik hospitaal toe gaan omdat die oupa op sterwe lê (of pas afgesterf het). |
| STROFE 3 | |
| 13. al die grootmense my oupa se kinders en hulle | ❖ Al oupa Thomas se kinders (ook aangetroude familie) is saam hospitaal toe. Die kleinkinders is nie saam nie.<br>❖ Hulle word spesifiek die *grootmense* genoem en dit kontrasteer met die kinders wat moes tuisbly. |
| 14. mans en vroue is hospitaal toe | ❖ Dit lyk asof net grootmense by oupa Thomas se sterfbed toegelaat is. |
| Versreëls 13 en 14 is tipografies geskei van die ander strofes. Dit word in isolasie geplaas en dui aan dat die spreker uitgesluit gevoel het. Dit suggereer ook dat sy (wat so lief vir hom was) nie toegelaat was om hospitaal toe te gaan nie, maar al die ander (wat dalk nie so na aan haar oupa was nie) was by toe hy gesterf het. | |
| STROFE 4 | |

DRAFT

© Department of Basic Education 2019

| | |
|---|---|
| 15. ek wou saamgaan | ❖ Die voornaamwoord *ek* word 5 keer in hierdie strofe herhaal en die funksie daarvan is dat dit aandui dat die strofe op die spreker se gevoelens gaan fokus. |
| 16. ek wou net my oupa | ❖ Die veelvuldige herhaling van die woorde *ek wou*, bevestig haar begeerte om van haar oupa te gaan afskeid neem. |
| 17. belowe dat ek okay sou wees | ❖ Sy wou hom gerusgestel het dat sy *okay* sou wees.<br>❖ Dit sou vir haar gemoedsrus en afsluiting bring.<br>❖ Ironie: Sy wil vir hom sê dat sy *okay* is, maar sy is glad nie. |
| 18. dat ek eendag 'n boek gaan skryf | ❖ Die feit dat sy vir haar oupa wou sê *dat sy eendag `n boek gaan skryf*, is belangrike inligting wat hier gegee word.<br>❖ Haar oupa het altyd stories vertel en hy was haar inspirasie om te skryf.<br>❖ Sy mis haar oupa, maar om oor hierdie gebeure te skryf, vind sy berusting. |
| 19. en hom nooit sal vergeet nie en | ❖ Met die skryf van dié gedig in die bundel kom sy haar belofte na. |
| 20. dat ek die liefste vir hom was | ❖ Sy is die liefste vir haar oupa van enige van haar ander familie, dus liewer as selfs vir haar pa en ma. |
| Die dubbele betekenis van *dat ek die liefste vir hom was*: sy was van al die kleinkinders die liefste vir hom OF hy was van almal die liefste vir haar.<br><br>Progressie: reëls 17-20: Dit wat sy oor haar oupa sê, raak geleidelik meer positief. Sy is eers net *okay*, dan wil sy *'n boek skryf* en dan sal sy *hom nooit vergeet nie* en dan wil sy vir hom sê hoe lief sy vir hom is.<br><br>Die herhalende gebruik van *ek* is 'n retoriese middel wat suksesvol aangewend word om die gedig te verpersoonlik omdat hierdie strofe oor die spreker se gevoelens handel. | |
| STROFE 5 | |
| 21. my ma het 'n paar uur later | ❖ Die ma het die behoefte om met haar dogters kontak te maak, maar sy het niks gesê oor haar oupa of sy toestand nie. |

DRAFT

| | |
|---|---|
| 22. gebel om te sê dat ek vir my en my suster moet kos maak | ❖ Hierdie is die langste reël in die gedig en dui op die ander onbelangrike dinge waaroor haar ma praat, maar dat sy nie oor die belangrikste ding, haar oupa, praat nie. Haar ma het gesê sy moet vir haar en haar suster kos maak.<br>❖ Oupa is dood en die ma het die behoefte om met haar dogters te praat. Sy het egter nie die moed om die slegte nuus aan hulle oor te dra nie.<br>❖ Dit wys op die moeder se sorgsaamheid asook die feit dat sy eintlik die slegte nuus wat sy moet oordra, uitstel. |
| 23. sy het niks gesê van my oupa nie | ❖ Die spreker se ma wou nie die slegte nuus oor haar oupa oor die telefoon aan haar oordra nie.<br>❖ Die spreker het vermoed dat oupa Thomas reeds dood is. |
| 24. haar woorde het soos vlermuise om my gevlieg | ❖ Hierdie vergelyking dui daarop dat sy verward was en haar ma se woorde het nie ingesink nie, want sy wou veel eerder inligting oor haar oupa gehad het.<br>❖ Sy was bang sy hoor dit wat sy juis nie wil hoor nie; naamlik dat haar oupa oorlede is.<br>❖ Die *vlermuise* verteenwoordig 'n bedreiging, dit waarvan sy nie ontslae kan raak nie.<br>❖ Haar ma se woorde word vergelyk met *vlermuise*. Sy voel asof sy in 'n donker grot is en moet koes vir die vlermuise rondom haar.<br>❖ Die vlermuis-beeld word uitgebrei deur die metafoor in reël 30: *het die vlermuise aanhou vlieg*. |
| STROFE 6 | |
| 25. ek het gewag vir iets | ❖ Sy het vermoed dat haar ma slegte nuus (doodstyding) het.<br>❖ Sy het daarvoor *gewag*. Sy noem dit aanvanklik *iets* omdat dit te moeilik vir haar is om die woord "dood" te sê. Sy wil ook nie die |

DRAFT

| | |
|---|---|
| | slegte nuus vooruitloop nie.<br>❖ Dit is ironies dat haar ma stilbly oor die oupa se dood, maar dit is eintlik deur haar stilswye dat die spreker aflei dat hy dood is. |
| 26. vir Pappa is dood | ❖ Hier verwoord die spreker die nuus waarvoor sy gewag het.<br>❖ Die gedig praat van "Pappa" in plaas van "Oupa" wat aandui dat dit haar ma se woorde moet wees waarvoor sy wag. |
| 27. of dis verby of hy's oorlede | ❖ Sy vermoed dat haar ma dit dalk ook op `n sagter manier sou stel.<br>❖ Sy skryf ook die ander eufemistiese (versagtende) moontlikhede wat haar ma kan gebruik om die nuus oor te dra om die kinders minder te ontstel. |
| 28. maar sy't aanhou praat oor kos | ❖ Haar ma wil die oordra van die slegte nuus nog meer uitstel.<br>❖ Sy wil ontvlug van die werklikheid en het die hele tyd oor die kos aanhou praat. |
| 29. toe ek haar uiteindelik stop en vra | ❖ Die spreker kon nie langer die spanning hanteer nie en het haar ma onderbreek en haar gevra of oupa Thomas dood is. |
| 30. het die vlermuise aanhou vlieg | ❖ Hierdie is 'n metafoor: die *vlermuis*-beeld word gebruik om die vrees van die spreker asook die moontlike verwardheid wat die nuus by haar mag veroorsaak, uit te beeld.<br>❖ Die gebruik van die *vlermuis*-beeld is effektief, want dit hef die beeld in reël 24 uit en beklemtoon die teenwoordigheid van die dood.<br>❖ Dit kan ook daarop dui dat sy die realitiet van oupa Thomas se dood so lank as moontlik probeer uitstel deur nie na die woord *dood* te verwys nie.<br>❖ Die nuus het nie vir haar berusting gebring nie. |
| Die afwesigheid van leestekens in reëls 25 tot 30 sluit by die spreker se gemoedstoestand aan deur die onbeheersde/deurmekaar gedagtes van die spreker te versterk. Dit dui ook op | |

<table>
<tr><td colspan="2">die spreker se ongeduld om nuus van haar ma te kry. Dit dui ook daarop dat sy bang is vir die slegte nuus wat sy mag ontvang.</td></tr>
<tr><td colspan="2">STROFE 7</td></tr>
<tr><td>31.” ja, vroeg vi-oggend”</td><td>❖ vi-oggend: ‘n variant-uitspraak vir vanoggend<br>❖ Die gebruik van aanhalingstekens dui aan dat sy haar ma se direkte woorde aanhaal.<br>❖ Dit is ‘n verdere bewys dat sy haar oupa se dood baie goed onthou.<br>❖ Hierdie strofe bestaan uit 1 versreël.<br>❖ Deur middel van alleenplasing word die finaliteit van die dood beklemtoon en dat sy dood haar alleen agtergelaat het.</td></tr>
<tr><td colspan="2">DEEL 2 handel oor die tyd na sy dood en hoe dit vir die spreker geraak het. Die tweede gedeelte gaan dus oor die spreker se gevoelens en emosies.</td></tr>
<tr><td colspan="2">STROFE 8</td></tr>
<tr><td>32. die swaarste vir my was nie dat my oupa dood was nie</td><td>❖ Die swaarste was nie haar oupa se dood nie, maar die feit dat sy haar lewe moes voortsit sonder hom.<br>❖ Die gebruik van die oortreffende trap beklemtoon haar hartseer.</td></tr>
<tr><td>33. maar</td><td>❖ Hierdie teenstellende voegwoord dui aan wat eintlik die swaarste gaan wees en dit is hoe moeilik sy haar lewe sonder haar oupa voorstel.<br>❖ Dit is vir haar die moeilikste dat die lewe net soos gewoonlik aangaan na haar oupa se dood.</td></tr>
<tr><td>34. dat die aarde aanhou draai het</td><td>❖ Hierdie versreël het `n meerduidende<br>betekenis:<br>o Die lewe gaan normaal en soos altyd aan ten spyte van haar verlies.<br>o Die wêreld gaan nie tot stilstand kom omdat sy haar oupa verloor het nie.<br>o Haar lewe is op sy kop gedraai deur haar oupa se dood. Sy kan nie `n rooskleurige toekoms sien nie.</td></tr>
</table>

© Department of Basic Education 2019

| | |
|---|---|
| 35. dat ek aanhou leef het | ❖ Die probleem was nie dat sy nog leef nie, maar dat sy haar lewe sonder haar oupa moet voortsit.<br>❖ Die herhaling van *aanhou draai (reël 34)* en *aanhou leef* beklemtoon haar eie gedwonge bestaan. |
| 36. dat alles wat verkeerd was nog steeds verkeerd is | ❖ Hierdie woorde kan dui op die ongeregtigheid wat die bruinmense in die apartheidsjare ervaar het.<br>❖ Die woord *alles* word hier gebruik en in versreël 39 herhaal.<br>❖ Die funksie daarvan is dit beklemtoon dat niks a.g.v apartheid voor haar oupa se dood reg was nie, en na sy dood alles nog steeds verkeerd is omdat hy nie die regstelling van die foute van die verlede kan beleef nie. |
| 37. dat ek kon slaap en wakker word | ❖ Slaap en wakker is kontrasterende woorde wat die normale sikliese verloop van die lewe beklemtoon, terwyl sy eintlik wou hê alles moet stop sodat sy kan rou oor haar oupa se dood. |
| 38. matriek slaag en aan ’n toekoms dink | ❖ Die ergste vir die spreker was dat haar lewe voortgaan soos normaal. Almal het van haar verwag om haar matriek te slaag en haar toekoms te beplan ten spyte van haar verlies. |
| 39. die ergste van alles was dat ek alles kon doen wat | ❖ Haar oupa is weg, maar feitlik niks het verander nie.<br>❖ Sy voel skuldig omdat sy nog haar hele lewe voor haar het en haar oupa s’n verby is. |
| 40. ek moes doen | |
| 41. en al wat ek regtig wou doen was om te huil | ❖ Al die verwagtinge van ander, asook geleenthede wat hulle voorgedoen het, was vir haar emosioneel die ergste omdat al wat sy wou doen, was om oor haar oupa te treur en sodoende sy dood te verwerk. |
| 42. ek wou dae aaneen huil | ❖ Die frase ek *wou ... huil* word ook herhaal om die dringendheid van die spreker se behoefte om oor haar oupa te treur, aan te dui. |
| 43. ek wou sy leeftyd uithuil | ❖ Die woord *uithuil* is ‘n goeie woordkeuse omdat |

DRAFT

© Department of Basic Education 2019

| | |
|---|---|
| | dit die intensiteit van haar emosie aandui.<br>❖ Sy wou so lank huil dat sy sy lewe van geboorte tot dood herdenk. |

| | |
|---|---|
| 44. ek wou huil vir wie hy was en vir wie hy kon wees | ❖ Sy het nooit ophou treur oor haar oupa se dood nie.<br>❖ Met *vir wie hy was* bedoel sy dat hy hardwerkend was en ook baie talentvol, hy was `n goeie mens. |
| 45. ek wou huil oor die onregverdig-heid | ❖ Die spreker se oupa verteenwoordig vir haar 'n generasie van mense wat nie kon droom nie en as gevolg van die kleur van hulle vel, hul lewe volgens wat die wet toegelaat het, moes leef.<br>❖ Sy *huil* in dieselfde asem ook oor die onreg-verdigheid van die feit dat sy soveel geleenthede het en dat sy haar potensiaal kan uitleef, terwyl haar oupa-hulle nie die geleenthede gehad het nie en nooit hulle volle potensiaal kon ontgin nie.<br>❖ *Onregverdigheid:* dit verwys na die apartheidsbestel waardeur sommige mense van geleenthede ontneem is. |
| 46. en ek wou huil omdat hy regtig lief was vir my | ❖ Sy wou *huil* oor die feit dat hy regtig *lief* was vir haar en dat sy dit kon agterkom uit sy woorde en dade. |
| 47. en omdat ek geweet het dat hy lief was vir my | ❖ Dit lyk asof dit 'n herhaling van die vorige versreël is, maar daar is egter 'n verskil. Die spreker het gekoester gevoel met die wete dat hy haar liefgehad het. Sy het dus sy liefde en onderskraging vir altyd verloor. |
| Let op na die progressie wat met die gebruik van die woord *huil bewerkstellig word:*<br>o Eers wou die spreker net *huil* (r. 41).<br>o Daarna wil sy *dae aaneen huil* (r. 42).<br>o Laastens wou sy 'n *leeftyd uithuil* (r. 43).<br>Die woord *huil* word 6 keer in versreëls 41 – 46 herhaal en dit beklemtoon haar hartseer oor haar oupa. Sy wil treur, maar kry nie die geleentheid daarvoor nie. Die woord *huil* weerspreek | |

DRAFT

| | |
|---|---|
| haar gemoedstoestand in r. 17 waar sy sê dat sy *okay* sal wees. | |
| STROFE 9 | |
| 48. vandag | ❖ Sy onthou oupa se woorde op sy verjaardag, in die hede, terwyl sy aan hom dink. |
| 49. jare na sy dood | ❖ Oupa Thomas is nie onlangs dood nie, maar al ‘n geruime tyd. Dit beklemtoon hoe diep die letsel van sy dood op haar gemoed lê. |
| 50. onthou ek eending van oupa Thomas | ❖ Herinneringe aan haar oupa vervaag. |
| STROFE 10 | |
| 51. niemand kan jou seerder maak as jy jouself nie | ❖ Die klimaks is in die slotversreël wanneer die spreker die raad tussen aanhalingstekens sit, omdat sy haar oupa se woorde aanhaal en in herinnering roep.<br>❖ Die lewensles word uitgehef deurdat dit ‘n eenreëlige strofe is wat alleen geplaas is.<br>❖ Sy besef, met hierdie woorde van haar oupa wat sy onthou, dat elke mens verantwoordelik is vir sy eie geluk.<br>❖ Hoe jy dinge benader en verwerk, sal bepaal of jy geluk of ongeluk sal smaak.<br>❖ Hierdie boodskap is op die spreker, oupa Thomas - en universeel op elke mens - van toepassing. |
| **ALGEMEEN** | |
| Die hooflettergebruik in die gedig | ❖ Hoofletters kom 3 keer voor:<br>o in die titel wanneer haar oupa se volle name gegee word.<br>o in reël 2 wanneer sy eerste naam gegee word.<br>o in strofe 6 met haar ma se woorde: *Pappa is dood*.<br>❖ Verder is geen ander hoofletters gebruik nie. Die gebrek aan hoofletters is tipies van ‘n vrye vers. Die hoofletters wanneer sy na haar oupa verwys, is ‘n aanduiding van haar respek vir |

DRAFT

| | |
|---|---|
| | hom en hoe belangrik hy vir haar was. |
| Progressie kom voor in strofe 4 (versreëls 17 – 20). | ❖ Dit wat sy vir haar oupa wil sê, raak al hoe meer positief:<br>○ aanvanklik is dit net dat sy *okay* is;<br>○ dan dat sy `n *boek wil skryf*;<br>○ uiteindelik wil sê dat sy hom in die oortreffende trap liefhet.( *liefste)* |
| 'n Voorbeeld van ironie uit strofe 5. | ❖ Haar ma het niks oor hulle oupa gesê toe sy bel nie. Dit is ironies, want juis deur haar stilswye kan die spreker aflei dat hy dood is. |

### 3. Tema en boodskap

Die tema hier is verganklikheid en 'n realiteit. Elke mens is verantwoordelik vir sy/haar eie geluk. Hoe jy lewenskwessies benader en verwerk, bepaal jou geluk. 'n Ander tema is verlies en die historiese grondverskuiwings.

Kinders/geliefdes sukkel om iemand na aan hulle se dood te verwerk is 'n moontlike boodskap wat afgelei kan word. Kinders moenie uitgesluit word wanneer geliefdes doodgaan nie.

### 4. Beeldspraak en stylfigure

| Reël | Beeldspraak en stylfigure | Verduideliking |
|---|---|---|
| 4 | het | Alleenplasing: Die funksie hiervan is om die finaliteit van die dood aan te dui |
| 17 | okay | Ironie: Sy sê sy is *okay*, maar verder in die gedig is sy diep geraak deur haar oupa se dood en wil net *dae aaneen huil*. |
| 24 | haar woorde het soos vlermuise om my gevlieg | Vergelyking: Haar ma se woorde word met deurmekaar vliegpatroon van vlermuise vergelyk. |
| 30 | het die vlermuise aanhou vlieg | Metafoor: Die vlermuise word nou direk gelyk gestel aan die gevoel van verwarring wat die spreker ervaar oor die lewe wat voortgaan ondanks die verlies wat sy beleef. |
| 24 en 30 | haar woorde het soos <u>v</u>lermuise om my ge<u>v</u>lieg<br>en<br>het die vlermuise aanhou vlieg | Alliterasie: Die v-alliteraterasie verbind die gediertes met die aksies en beklemtoon die spreker se verwarring. |

**5. Toon en stemming**

Die toon is peinsend, weemoedig en hartseer.

Die stemming is dié van rebelsheid of opstandigheid. Die spreker is ongelukkig oor die manier waarop haar ma die boodskap van haar oupa se dood aan haar oorgedra het. Sy voel skuldig omdat sy nog geleenthede het wat haar oupa nooit gehad het nie.

Aktiwiteit 8

Lees weer die gedig en beantwoord dan die kontekstuele vrae wat volg:

8.1 Wat dien in versreëls 1 tot 3 as prikkel vir die skryf van hierdie gedig? (1)

8.2 Waarom is die alleenplasing van die woord "het" in versreël 4 funksioneel?

Watter verband het versreël 5 met versreël 3 en 4? (2)

8.3 Na wie verwys die *ek* in versreëls 15 tot 20? (1)

8.4 Herlees versreëls 25 tot 30.

Op watter manier sluit die afwesigheid van leestekens in versreëls 25 tot 30 by die spreker se gemoedstoestand aan? Hoekom is die gebruik van die "vlermuis"-beeld in versreël 30 effektief? (2)

8.5 Dink jy dat die herhaling van woorde in versreëls 34 tot 35 en versreëls 42 tot 46 onderskeidelik op die spreker se gemoedstoestand dui? Motiveer telkens jou antwoord. Haal 'n versreël uit versreëls 15 tot 18 aan wat hierdie gemoedstoestand weerspreek. (3)

8.6 Formuleer die tema van hierdie gedig. (1)

[10]

NASIENRIGLYNE

| Vraag | Antwoord | Punt |
|---|---|---|

© Department of Basic Education 2019


| | | |
|---|---|---|
| 8.1 | Die datum van *vandag*./Die feit dat dit die oupa se verjaarsdagdatum is. ✓ | 1 |
| 8.2 | Die alleenplasing beklemtoon die finaliteit van sy dood./die verwydering tussen die spreker en die oupa./die ewige stilte tussen hulle./dat die verjaarsdag nie meer gevier kan word nie. ✓<br><br>*Die kandidaat bied 'n soortgelyke antwoord vir EEN punt aan.*<br><br>EN<br><br>Die feit dat die oupa dood is, motiveer waarom hy nie meer kan verjaar nie. ✓<br><br>*Die kandidaat bied 'n soortgelyke antwoord vir EEN punt aan.* | 1<br><br><br><br>1 |
| 8.3 | Die oupa se kleinkind/die kind wat nie van die oupa kon afskeid neem nie./die kind wat nie by die begrafnis teenwoordig kon wees nie. ✓ | 1 |
| 8.4 | Die afwesigheid van leestekens versterk die onbeheersde gedagtes/losstaande fragmente/warboel in haar kop, wat die ontsteltenis uitbeeld/gemoedstoestand aandui. ✓<br><br>*Die kandidaat bied 'n soortgelyke antwoord vir EEN punt aan.*<br><br>EN<br><br>Dit hef die beeld wat in versreël 24 gebruik is uit/beklemtoon die teenwoordigheid van die dood./wys dat sy steeds vir die waarheid wag./dat sy nog nie berusting/ antwoorde het nie. ✓<br><br>*Die kandidaat bied 'n soortgelyke antwoord vir EEN punt aan.* | 1<br><br><br><br>1 |
| 8.5 | Ja.<br><br>Die herhaling van *aanhou* in versreëls 34 en 35 versterk die gedagte dat die lewe oënskynlik normaal aangaan/sy vals moet wees/sy moet voorgee/sy net met haar le-we moet aangaan asof niks gebeur het nie (ten spyte van haar verwarde emosies). ✓<br><br>EN<br><br>Die herhaling van *ek wou huil* in versreëls 42 tot 46 versterk die gedagte dat sy eerder wou treur./die onregverdigheid dat sy nie kon treur nie./nie die geleentheid gekry het om uiting aan haar emosies te gee nie./haar wêreld eintlik vir haar tot stilstand wou kom. ✓<br><br>*Die kandidaat bied TWEE soortgelyke antwoorde vir EEN punt elk aan.* | 1<br><br>1 |

DRAFT

| | | |
|---|---|---|
| | *Die kandidaat kan nie NEE as antwoord aanbied nie.*<br><br>EN<br><br>*"belowe dat ek okay sou wees"* ✓ | 1 |
| 8.6 | (Baie) mense sukkel om geliefdes se dood te verwerk./Baie kinders sukkel met die uitsluiting van kinders by geliefdes se dood. ✓ | 1 |
| | | [10] |

# Gedig 9

# Wie's hy?- Adam Small



**Adam Small**

**Geboortedatum en –plek:** Adam Small is op 21 Desember 1936 in Wellington in die Boland gebore. In 1937 trek die gesin na Goree, aan die buitewyke Robertson se sendingstasie aan die Vinkrivier waar sy pa, John Sylvester Small, hoof van 'n eenmanskool vir die kinders van die plaaswerkers was.
**Letterkundige werke en Prestasies:** Adam Small debuteer in 1957 met *Verse van die liefde*. Ander bekende digbundels sluit in *Kitaar my kruis* (1961) en *Sê Sjibbolet* (1963). Sy hoogaangeskrewe drama *Kanna hy kô hystoe* (1965) is vertaal in Engels en verskeie kere plaaslik en ook in die VSA opgevoer.

Adam Small is op 25 Junie 2016 kort ná middernag in die Kingsbury-hospitaal in Claremont, Kaapstad oorlede.

**Wie's Hy? – Adam Small**

1. Die poet,
2. wie's hy?
3. Djulle het so baie bek oorie poet,
4. ma wié's hy?

Is hy rêrag soes djulle dink
die ou moerie pen ennie ink
wat in sy study sit en poems dink?

Nai,
djulle's mistaken,
nie hy nie
ma djúlle is die poets,
djulle wat ini straat in loep
ennie gladde bek verkoep
ma die dinge sien
en soema net daa God tien hulle roep!

Uit: *Sê Sjibbolet,1963.*

**Woorde in die gedig**

| Woorde | Betekenis |
|---|---|
| poet | Verwys na die digter |
| Djulle het so baie bek oorie | Julle het so baie te sê |
| ma | Maar |
| rerag soes djulle | Rêgtig soos julle |
| die ou moerie pen ennie ink | Die manspersoon met die pen en die ink |
| study sit en poems dink | In die studeerkamer sit en gedigte uitdink |
| Nai | Nee |
| djulle's mistaken | Julle maak 'n fout |
| ma djulle is die poets | Maar julle is die digters |
| djulle wat innie straat in loep | Julle wat in die straat loop/ die gewone mense. |
| ennie gladde bek verkoep | En glad met die tong wees/ altyd 'n antwoord gereed hê. |
| soema net daa god tien hulle roep | Sommer net daar God teen hulle roep/ roep God as getuie |

**Opsomming**

Die titel word in versreël 2 en versreël 4 herhaal. Dit dui op die dringendheid van hierdie vraag vir die spreker. Volgens die spreker het die mense die verkeerde idee dat digters slegs die mense is wat in studeerkamers sit en met 'n pen gedigte skryf. Die spreker vra dus of mense dink dat digters geleerdes is wat in die afsondering van hul studeerkamer sit en gedigte met 'n pen skryf. Die spreker beantwoord later in die gedig sy eie vraag. Die gewone mense op straat, dit wil sê ek en jy, is die eintlike digters. Deur die titel in vraagvorm te skryf, word die leser onmiddelik by die inhoud van die gedig betrek omdat dit by die leser `n nuuskierigheid skep oor die identiteit van die *hy*.

**1. Soort gedig**

Die gedig is vrye vers en het die volgende eienskappe:

- Geen vaste rymskema (tog bietjie rym in gedig)

DRAFT

- Geen vaste ritme
- Lengte van versreëls wissel
- Lengte van strofes wissel
- Herhaling van woorde (wie's hy?/djulle)
- Dit pas dus goed by die informele aard van die spreker se Afrikaans en by die Afrikaans van die straatdigters.
  Hierdie gedig het wel hoofletters en leestekens.

2. **Analise**

| | |
|---|---|
| Titel: Wie's Hy? | ❖ Die gedig begin met 'n vraag en maak daarom die leser nuuskierig en betrek hom by die gedig.<br>❖ Die titel *Wie's Hy?,* wat in versreël 2 en 4 herhaal word, dui op die dringendheid van hierdie vraag vir die spreker.<br>❖ Die spreker beantwoord later in die gedig sy eie vraag. Die gewone mense, ek en jy, is die digters.<br>❖ Die woord *Hy* word met 'n hoofletter geskryf en dit dui aan dat die digter hoog geag word. |
| 1. Die poet, | ❖ Konnotasie: *poet* is 'n aanduiding dat hierdie nie 'n digter is soos ons dit ken nie, daarom word die Afrikaanse woord digter nie in die gedig gebruik nie.<br>❖ Die gebruik van die Engelse woord, *poet*, dui op deftigheid, moontlik soos die digter homself sien.<br>❖ Reël 1 is die antwoord op die vraag wat in die titel gestel word. |
| 2. wie's hy? | ❖ Die titel, *Wie's Hy?* word in versreël 2 en 4 herhaal.<br>❖ Die vraag word beklemtoon deur die alleenplasing daarvan in die versreël.<br>❖ Dit is 'n retoriese vraag wat die tema van die gedig beklemtoon. |
| 3. Djulle het so baie bek oorie poet, | ❖ *Djulle:* dit verwys na die gewone mense op straat.<br>❖ *Djulle* word in strofe 1 herhaal om die luisteraars te oorreed om die spreker te glo.<br>❖ Die spreker se identiteit is nie bekend nie, maar ons kan aflei dat dit 'n digter kan wees.<br>❖ Hier in strofe 1 word die tradisionele siening van die digter beskryf.<br>❖ Standaardafrikaans: julle het so baie te sê oor die digter.<br>❖ *baie bek oorie poet*: hierdie metafoor is baie treffend aangesien dit aandui dat almal altyd baie oor digters te sê het.<br>❖ Die digter hou hom vernaam en diepsinnig; hy dink baie van homself; hy gebruik hoogdrawende taal, ensovoorts. |

DRAFT

| | |
|---|---|
| 4. ma wié's hy? | ❖ Die herhaling van die titel in reël 2 en 4 dui op die belangrikheid van die vraag.<br>❖ Die akuut op *wié* dui op beklemtoning. Dit is vir die spreker belangrik om 'n antwoord op hierdie vraag te kry.<br>❖ Hierdie versreël begin met die teenstellende voegwoord *ma* (maar) en die akuutteken beklemtoon die vraende voornaamwoord *wié's*. Dit ondersteun die dringendheid van hierdie retoriese vraag.<br>❖ Retoriese vraag dien as herhaling van die tema. |
| 5. is hy rerag soes djulle dink | ❖ Die spreker stel die vraag of die digter werklik is soos wat die mense 'n digter vir hulleself voorstel.<br>❖ Is die digter iemand wat in 'n studeerkamer sit en diepsinnige, onverstaanbare gedigte skryf?<br>❖ Die leser word by die vraag betrek. Die spreker wil die leser laat nadink oor digterskap/wanneer iemand as 'n digter beskou kan word.<br>❖ Enjambement: dit ondersteun die rympatroon om die dringendheid van die verkeerde interpretasie te beklemtoon. |
| 6. die ou moerie pen ennie ink | ❖ Die *pen* en *ink* verwys na vroeë jare toe mense met 'n vulpen geskryf het.<br>❖ Die gewone mense dink die digter is die ou met die *pen* in die hand wat in sy studeerkamer sit en gedigte uitdink. |
| 7. wat in sy study sit en poems dink? | ❖ Die gewone mense dink 'n digter is die ou met die pen in die hand wat in sy studeerkamer sit en *poems* uitdink.<br>❖ Die gebruik van die woord *dink* is hier effektief: dit word in plaas van die woord uitdink gebruik. Dit is korter met een lettergreep en het dus meer trefkrag.<br>❖ Halfrym: die assonerende i-klanke sluit klankmatig by die gedagte-inhoud aan.<br>❖ Suggeste van afgesonderdheid van digters. |
| 8. Nai, | ❖ Die woord *Nai* dui op nee en dit word beklemtoon deur alleenplasing in die versreël.<br>❖ Die alleenplasing dui op die besliste mening van die spreker dat dit nie net mense in studeerkamers met penne in die hande is wat poësie skryf nie.<br>❖ Die komma dui ook op 'n ruspose wat die tempo verstadig.<br>❖ Hierdie is die wending in die gedig. Dit is die keerpunt, want hierna volg die spreker se regstelling van wie nou eintlik die digters is. |
| 9. djulle's mistaken, | ❖ Mense is verkeerd as hulle dink dat die digter net iemand is wat agter 'n lessenaar sit en gedigte skryf.<br>❖ Dit dui daarop dat hulle `n fout begaan het. |

© Department of Basic Education 2019

| | |
|---|---|
| | ❖ Derdepersoon: dis nie die digter wat homself verduidelik nie. |
| 10. nie hy nie | ❖ Dit beteken dat die digter waarvan hy praat, definitief nie net mense met penne in hulle hande en agter lessenaars is nie.<br>❖ Enjambement: dit beklemtoon die dringendheid van die regstelling. |
| 11. ma djúlle is die poets, | ❖ Julle wat in die strate loop/gewone mense kan ook digters wees.<br>❖ Die spreker onthul in hierdie versreël dat die lesers, en die man op straat, gewone mense (met hulle kleurryke taal) die eintlike digters is.<br>❖ *djúlle* word hier beklemtoon d.m.v. 'n akuutteken as 'n poging van die spreker dat sy luisteraars hom moet glo. |
| 12. djulle wat innie straat in loep | ❖ *djulle*: hierdie woord word drie keer in die gedig herhaal – dit dui op die belangrikheid daarvan dat mense moet besef hoe verkeerd hulle persepsie van 'n digter is.<br>❖ Volgens die spreker vind 'n mens die regte *poets* op straat/ oral. *Poets* is gewone mense, wat nie noodwendig letterlik gedigte skryf nie, maar ook dié wat gevat en raak kan antwoord. |
| 13. ennie gladde bek verkoep | ❖ *gladde bek*: om glad met jou tong te wees en altyd `n antwoord gereed te hê.<br>❖ *ennie gladde bek verkoep:* dit dui op die mense wat in die algemeen kliphard opmerkings en sêgoed oor digters kwytraak.<br>❖ Die regte "poets" gebruik hulle gladde bekke om idees te verkoop of om mense te oortuig of te argumenteer.<br>❖ Om glad met die mond te wees is 'n voorbeeld van figuurlike taalgebruik. |
| 14. ma die dinge sien | ❖ Hierdie woorde verwys na die goed en kwaad wat die gewone mens raaksien en dui ook aan dat hierdie regte "poets" 'n goeie insig in die mens en sy probleme het.<br>❖ *sien*: sulke mense sien die eienskappe van 'n digter makliker raak. |
| 15. en soema net daa God tien hulle roep! | ❖ Hulle spreek die dinge sommer net daar op straat aan deur God as getuie te roep. Hulle roepe na God is 'n aanklag teen hierdie verkeerde dinge<br>❖ Die gewone mense is die digters. Hulle neem fyn waar en sien die lewe soos dit werklik is.<br>❖ Hulle beleef die die lewe se realiteit.<br>❖ As hulle iets opmerk wat verkeerd is, roep hulle net daar en dan om hulp by God. |

DRAFT

**3. Tema en boodskap**

‘n Moontlike tema is dat alle mense dieselfde is. Die tema van die gedig is dat die digter sy gedigte vir gewone mense skryf. Hy kry sy inspirasie by gewone mense.Die gewone mense kan ook skeppend wees. Almal wat taal speels en kreatief gebruik, is digters. Digterskap is dus nie net om formeel en amptelik te dig nie. Almal wat taal speels en kreatief gebruik, is digters.

Die spreker wil die boodskap uitdra dat mense die verkeerde idee oor digterskap het. Ek kan ook ‘n digter wees as ek skryf oor dinge wat verkeerd is in ons samelewing. Ek kan ook ‘n digter wees as ek my taal speels/ kreatief inspan om te skep.

**4. Beeldspraak en stylfigure**

| Reël | Beeldspraak en stylfigure | Verduideliking |
|---|---|---|
| 2 | wie’s | Elisie: die weglating van klank in ‘n woord. Hier is dit gebruik om aan te pas by die varaint van Afrikaans wat in hierdie gedig gebruik is, ‘n tipe spreektaal. |
| 3 | baie bek oorie poet | Sinekdogee: *bek* vir baie dinge wat oor digters gesê word. Hierdie metafoor is baie treffend om aan te dui dat almal altyd `n mondvol te sê het. |
| 7 | wat in sy study sit | Alliterasie: Halfrym van die assonerende i-klanke is hier ter wille van klankeffek gebruik.<br>Kontras met reël 12: digters in hulle studeerkamers agter lessenaars teenoor mense op straat.<br>Beklemtoon die antwoord op die vraag dat digters nie afgesonder is nie. |
| 13 | gladde bek | Sinekdogee: gebruik in die plek van al die humorsin/slim praatjies van mense se kleurvolle taalgebruik. Die gewone mense praat hard/word gehoor/Die gewone mense se woorde dra gewig (hulle het nie 'n gladde mond nie) as hulle God aanroep (oor die dinge wat hulle waarneem). |
| 15 | en soema net da God tien hulle roep | Mense wat onreg pleeg word summier/dadelik by God aangekla. |

**5. Toon en stemming**

Die toon is gemoedelik/vriendelik/grappig. Dit kan egter ook ‘n opswepende/opruiende toon hê as gevolg van die herhalende vrae oor wie die werklike digters nou eintlik is.

'n Ernstige maar soms ook ’n speelse stemming heers in hierdie gedig. As gevolg van die variant van Afrikaans wat gebruik is, kan die stemming ook as informeel ervaar word.

**Aktiwiteit 9**

Lees die gedig en beantwoord dan die vrae:

9.1 Wie is die aangesprokene in hierdie gedig? (1)

9.2 Watter stemming oorheers in die gedig? (1)

© Department of Basic Education 2019

9.3 Herlees versreëls 1 − 2 en versreël 10.

Is dit nog steeds korrek om te sê dat die eerste strofe uit retoriese vrae bestaan? Motiveer jou antwoord. (1)

9.4 Watter taalvariëteit oorheers in die gedig? Noem enige kenmerk daarvan soos dit uit die gedig blyk en motiveer waarom die gebruik daarvan geslaagd is. (3)

9.5 Watter verantwoordelikheid rus, volgens versreëls 13 – 14, op die skouers van die digter? Dink jy die spreker se mening is geregverdig? Motiveer jou antwoord. (2)

9.6 Wat is die tema en boodskap van hierdie gedig? (2)

**[10]**

**Nasienriglyne**

| Vraag | Antwoord | Punte |
|---|---|---|
| 9.1 | Die gewone mens/die mens op straat/die mense wat ‘n wanopvatting van digters het. ✓<br>*Jy bied enige EEN van hierdie moontlikhede aan.* | 1 |
| 9.2 | ’n Ernstige/speelse/informele stemming ✓ | 1 |
| 9.3 | Nee.<br>Retoriese vrae is vrae waarop daar geen antwoord is nie, maar die spreker gee self later ‘n antwoord op sy vraag. ✓ | 1 |
| 9.4 | Kaaps/Kaapse Afrikaans/informele Afrikaans ✓<br>Die gebruik van Engelse woorde/palatalisasie/assimilasie/Die gebruik van die *oe*-klank i.p.v. ‘n lang *o*-klank/Weglating van eindklanke in woorde. ✓<br>*Jy bied enige EEN of ‘n soortgelyke motivering aan.*<br>**EN**<br>Die informele taalgebruik/variant van Afrikaans maak die spreker geloofwaardig/pas by die milieu van die gedig. ✓ | 1<br>1<br>1 |
| 9.5 | Die digter moet (dadelik) onreg aanspreek. ✓<br>Ja.<br>Digters moet deur hul skryfwerk die samelewing van onreg/verkeerde dinge bewus maak./is die spreekbuis van ’n gemeenskap.<br>**OF**<br>Nee.<br>Digters is dit nie aan die publiek verskuldig om sosiale kwessies aan te spreek nie, maar kan eerder eie mooi gedagtes neerpen. ✓<br>*Jy bied ’n soortgelyke antwoord vir EEN punt aan.* | 1<br>1 |
| 9.6 | Temas: Almal wat die taal speels/kreatief gebruik, is digters./Die gewone mens kan ook skep./skeppend/kreatief werk./Digterskap is nie slegs om formeel/amptelik te dig nie. ✓<br>*Jy formuleer enige tema wat relevant tot die inhoud van die gedig is.*<br>**EN**<br>Boodskap: Ek kan ook ’n digter wees as ek oor dinge skryf wat verkeerd | 1 |

DRAFT

| | | |
|---|---|---|
| | is in ons samelewing/Ek kan ook 'n digter wees as ek my taal speels/kreatief inspan om te skep. ✓<br>Jy formuleer 'n eie boodskap wat relevant tot die inhoud van die gedig is. | 1 |
| | | **[10]** |

**'n vigslyer sterf – Vincent Oliphant**

# Gedig 10

# 'n vigslyer sterf –

# Vincent Oliphant



**Geboortedatum en –plek**: Vincent Oliphant is op 8 April 1954 op Alicedale, 'n klein dorpie in die Oos-Kaap, naby Port Elizabeth, gebore.
**Letterkundige werke en Prestasies**: Sy eerste gedigte verskyn in die nuusbrief van die letterkundige vereniging op universiteit. Sonder om sy gedigte na tydskrifte te stuur debuteer hy dan met die bundel "*Bloed vloei in stilte*" in 1983. In Maart 2005 kry hy 'n toekenning van die ATKV vir sy inspirerende digkuns.
Benewens sy belangstelling in skryfwerk, het hy 'n belangstelling in wiskunde-onderrig. Hy het wiskunde doseer aan Dower-Opleidingskollege en is tans 'n kurrikulum adviseur by die Departement van Onderwys.

© Department of Basic Education 2019

## 'n vigslyer sterf - Vincent Ol

**'n vigslyer sterf – Vincent Oliphant**

die takelwerk word afgetakel
stadig sien sy geliefdes hom inplof
die bekende vlees na binne stort
hulle sien hom steeds stof word
iets wil huil oor die bros vel
wat soos dun seil oor brose stokke lê
oor die mond wat iets wil sê
die gewig van lug
is vir die hand te swaar
die lyf
nou klein en seer
het byna alles reeds verleer
net die oë bly groter staar
soek na raad teen al die skade
na die genade van sag gaan
na verstaan

Uit: *Poësiepalet,* 2007

**Woorde uit die gedig**

| WOORD | BETEKENIS |
|---|---|
| takelwerk | Stel katrolle;hystoestel om swaar voorwerpe op te hys. Dus dit wat ons liggaam regop hou- spiere en beendere |
| afgetakel | Agteruitgang (figuurlik – raak al sieker) |
| dun seil | Metafore:<br>Die vel word gesien as *dun seil*, wat aansluit by die seilskipbeeld in r.1, wat lê bo-oor die *brose stokke*. |
| vlees | spiere/ vleis |
| inplof | Gebou deur plofstof na binne laat instort |
| genade | Goedertierenheid |
| brose stokke | Die *brose stokke* is sy bene wat so dun lyk soos *stokke* wat maklik kan breek. |
| sag gaan | Sterf (sag gestel) |
| bros vel | hard, maar kan maklik breek; broos |

**Opsomming van die gedig**

Die gedig handel oor ‘n vigslyer wat op sterwe lê.

Die spreker beskryf die fisieke agteruitgang van ‘n vigsleier. Sy lyf en gesig word elke dag maerder. Die persoon neem nie meer werklik waar wat om hom gebeur nie.

Aan die einde bevraagteken hy nie meer sy lot nie, maar aanvaar sy lot.

**1. Soort gedig**

*‘n vigsleier sterf* kan beskou word as VRYE VERS. Daar is geen vaste rympatroon, hoofletters of leestekens nie. Die herhaling van die s-alliterasie en a-assonansie, herling van woorde en frases, die enjambemente, paarrym in die laaste twee versreëls en die deurlopende sterfmotief, bind die gedig tog ‘n eenheid en verskaf ‘n vloeiendheid aan die gedig. Dit is ‘n gedig wat spraaksamigheid skep (praatpoësie).

Die gedig bestaan uit 16 versreëls. Daar is 3 strofes van wisselende lengtes:

Strofe 1: 4 versreëls (Kwatryn)

Strofe 2: 3 versreëls (Tersine)

Strofe 3: 5 versreëls (Kwintet)

Strofe 4: 4 versreëls (Kwatryn)

2. **Analise van die gedig**

| **STROFE 1** | |
|---|---|
| 1.die takelwerk word afgetakel | Die vigslyer word metafories gesien as ’n seilskip wat *afgetakel* word. Hy kan dus nie meer verder seil nie.<br>*afgetakel*: Letterlik: die takelwerk (hystoestel) van ’n skip losmaak en verwyder.<br>In die gedig = Figuurlik: die vigslyer se liggaam word deur die siekte afgetakel; die MIV-virus val die persoon se liggaam aan en verswak dit stelselmatig. |
| 2.stadig sien sy geliefdes hom inplof | Die woord *inplof* verwys na wanneer `n gebou met plofstof gesloop word en ineenstort. Net soos `n gebou met plofstof gesloop word, stort die vigslyer se liggaam ineen.<br>Ironie: (Stadig *inplof*) inplof kan nie stadig gebeur nie; neem slegs sekondes. Anders as die gebou gebeur die aftakeling van die vigslyer se liggaam deur die siekte stadig.<br>Sy (die vigslyer) geliefdes is die mense wat hom ken en vir hom omgee, wat sien hoe hy stadig agteruitgaan; vir hulle is sy liggaam *die bekende vlees*. Hulle huil oor sy agteruitgang. Sy liggaam is besig om in te gee.<br>S-alliterasie – ondersteun die aftakelingsproses klankmatig. |

© Department of Basic Education 2019

| | |
|---|---|
| 3.die bekende vlees na binne stort | *vlees*: (Eufemisme) *vlees* word gebruik om die woord vleis sagter te stel, 'n sinoniem vir die liggaam en pas by stemming en toon van gedig.<br>*Stort*: hou verband met die woord *inplof* in reël 2<br>Uiterlik het hy dalk nie veel verander nie, maar inwendig is die siekte besig om groot skade aan te rig. Sy liggaam is besig om agteruit te gaan. |
| 4.hulle sien hom steeds stof word | Verwysing na Genesis 3:19 in die Bybel: "Stof is jy en jy sal weer stof word."<br>Hulle sien hoe hy al verder agteruit-gaan en nader beweeg aan die dood.<br>S-alliterasie – ondersteun die aftakelingsproses klankmatig. |
| **STROFE 2** | |
| 5.iets wil huil oor die bros vel | Jy wil huil oor die vigslyer, want hy is uitgeteer en maer, sy skelet (bene) is duidelik sigbaar onder sy dun vel.<br>*bros vel*: hard, maar kan maklik breek; broos<br>Vergelyking: Die fisiese aftakeling van die vigsleier word met `n treffende vergelyking in versreël 6 beskryf: Die *vel* word vergelyk met `n *dun seil*, wat aansluit by die seilskip-beeld in reël 1<br>*wat soos dun seil oor brose stokke lê* |
| 6.wat soos dun seil oor brose stokke lê | *broos*: Letterlik = kan maklik breek Figuurlik = weerloosheid<br>Metafoor:<br>Die *brose stokke* is nog `n metafoor. Die *brose stokke* is sy bene wat so dun lyk soos *stokke* (dun takelwerk op `n seilskip wat deur die seile bedek word) wat maklik kan breek.<br>Die woorde bros en *brose* sluit bymekaar aan en dui albei op breekbaarheid. |
| 7.oor die mond wat iets wil sê | Hy probeer om te praat. Die vigslyer het so verswak dat hy nie meer kan praat nie en dat sy pogings net by *wil* bly.<br>Sinekdogee: Die mond is 'n klein deeltjie van die vigslyer wat iets wil sê.<br>Assonansie: o-klank is in die eerste twee strofes opvallend. Die geronde klanke ondersteun die plofgeluide van die ineenstorting. |
| **STROFE 3** | |
| 8.die gewig van lug | *Lug* is gewigloos daarom word daar eintlik na die aarde se swaartekrag verwys.<br>Hiperbool: die spreker sê die *lug* is vir die persoon te swaar, maar *lug* weeg nie iets nie. |
| 9.is vir die hand te swaar | Hy kan nie eers sy *hand* oplig nie.<br>Hiperbool: Dit is asof die *gewig van lug* so swaar op hom afdruk dat hy nie meer sy hande kan oplig nie. Dit is Oordrywing |

DRAFT

| | |
|---|---|
| | /Hiperbool om die moegheid en uitgeputheid van die vigslyer as gevolg van die siekte te beklemtoon. |
| 10.die lyf | *Die lyf* verwys simbolies na die uiterlike van die vigslyer. |
| 11.nou klein en seer | Hy het baie maer geword, sodat hy *klein* vertoon. Sy benerige liggaam ervaar pyn as gevolg van die siekte.<br>Sy toestand het so versleg dat pynstillers nie meer help nie.<br>Parentese: al staan dit nie tussen kommas of hakies nie, kan dit weggelaat word. Die *klein* (maer) en *seer* (pynlike) liggaam word hierdeur beklemtoon. |
| 12.het byna alles reeds verleer | Die lyf het alles wat hy voorheen kon doen, vergeet. Die vigslyer kan nie meer sy liggaamsfunksies beheer nie.<br>Personifikaie: net 'n mens se verstand kan iets *verleer*, die lyf self kan nie leer of *verleer* nie. |
| **STROFE 4** | |
| 13.net die oë bly groter staar | Dit lyk of die vigslyer se *oë groter* word, maar dit is nie werklik so nie.<br>Sy *oë* is ingesonke in die oogkaste. Dit is sy lyf en gesig wat maerder word en dan lyk die *oë groter*. Die oë van die mens is die vensters van sy siel.<br>Die vigslyer se *oë* soek na drie goed. |
| 14.soek na raad teen al die skade | = al die verlies, agteruitgang<br>1. Die groot starende oë soek (vergeefs) na *raad* teen al die *skade* wat die siekte meegebring het. |
| 15.na die genade van sag gaan | = goedertierenheid<br>2. Die oë soek *na die genade van sag gaan*. Dit wil sê hy smag daarna om sonder pyn, dalk in sy slaap, te kan sterf.<br>*sag gaan* = Eufemisme om die word dood te versag.<br>Personifikasie: Net 'n mens kan raad soek / vra; sy oë kan nie raad soek net.<br>Voorplasing van net die oë om te beklemtoon dat sy oë die enigste manier is hoe hy nog kan kommunikeer. |
| 16.na verstaan | 3. Die oë soek *na verstaan*. Hy soek na begrip van die spreker of ander mense wat hom kom besoek, al kan hy nie meer praat nie.<br>OF Hy soek na begrip oor hoekom hy so 'n dood moet sterf.<br>Klimaks = i) Van al die sake waarmee die vigslyer worstel, word *verstaan* laaste genoem om te beklemtoon hoe belangrik dit is om te *verstaan* wat met jou gebeur/ hoekom so iets met jou gebeur.<br>ii) Die vigslyer se begrip van sy siekte/dat die dood verlossing bring, word as klimaks gestel. Hy bevraagteken nie meer sy lot nie, maar aanvaar dit. |

DRAFT

| ALGEMEEN | |
|---|---|
| **Rymskema** | Gebroke rym<br>Funksie: Dit sluit aan by die gebrokenheid van die vigslyer as gevolg van sy siekte. Die laaste twee versreëls van elke strofe rym en bind die strofe tot `n eenheid saam. |
| **Strofebou** | Die lengtes van die strofes wissel en daar is geen vaste strofebou of struktuur nie. |
| **Klimaks** | Versreël 16 – omdat die gedig handel oor `n vigslyer se begeerte of smagting om te kan verstaan waarom die siekte hom getref het. |
| **Titel** | Die titel trek aandag, want dit skep die indruk van ‘n koerantberig. Die lesers sal wil wil weet wie die persoon is want aan VIGS gaan sterf.<br>Die titel `n vigslyer sterf ontsluit die inhoud van die gedig en die leser weet dadelik waaroor die gedig gaan handel, naamlik `n vigslyer wat gaan sterf.<br>Dit is universeel. Dit praat van `n vigslyer wat na enige vigslyer verwys wat terminal siek is.<br>Die titel sluit ook by die slotstrofe aan omdat die titel *`n vigslyer sterf* en die woorde *sag gaan* in die slotstrofe bymekaar aansluit. Albei dui op die sieke se naderende dood.Sterf is in die teenwoordige tyd. Hy het nog nie gesterf nie. |

**3. Tema en boodskap**

Tema: Vigs is ‘n aktuele hedendaagse probleem. Vir ‘n terminale siek mens is die dood ‘n verlossing.

Boodskap**:** Die boodskap handel oor die fisiese pyn, verwyt, oordeel en vrae wat die vigslyer en sy familie ervaar.

**4. Beeldspraak en stylfigure**

| Reël | Benoem die volgende voorbeelde van beeldspraak of stylfigure: | |
|---|---|---|
| | **BEELDSPRAAK** | |
| 5 | bros vel | Metafoor: ‘n Beeld om aan te dui hoe die siekte die liggaam aftakel. |
| 6 | dun seil | Metafoor: die vel word vergelyk met ‘n dun seil om die weerloosheid van die vigslyer te beklemtoon. |
| 6 | brose stokke | Metafoor: Dit beklemtoon weereens die weerloosheid van die vigslyer. |

© Department of Basic Education 2019

| | | |
|---|---|---|
| 5-6 | die bros vel wat **soos** dun seil oor brose stokke lê | Vergelyking: Die vel van die vigslyer word word vergelyk met 'n skip se seil om die vigslyer se uitgeteerde lyf treffend te beskryf. |
| | **STYLFIGURE** | |
| 2 | ***Stadig*** *sien sy geliefdes hom* ***inplof*** | Ironie: Inplof is nie iets wat stadig gebeur nie, dit is iets wat binne sekondes plaasvind, maar die aftakeling van die vigslyer se liggaam vind stadig plaas. |
| 3 | *die bekende vlees na binne stort* | Eufemisme: *vlees* is 'n meer versagtende woord as vleis en pas by die deernisvolle stemming van die gedig. |
| 9 | *"is vir die hand te swaar"* | Hiperbool: Oordrywing om aan te toon hoe swak die vigslyer is. |
| 15 | *"sag gaan"* | Eufemisme: Die woorde "sag gaan" word gebruik in plaas van sterwe. |
| 16 | *"na verstaan"* | Klimaks: Die vigslyer bevraagteken nie meer sy lot nie, maar verstaan die aftakeling van sy liggaam. |

5. **Toon en stemming**

Die toon is hartseer. Die vigslyer ervaar aanvanklik woede, bitterheid en onsekerheid oor sy siekte. Later vind hy berusting in sy lot.

Die oorheersende stemming in die gedig is somberheid, hartseer of ontnugtering. Dit veroorsaak 'n gevoel van deernis by die leser.

**Aktiwiteit 10**

Lees weer die gedig en beantwoord dan die vrae

10.1 Wie is "sy" in versreël 2? (1)

10.2 Benoem die stylfiguur in versreël 3. (1)

10.3
'n Deurlopende metafoor word in versreël 1–4 aangetref.
Waaraan word die "vigslyer" gelykgestel? Wat word met dié metafoor geïmpliseer? (2)

10.4 Skryf TWEE aanhalings uit versreël 5–12 neer wat aandui dat die "vigslyer" baie moeg is. (2)

10.5 Noem TWEE redes waarom versreël 16 as die klimaks van die gedig beskou kan word. Waarom is die alleenplasing van die slotwoorde effektief? (3)

10.6 Dink jy die somberheid in die slot ondersteun die titel? Motiveer jou antwoord. (1)

© Department of Basic Education 2019

**[10]**


**Nasienriglyne**

| **Vraag** | **Antwoord** | **Punt** |
|---|---|---|
| 10.1 | Die vigslyer √ | 1 |
| 10.2 | Eufemisme √ | 1 |
| 10.3 | Aan die sloping/inploffing/aftakeling van 'n gebou/takelwerk van 'n skip wat afgetakel word. √<br>Die persoon kan nie verder leef nie/sterf. √ | 1<br>1 |
| 10.4 | "die mond wat iets wil sê"/<br>"die gewig van lug is vir die hand te swaar" √√<br>*Die kandidaat bied TWEE aanhalings vir EEN punt elk aan.* | 2 |
| 10.5 | Die hoofsaak waarna die vigslyer "soek" word laaste opgenoem.<br>Die vigslyer se begrip van sy siekte/dat die dood verlossing bring, word as klimaks gestel.<br>Van al die sake waarmee die vigslyer worstel, word "verstaan" laaste genoem<br>om te beklemtoon hoe belangrik dit is om te verstaan wat met jou gebeur/ hoekom so iets met jou gebeur.<br>Dit is belangrik dat die omstanders die vigslyer/en sy/haar situasie moet verstaan. √√<br>*Die kandidaat noem enige TWEE antwoorde vir EEN punt elk.*<br>Dit hef die woorde uit/beklemtoon die vigslyer se soeke na begrip/<br>Die insig waartoe die vigslyer in sy lyding kom, word beklemtoon. √ | 2<br>1 |
| | | **[10]** |

DRAFT

## Gedig 11

# Versagtende omstandighede – Peter Snyders



DRAFT

**Geboortedatum en –plek:** Peter James Snyders is gebore in Wynberg, Kaap op 14 November 1939. Hy word groot in Wynberg en Athlone.

**Letterkundige werke en Prestasies:** Op skool begin hy skryf omdat hulle 'n stukkie koek gekry het as hulle iets kon voordra en opvoer. Hy skryf ook briewe, want 'n sekere koerant het briefskrywers betaal as hulle briewe gepubliseer word.

*'n Ordinary mens* (1982) is sy debuut digbundel, terwyl hy ook *'n Waarskynlike mens* (1992) en *Tekens van die tye* (2002) publiseer In 2008 word hy weer uitgenooi na die Winternachte.

Die digter Peter James Snyders is 75 jaar oud.

Versagtende omstandighede- Peter Snyders

**Versagtende omstandighede - Peter Snyders**

Oe Here, ek hoor dis soe wonnerlik
innie hiemel,
maa Here, vergiewe,
die hiemel issie my soort liewe,
ek hou van sing en harpmusiek
maa ek sal lugsiek kry as ek moet vlieg.

En Here, dit sal hel vi my wies
om met niks-doen myself elke dag te vervies;
en sover dit die goudstrate
en pearly-gates betref,
wat baat dit?

Klip en teer is veels meer werd.

Maa Here, hou my baas asseblief tog daa
want waa hy nie kan exploit nie
is hy tog te naar;
en hou hom dop want sonner om te aarsel
sal hy stilletjies, agteraf, die engeltjies martel.

Ja, Here, ekket my foutjies oek
en waar amil perfek is
sal ek heeldag vloek,
want volle perfection en contentment
sal my torture tot binne-in my fonnement.

En dan boenop hoor ek
seks is yt –
soe stuur my aire hel toe
of waar ek my talent kan gebryk.
En as ek te goed is
om gebraai te word
laat my lieweste trug kom, Lord

        as kunstenaar na ’n land
in ’n historiese tyd –
soes Suid-Afrika,
waar ek kan teer
op ’n tesamebeleid.

En tussen die revolutions
(hou my aanie underdog se kant)
sorg dat ek by Florrie

DRAFT

© Department of Basic Education 2019

(vroeër mevrou Soetwater)
voorit te laat is, beland.

Laat my dan liewer hier
oppie aarde ly
as om vir iewag in u
grafstienhiemel te bly.

Uit: *'n Waarskynlike mens* 1992

**Woorde in die gedig**

| Woord | Betekenis |
|---|---|
| soe wonnerlik | So wonderlik |
| innie hiemel | In die hemel |
| vergiewe | Vergewe |
| die hiemel issie my soort liewe | Die hemel is nie my soort lewe |
| lugsiek | Naarheid/ mislikheid a.g.v die skommeling van 'n vliegtuig. |
| vi my ies | Vir my wees |
| pearly-gates | Poorte van die hemel |
| waa hy nie kan exploit nie | Waar hy nie kan uitbuit nie |
| ekket my foutjies oek | Ek het ook my foutjies |
| amil | Almal |
| perfection en contentment | Volmaaktheid en selftevredenheid |
| torture tot binne-in my fonnement. | Martel tot in my fondament/ fondasie/siel/wese |
| boenop | Boonop |
| soe stuur my aire hel toe | So stuur my eerder hel toe |
| liewerste trugkom Lord | Liewers terugkom Heer |
| revolutions | Opstande |
| aanie underdog | Aan die buiteperd/verdrukte |

DRAFT

© Department of Basic Education 2019

| | |
|---|---|
| iewag | Ewig |
| grafstienhiemel | Grafsteenhemel |

**Opsomming**

In plaas van ‘n lewenslange vonnis in die hemel, vra die spreker dat versagtende omstandighede, soos moeilike werks- en grootwordomstandighede, in ag geneem word en hy dan liewer sy vonnis op aarde uitdien.

Die gedig is in Kleurlingafrikaans geskryf. Die klanke is vir baie mense vreemd op die oor. ‘n Naïewe eerstepersoon-spreker is in ‘n gesprek met God en omdat hy weinig begrip het van wat die hemel of die hiernamaals eintlik behels, ironiseer hy hom veral as hy na die hemel in aardse terme verwys. Deur middel van ironie word die spot gedryf met mense wat oningelig oor die hiernamaals is.

**1. Soort gedig**

Vrye vers - Versreëls en strofes het wisselende lengtes en daar is nie ‘n vaste rympatroon nie – gee aan die gedig `n gesprekstrant, want die spreker praat direk met die Here.

- Agt strofes met geen vaste strofebou
- Geen vaste eindrymskema, maar wel halfrym
- Versreëllengtes verskil
- Leestekens en hoofletters kom wel voor.

Gedig kan as ‘n satire beskou word

Die hemel word as metafoor gebruik om te spot met:

- sosiale groeperings soos baas en klaas
- menslike tekortkominge soos vloek, seks en uitbuiting.
- sosiale ongelykheid en maatskaplike kwessies.

Die satire is humoristies.

**2. Analise**

| <u>*STROFE 1*</u> | |
|---|---|
| *1.Oe Here, ek hoor dis soe wonnerlik* | ❖ Verlaging van vokale: *Oe* in plaas van O en *soe* in plaas van so.<br>❖ Assimilasie: *wonnerlik*<br>❖ *Oe Here* – spreker spreek die Here direk aan asof in gebed.<br>❖ Tussenwerpsel *Oe* dui op die spreker se verwondering oor die hemel. |
| *2. innie hiemel,* | ❖ Hierdie versreël word ingekeep om die woord hemel te beklemtoon.<br>❖ hemel: woonplek van God en sy engele waarheen die regverdiges, volgens die Bybel, na hulle dood gaan.<br>❖ Verlaging van vokale: *hiemel* in plaas van hemel.<br>❖ Assimilasie: *innie* |
| *3.maa Here, vergiewe,*<br>*4.die hiemel issie my soort liewe,* | ❖ *maa* in plaas van maar = Weglating van konsonante aan die einde van woord.<br>❖ Assimilasie: *issie* |

| | |
|---|---|
| | ❖ Verlaging van vokale: *vergiewe* en *liewe* in plaas van vergewe en lewe.<br>❖ Die spreker gee dadelik sy redes (pleit om versagting) waarom hy nie hemel toe wil gaan nie; waarom hy nie in die wonderlike hemel sal inpas nie.<br>❖ Sy eenvoudige lewe van armoede tussen die misdaad op die Kaapse vlakte sal verhoed dat hy in die hemel, volgens hom, inpas. |
| *5.ek hou van sing en harpmusiek* | ❖ *harpmusiek* = musiek wat met engele geassosieer word.<br>❖ *sing en harpmusiek* word tradisoneel met hemel verbind.<br>❖ Rede 1 hoekom die hemel nie vir hom is nie: hou van sing en harpmusiek. |
| *6.maa ek sal lugsiek kry as ek moet vlieg.* | ❖ Hier probeer hy aan die Here verduidelik hoekom dit onprakties sal wees om hom hemel toe te stuur.<br>❖ lugsiek: naar/mislik as gevolg van die skommeling van 'n vliegtuig (soortgelyk aan karsiek).<br>❖ Hy is nie gewoond aan vlieg nie, want hy is te arm.<br>❖ Praat in menslike terme vanuit 'n aardse perspektief.<br>❖ Hemel word met lugruim assosieer.<br>❖ Rede 2 hoekom die hemel nie vir hom is nie: hy sal lugsiek raak. |
| *<u>STROFE 2</u>* | |
| *7.En Here, dit sal hel vi my wies* | ❖ hel = paradoksale teenstelling (met hemel)<br>❖ Hy beklemtoon sy pleidooi dat hy nie wil hemel toe gaan nie wanneer hy sê dat die hemel vir hom hel sal wees.<br>❖ *vi* = Weglating van konsonante aan die einde van woorde.<br>❖ *wies* = Verlaging van vokale. |
| *8.om met niks-doen myself elke dag te vervies;* | ❖ Hy is gewoond aan `n eenvoudige lewe, want hy sien nie kans vir 'n lewe van niksdoen in die hemel nie.<br>❖ Die spreker het 'n wanidee van die hemel; dink hy gaan niks doen nie.<br>❖ Hy klou aan die aardse bestaan vas. |
| *9.en sover dit die goudstrate* | ❖ *goudstrate*: strate wat geplavei is met goud. *goudstrate* is 'n algemene term om na die hemel te verwys en kom voor in Openbaring (interteks).<br>❖ Goud is vir die spreker `n abstraksie waarvan hy nie regtig begrip het nie.<br>❖ Selfs dit maak nie die hemel aanloklik nie (pêrels en strate van goud). |
| *10. en pearly-gates betref,* | ❖ *pearly-gates*: Afrikaans. pêrelpoorte: die hemelpoorte ('n poort is 'n groot, mooi deurgang in 'n muur, dikwles met 'n gewelf van bo - hierdie poort is van pêrels of ingelê met pêrels) (die pêrelpoorte van die hemel word genoem in Openbaring 21)<br>❖ *pearly-gates* = Veelvuldige gebruik van Engelse woorde. (Kaaps)<br>❖ Tipografiese inkeping hef die ruimte naamlik die hemel uit. |
| *11.wat baat dit?* | ❖ Hierdie vraag is bewys dat hy nie die waarde van die goudstrate en pearly-gates hoog aanslaan nie.<br>❖ Die aardse het vir hom meer betekenis.<br>❖ Hy word nie beïndruk deur pêrels of goud nie. |

© Department of Basic Education 2019

| | |
|---|---|
| *12.Klip en teer is veels meer werd.* | ❖ Dit sal vir hom 'n groter bederf wees as die (dikwels) ongeteerde stofstrate van die armoedige buurte waar sy mense woon, geteer word. Hy het dus `n behoefte aan beter ekonomiese omstandighede (versagtende omstandighede wat hulle vonnis van swaarkry ligter maak).<br>❖ Die aardse, gewone teerstrate is vir hom *meer werd*.<br>❖ Prakties, nuttig. |
| *STROFE 3* | |
| *13.Maa Here, hou my baas asseblief tog daa* | ❖ Hy wil beslis nie gaan na waar sy *baas* is nie. Sy *baas* is 'n nare mens wat mense uitbuit en selfs engele sal martel.<br>❖ Weglating van konsonante aan die einde van woorde *daa* en *waa.* |
| *14.want waa hy nie kan exploit nie* | ❖ Daar is genoeg mense in die hemel om hom dop te hou dat hy nie sy werksmense kan uitbuit nie.<br>❖ *Exploit* – uitbuit<br>❖ Moeilike werksomstandighede. |
| *15.is hy tog te naar;* | ❖ *Naar* - onaangenaam |
| *16.en hou hom dop want sonner om te aarsel* | ❖ Assimilasie - *sonner*<br>❖ *Aarsel* - Sonder om te dink/te huiwer<br>❖ Hy waarsku dat sy baas dopgehou moet word omdat hy gewetenloos is.<br>❖ Strydig met gebed word die Here gewaarsku om hom dop te hou, sy baas is 'n skelm.<br>❖ Die hemel is nie 'n tronk waar jy dopgehou word nie |
| *17.sal hy stilletjies, agteraf, die engeltjies martel.* | ❖ Sy baas is so agterbaks dat as hy dink niemand kyk nie, sal hy selfs die engele sleg behandel.<br>❖ *Engeltjies* – gebruik die verkleining om die marteling erger te laat klink.<br>❖ *Agteraf* - in die geheim<br>❖ *Martel* - iemand doelbewus seermaak<br>❖ Dieselfde ritme vestig die aandag *aarsel en martel.*<br>❖ Goedhartige mense sal sy baas ook uitbuit |
| *STROFE 4* | |
| *18.Ja, Here, ekket my foutjies oek* | ❖ Die spreker is meer as bereid om sy foute te erken. Hy glo dus self dat hy nie goed genoeg vir die hemel is nie.<br>❖ *Foutjies* – Eufemisme probeer voorgee dat sy foute ontoerekenbaar klein is en probeer homself verontskuldig.<br>❖ *ekket*: ek het<br>❖ Bely foute soos in 'n gebed |
| *19.en waar amil perfek is* | ❖ *amil*: almal<br>❖ Assimilasie: *amil*<br>❖ In die hemel is almal sondeloos sonder foute (engele – *perfek*) |
| *20.sal ek heeldag vloek,* | ❖ Hy sal die perfektheid/volmaaktheid nie kan hanteer nie, daarom sal hy *heeldag vloek* omdat hy nie sal inpas met sy foutjies nie. |
| *21.want volle perfection en* | ❖ *perfection*: Afrikaans - volmaaktheid, perfeksie<br>❖ *contentment*: Afrikaans - tevredenheid |

© Department of Basic Education 2019

| | |
|---|---|
| *contentment* | ❖ Die mense in die hemel wat altyd volmaak, perfek en tevrede is (of voorgee) sal hom irriteer (martel) tot in sy diepste wese (fondament).<br>❖ Volmaaktheid en tevredenheid sal hom tot in sy siel martel<br>❖ Hy verkies onvolkomendheid van die aardse bo volkomendheid van die hemel. |
| *22.sal my torture tot binne-in my fonnement.* | ❖ *torture*: Afrikaans - martel<br>❖ *fonnement*: (foundation): fondament |
| *STROFE 5* | |
| *23.En dan boenop hoor ek* | ❖ Verlaging van vokale = *boenop*<br>❖ Hier verwys die spreker na die lyflike. |
| *24.seks is yt –* | ❖ As *seks* nie toelaatbaar is in die hemel nie, wil hy liewer hel toe gaan.<br>❖ *yt* – uit: Ontronding = *yt* in plaas van uit.<br>❖ Nog ‘n rede hoekom die die spreker nie in die hemel hoort nie, want *seks is yt.*<br>❖ Dit vestig die aandag hoekom hy die hel bo die hemel verkies.<br>❖ Die funksie van die aandagstreep is dat dit wil wys hoe erg of ongelooflik dit is. |
| *25.soe stuur my aire hel toe* | ❖ Die spreker wil liewer *hel* toe gaan. Dit is duidelik dat hy dink hy is baie “sexy”. In die *hel* is daar waarskynlik die soort meisies wat sy (seks)talent sal waardeer.<br>❖ *soe* - Verlaging van vokale.<br>❖ Metatesis of klankverspringing, *aire* i.p.v. eerder.<br>❖ Die spreker wil eerder hel toe gaan en as hy nie in die hel pas nie, terug aarde toe kom. |
| *26.of waar ek my talent kan gebryk.* | ❖ Ontronding =*gebryk*.<br>❖ Die spreker is verontwaardig omdat hy dink dat hy talente het op hierdie gebied, want hy noem later dat hy nog by `n ene Florrie Soetwater wil gaan kuier voor dit te laat is.<br>❖ Die spreker dink hy is ‘n bedrewe minnaar.<br>❖ Hy verwys spottenderwys/ humoristies na sy vermoë in die bed as *talent.* |
| *27.En as ek te goed is* | ❖ As hy te *goed is* vir die hel, wil hy dan maar eerder terugkom aarde toe. |
| *28.om gebraai te word* | ❖ *gebraai te word* - in die hel se vuur te brand<br>❖ Sluit aan by humoristiese toon van die gedig. |
| *29.laat my lieweste trug kom, Lord* | ❖ *Lord* - ’n Regter in die hof word in Afrikaans aangespreek as Edelagbare en in Engels as “My Lord”.<br>❖ Uitkapping of sinkopee kom voor in die volgende: *lieweste trug* in plaas van liewerste terug.<br>❖ Enigste strofe wat sonder ‘n leesteken eindig.<br>❖ Enjambement kan *trug kom* aarde toe visualiseer en wil terug na Suid-Afrika kom (r.32). |
| *STROFE 6* | |

© Department of Basic Education 2019

| | |
|---|---|
| *30.as kunstenaar na 'n land* | ❖ Hy wil terugkom aarde toe as 'n digter/*kunstenaar* na Suid-Afrika in die belangrike historiese tyd wat die land rondom 1994 deurmaak.<br>❖ Die inkeping beklemtoon wat hy bitter graag sal wil doen: om *as kunstenaar* terug te keer na `n land.<br>❖ Uitheffingstegniek: inkeping dui aan dat gedagte van die vorige strofe af oorloop.<br>❖ As woordkunstenaar wil hy die ongeregtigheid aanspreek. |
| *31.in 'n historiese tyd -* | ❖ *historiese* – geskiedkundige<br>❖ Aandagstreep vestig aandag op die politieke veranderings in Suid-Afrika die land wat in die historiese tyd verkeer.<br>❖ Verwys na die ou-SuidAfrika – afskaffing van apartheid.<br>❖ Tydperk voor en na die demokratiese verkiesing in 1994. |
| *32.soes Suid-Afrika,* | ❖ Verlaging van vokale – *soes* i. p. v. soos |
| *33.waar ek kan teer* | ❖ Hy sal kan voordeel trek uit die nuwe beleid: hetsy ekonomies sowel as die materiaal wat hy gaan kry om oor te skryf/dig.<br>❖ *teer* – jy doen self niks nie, maar leef op die koste van ander.<br>❖ Stel menslike swakheid van die individu wat uitgebuit word aan die kaak. |
| *34.op 'n tesamebeleid.* | ❖ *tesamebeleid*: Neologisme/nuutskepping. Teenoorgestelde van Apartheidsbeleid.<br>❖ *tesamebeleid* = 'n beleid waar daar nie meer apartheid is nie en dus nie meer aparte geriewe en woonbuurte nie; die teenoorgestelde van apartheid.<br>❖ Die gedig dateer uit 1992, net na die toespraak van FW de Klerk op 2 Februarie 1990 oor die aanbreek van 'n nuwe politieke bedeling in Suid-Afrika en die wegdoen met Apartheid. |
| *STROFE 7* | |
| *35.En tussen die revolutions* | ❖ In hierdie strofe verskil die spreker se versoek van die vorige strofes. Sy twee versoeke in hierdie strofe gaan oor sy lewe hier op aarde voor hy doodgaan, terwyl die versoeke in die ander strofes gaan oor die lewe na die dood.<br>❖ *revolutions* - opstande<br>❖ Die opstande wat gaan voorkom tydens die oorgangstydperk.<br>❖ Algehele verandering van politieke bestel na apartheid.<br>❖ Opstande en optogte teen regering. |
| *36.(hou my aanie underdog se kant)* | ❖ *underdog* - die onderdrukte<br>❖ Hy wil aan die *underdog* se kant wees omdat hy nog altyd aan die onderdruktes se kant baklei het.<br>❖ Assimilasie = *aanie*<br>❖ Uitheffingstegniek: parentese: wil aan die onderdrukte se kant wees, lewer kommentaar dat onderdruktes soms die onderdrukker word. |
| *37.sorg dat ek by Florrie (vroeër mevrou Soetwater) voorit te laat is, beland.* | ❖ As kunstenaar kan hy die nuwe lewe in die nuwe land op papier vaslê. Dit sal vir hom hemel op aarde wees, veral omdat hy lyflike genot met *Florrie* Soetwater kan ervaar.<br>❖ Sy was *vroeër mevrou Soetwater* = haar man is oorlede of sy is geskei.<br>❖ Voordat een van hulle dalk oorlede is of te oud is of sy dalk |

| | |
|---|---|
| | iemand anders ontmoet.<br>❖ *Voorit* = Assimilasie<br>❖ Sluit aan by r.24 en r.26 – wil saam met *Florrie* sy talent gedy. |
| <u>*STROFE 8*</u> | |
| *40.Laat my dan liewer hier* | ❖ Hy verkies 'n lewe op aarde (ten spyte van al die lyding) bo die hiernamaals in 'n koue en dooie grafsteenhemel.<br>❖ *Versagtende omstandighede* sal vir die spreker wees om toegelaat te word om op die aarde te bly.<br>❖ Gebedstaal |
| *41.oppie aarde ly* | ❖ *oppie* = Assimilasie<br>❖ Hy verkies dit om eerder op die aarde swaar te kry as om in die hemel te bly. |
| *42.as om vir iewag in u* | ❖ Hy vind dus te midde van sy moeilike leef- en werkomstandighede, tóg vreugde in sy bestaan.<br>❖ *iewag* = Verlaging van vokale - *iewag* i.p.v. *ewig* |
| *43.grafstienhiemel te bly.* | ❖ *grafstienhiemel*: plek vir dooies, hemel waar daar nie pret en plesier is nie (Die Bybel noem sekere skrifgeleerdes en fariseërs witgepleisterde grafte omdat hulle lewens na buite mooi vertoon het, maar hulle van binne vol ongeregtigheid was.)<br>❖ *grafstienhiemel* = Verlaging van vokale - *grafstienhiemel* i.p.v. grafsteenhemel |
| <u>ALGEMEEN</u> | |
| *Progressie ten opsigte van aanspreekvorme* | In strofe 1 is dit *Oe Here*, in strofe 2 *En Here*, in strofe 3 *Maa Here* en in strofe 4 *Ja, Here*. Vanaf die eerste strofe se uitroep van verwondering gaan dit later oor in `n informele gesprek met die Here. In die eerste vier strofes staan dit elke keer aan die begin van die strofe, maar in strofe 5 staan dit aan die einde *Lord*<br>Hierdie keer gebruik hy die aanspreekvorm *Lord* wat herinner aan `n regter in die hof. |

### 3. Tema en boodskap

Tema: Die lewe in die hemel sal vir 'n gewone mens te onnatuurlik wees om gelukkig daar te kan wees.

Boodskap**:** Mense wil graag net die aardse plesier najaag in plaas van om na 'n lewe in die hemel te streef.

### 4. Beeldspraak en stylfigure

| Reël | Benoem die beeldspraak en stylfigure | |
|---|---|---|
| 1 | <u>H</u>ere, ek <u>h</u>oor | Ironie: alles wat hy weet berus op hoorsê *hoor* |

| | | |
|---|---|---|
| | | Halfrym: Alliterasie: h-klank |
| 3 | Maa Here, vergiewe | Ironie 1: Teen verwagting in verkies die spreker om nie hemel toe te gaan soos wat die meeste mense se begeerte is om eerder hemel toe as hel toe te gaan, nie.<br>Ironie 2: Die spreker vra die Here om hom te vergewe omdat hy nie wil hemel toe gaan nie, maar gewoonlik vra ons die Here om ons sondes te vergewe sodat ons hemel toe kan gaan.<br>Teenstelling:<br>ten spyte vd wonderlikehemel, wil hy liewer nie daarheen gaan nie *maa* |
| 4 | Die hiemel issie my soort liewe | Alliterasie: s-klank |
| 7 | En Here, dit sal hel vi my wies | Paradoks = ‘n uitspraak wat aanvanklik lyk of dit ‘n teenstrydigheid bevat, maar as jy mooi kyk, is dit tog versoenbaar, bv. koue vuur.<br>Hel is gelyk aan paradoksale teenstelling. Die paradoks staan in noue verband met die ironie omdat ironie met teenstellings werk. Hy beklemtoon sy pleidooi dat hy nie wil hemel toe gaan nie, wanneer hy sê dat die hemel vir hom hel sal wees.<br>Die paradoks staan ook in noue verband met die ironie omdat ironie met teenstellings werk.<br>Metafoor: hemel sal vir hom hel/straf wees<br>Ironie: die hemel sal juis nie hel/sleg/straf wees nie |
| 8 | om met niks-doen myself elke dag te vervies | Paradoks: van die spreker sal dit hel wees in die hemel – dit waarna so baie mense uitsien, naamlik om niks te doen nie, sal vir hom hel wees. |
| 11 | Wat baat dit? | Ironiese verwysing na Matt 16:26 |
| 12 | Klip en teer is veels meer werd. | Assonansie van die e-klank |
| 13 | Maa Here, hou my baas asseblief tog daa | Teenstelling: die spreker se werkgewer moet in die hemel bly (*Maa*)<br>Assonansie van die a-klank |
| 15 | Is hy tog te naar; | Ironie: so ‘n tipe baas hoort nie in die hemel nie. |
| 18 | Ja, Here, ekket my foutjies oek | *foutjies* – Eufemisme probeer voorgee dat sy foute ontoerekenbaar klein is en probeer homself verontskuldig.<br>*foutjies* beklemtoon die menslikheid |

DRAFT

| | | |
|---|---|---|
| 19,20 | En waar amil perfek is sal ek heeldag vloek, | Kontras: die spreker se vloektaal teenoor die volmaaktheid van die hemelinge. Dit verwys spottend na almal wat perfek is en motiveer vloek aan die hand van sy persoonlikheid. |
| 21,22 | Want volle perfection en contentment sal my torture tot binne in my fonnement | Metafoor: *fonnement* verwys na sy binneste. |
| 28 | Om gebraai te word | Eufemisme: *braai* beskryf die hel of sterf en dit sluit humoristies aan by die toon van die gedig. |
| 34 | Op ‘n tesamebeleid | Ironie: dit is juis die teenoorgestelde, die apartheidsbeleid. |
| 40 | Laat my dan liewer hier | Alliterasie van die l-klank en assonansie van die ie-klank |
| 41 | Oppie aarde ly | Ironie: sal eerder op die aarde swaarkry as om in die hemel te woon. |
| 42,43 | Asom vir iewig in u grafstienhimil te bly. | Metafoor: die hemel is vol dooies, ‘n plek sonder pret en plesier.<br>Ironie: die spreker besef nie die kern van Christenskap nie. |

### 5. Toon en stemming

Toon: A.g.v. die manier waarop die spreker God direk aanspreek en die redes wat hy gee waarom hy liewer nie hemel toe wil gaan nie en die manier hoe hy dit verduidelik, het die gedig ’n humoristiese, informele en soms verontwaardigde toon.

Stemming: Die gedig is ’n satire waarin die spreker sy redes verwoord waarom hy liefs nie hemel toe wil gaan nie. Hy dryf die spot met die lewe in die hemel wat darem net te goed klink en dus nie by sy geaardheid pas nie. Deur middel van ironie word die spot gedryf met mense wat oningelig oor die hiernamaals is.

### Aktiwiteit 11

Lees die gedig en beantwoord dan die vrae:

In hierdie gedig voer die spreker redes aan waarom hy nie hemel toe wil gaan nie.
Bespreek hierdie stelling in ’n opstel van 250–300 woorde. **[10]**

**LITERÊRE OPSTEL**

Hierdie vraag word aan die hand van ’n **assesseringsrubriek vir literêre opstel – Huistaal: poësie** nagesien.

**LET WEL:**

© Department of Basic Education 2019

- Dis ’n breë raamwerk van feite.
- Al die feite hoef nie genoem te word nie.

***Gepaste inleiding***

**Die spreker voer verskeie redes aan waarom hy nie moet hemel toe gaan nie/waarom hy ongelukkig in die hemel sal wees –** hy sal dit as ’n straf sien as hy moet gaan (versreël 7 – ‘hel’). **Die spreker spreek God direk aan wat dui op die informele toon van die gedig / gesprek wat die spreker met God voer –** dit gee ook die idee dat die spreker ’n doodgewone lewe lei en dit nie wil verruil vir die lewe in die hemel nie – Oe Here / versreël 7. 4 ‘die hemel issie my soort liewe’.

**In die tweede strofe is een van die eerste redes waarom die spreker se geaardheid nie in die hemel sal pas nie, die mening dat hy nie “niks” kan sit en doen nie/die goue strate is nie soveel vir hom werd soos die klipstrate en die teerstrate waarop die werklike lewe op aarde vir hom veel meer beteken -** bv. versreël 9 tot versreël. 12 – hy impliseer dat die goue strate nie veel betekenis vir hom sal hê as hy nie soos op aarde op die gewone strate sy daaglikse, normale lewe kan lei nie/ sal ek heeldag vloek, want volle perfection en contentment.

**Nog ’n rede waarom die spreker nie wil hemel toe gaan nie, is omdat hy vermoed sy werkgewer is daar –** hy het nie van hom gehou nie/hy knou mense af (versreël 14) hy is baie onaangenaam as hy mense nie kan uitbuit nie (versreël17 die engeltjies martel).

**Die spreker maak ook verskoning dat hy nie perfek is soos die hemelinge nie** want perfeksie sou hom baie verveel/hy vloek en is bang dat as alles te goed gaan, sou dit hom geweldig irriteer (versreël 21 / 22).

**Die spreker het gehoor dat seks nie deel van die lewe in die hemel is nie**/hy sal dis nie sy “losbandige”/seksuele lewenswyse kan voortsit nie **–** versreël 23 en 24 **–** dit sal ’n groot gemis vir hom wees (hy beskou homself dus as ’n bedrewe minnaar, versreël 26).

**Hy verduidelik waarom hy ook nie moet hel toe gaan nie/**sy begeerte is om eerder op die aarde ’n kunstenaar in ’n land soos Suid-Afrika te wees/versreël 32 in Suid – Afrika/tussen die opstande deur op aarde het hy ook nog die behoefte om by me Soetwater uit te kom.


**In die slotstrofe, nadat die spreker al sy redes voorgehou het,** vat hy dit saam in die woorde van versreël 40 en 41 – laat my liewer hier oppie aarde ly. **Die spreker vrees die ewigheid in die hemel tussen skynheilige mense –** versreël 42 en 43 ‘as om vir iewag in u grafstienhiemel te bly’. **In die hemel is daar vir die spreker pyn en lyding –** versreël 7 ‘hel’ / versreël 22 ‘torture’ / versreël 41 ‘ly’ daarom wil hy eerder op aarde bly.

***’n Gepaste slot.***

DRAFT

## Gedig 12

# Reaksie – Vernon February



© Department of Basic Education 2019

**Geboortedatum en –plek:** Vernon Alexander February is op 15 Junie 1938 op Somerset-Wes gebore as die vierde oudste in 'n gesin van sewe kinders.

**Letterkundige werke en Prestasies:** Hy maak sy debuut as digter met die oorwegend Afrikaanse bundel *O snotverdriet*. In 1982 volg hy hierdie bundel op met *Spectre de la rose*.
In 1994 verwerf hy die André Demedts-prys in België vir sy bydrae tot die bevordering van Nederlands en Afrikaans. Ná sy dood vereer die Afrika studiesentrum van die Universiteit van Leiden hom met 'n huldigingsbundel getitel *Koekemakranke: die pad van Vernie February (1938–2002)*.
Op 24 November 2002 is hy in Amsterdam, Nederland aan 'n hartaanval oorlede tydens 'n besoek aan hierdie land om reëlings vir sy afskeid van die Afrika Studiesentrum te tref. Hy word op Somerset-Wes begrawe.

Reaksie - Vernon February

Ou Ghwarrie en tjy sê daai ding
dat tjy nou gloe met hart en siel,
is tjy oek nou een van hul kring
en vyand vannie hotnotsriel?
oe tjy sil nou met newwies
en tjou beste sjute die dag deurbring,
dit kan ek nog verdra,
ma aai, wa'om
daai Sunday-go-to-meeting-face, ou Ghwarrie?
wiet, tjy praat mos nes daai seurtjie
oppie draad,
dis justice, love en tjêritie,
tjy sê my ek sil eendag brand
ma waa's daai love en tjêritie?
Die teorie wêk olraait,
en wat kry tjy ou maat,
net hate en insults hier.
Dan soebat tjy nog ek moet gloe
Nei mattie, gee daai kan,
Hou tjy tjou Sunday-go-to-meeting-face
en ek my bottel jien.

Uit : *O snotverdriet*, 1979

**Woorde in gedig**

DRAFT

© Department of Basic Education 2019

| **WOORD** | **BETEKENIS** |
|---|---|
| Gwarrie | ‘n Aanspreekvorm of skeldnaam/ platvloerse naam wat gebruik is vir ‘n goeie ou vriend. |
| hotnotsriel | Die term *hotnotsriel* verwys disrespekvol na ‘n spesifieke dans wat baie gewild onder sekere kultuurgroepe is.<br>Die rieldans is die oudste danssoort in Suider-Afrika, omdat die hedendaagse vorm direk na die Khoi-San herlei word.<br>Die Khoi-San het eeue gelede, byvoorbeeld ná ’n goeie oes of ’n jagtog en by hul verskeie feeste, al sirkelend om die vuur gedans. |
| newwies | Nuwe skoene wat deftig en vertonerig is. |
| sjute | Deftige pak klere, afgelei van die Engelse woord *suit*. |
| Sunday-go-to-meeting-face | Ernstige, skynheilige gesig. |
| seurtjie | Meneertjie, afgelei van die Engelse titel *Sir*. |
| op die draad | Draadloos/ radio |
| justice, love and tjêritie | Geregtigheid, liefde en liefdadigheid. |
| die teorie wêk olraait, | Die teorie maak sin/ lyk maklik. |
| hate and instults | Haat en beledigings. |
| mattie | Maatjie, maat of vriend. |
| kan | Houer met wyn of drank. |
| jien | Jenewer of gin. |

**Opsomming van die gedig**

In die gedig praat die spreker met sy goeie ou vriend Ghwarrie. Hy reageer krities op afvalliges soos dié wat hulle bekeer en dan as lekepredikers vir mede-afgedwaaldes wil kom preek. Die spreker is skepties teenoor die aangesprokene wat ook eens afvallig was. Die aangesprokene het van tevore nes die spreker gelewe en nou vir hom wil preek en sê hy moet sy lewe verander.

In hierdie gedig kom die mens se geneigdheid om sy kultuurgoedere te versaak, onder bespreking.

**1.Soort gedig**

*Reaksie* kan beskou word as ‘n voorbeeld van ‘n vrye vers as gevolg van die volgende redes:

- Daar is geen vaste rymskema nie.
- Daar is geen vaste rympatroon nie. (Die eerste 4 versreëls het wel kruisrym: abab, maar dit word nie in die res van die gedig volgehou nie.)
- Die versreëls wissel in lengte.
- Daar is ook nie `n vaste metrum nie; dit is geskryf in `n natuurlike ***praatritme***, presies soos die spreker met Ghwarrie praat.

Die gedig is in ‘n variant van Afrikaans geskryf wat dikwels in die Kaap gepraat word en daarom is daar voorbeelde van:

© Department of Basic Education 2019

- Algehele assimilasie: (reël 4) *vannie* = van die, (reël 11) *oppie* = op die
- Klanktoevoeging (reël 6) *tjou* i.p.v. jou
- Klankweglating: (reël 8) *ma* vir maar, *wa'om* vir waarom

**2.Analise van die gedig**

<table>
<tr><td colspan="2">Titel<br>Die titel Reaksie dui aan dat daar op 'n aksie gereageer gaan word, met ander woorde wat iemand se reaksie gaan wees op wat plaasgevind het. Die spreker reageer of die aksie van sy ou vriend Ghwarrie wat tot inkeer gekom het. Ghwarrie is nou deel van 'n ander kring wat nou 'n vyand is van die hotnotsriel. Daar is dus sprake van 'n ons en 'n julle. Daar is spanning tussen die twee. Dit is op dié spanning waarop daar 'n reaksie is.</td></tr>
<tr><td>1. Ou Ghwarrie en tjy sê daai ding<br><br>Standaardafrikaans<br>tjy – jy<br>daai – daardie</td><td>❖ Die aangesprokene word as ou Ghwarrie aangespreek.<br>❖ Dit is 'n lekker gemoedelike aanspreekvorm wat versterk word deur die woord ou en dit dus 'n informele gesprekstoon is, kan ons met sekerheid sê dat hulle goeie vriende was en saam lekker tye gehad het.<br>❖ Die woord ghwarrie het volgens navorsing verskillende betekenisse. Die betekenis wat egter hier in die gedig van toepassing is, verwys na 'n lekker ou pêl. Ook verwys die woord ghwarra na 'n minderwaardige persoon; 'n betekenis wat toepaslik is vir die gedig.<br>❖ Die spreker gebruik Ghwarrie as 'n eienaam in die verkleiningsvorm wat op verkleinering dui. Die rede daarvoor is dat dit verwys na die spreker se minagtng van die persoon wat sy eie kultuur verloën.<br>❖ Die spreker verwys spottend na die bekering as daai ding.<br>❖ Die gebruik van woorde soos tjy, oek, gloe en vannie plaas die gedig reg van die begin af in die milieu van die Kaapse bruin gemeenskap.</td></tr>
<tr><td>2. dat tjy nou gloe met hart en siel,<br>Standaardafrikaans<br>gloe – glo</td><td>❖ gloe met hart en siel: Dit blyk dat ou Ghwarrie vir die spreker gesê het dat hy gelowig geword het of hom bekeer het en dat hy 'n prediker geword het.<br>❖ Hy was eers 'n miderwaardige persoon wat hom nou belangrik ag en vir ander preek.<br>❖ Die woord Ghwarrie het dus universele waarde in die gedig en verwys nie net na een spesifieke persoon nie.<br>❖ Die woorde gloe met hart en siel word sarkasties bedoel en dui op sy skeptisisme.</td></tr>
<tr><td>3. is tjy oek nou een van hul kring<br>Standaardafrikaans<br>oek – ook</td><td>❖ In hierdie versreël vra die spreker of Ghwarrie ook nou deel is van die kring van mense wat verander het, verwysende na die skynheiliges.<br>❖ Die spreker is nie deel van die groep waaraan Ghwarrie behoort nie, deurdat hy gebruik maak van die besitlike voornaamwoord hul kring.</td></tr>
</table>

DRAFT

© Department of Basic Education 2019

| | |
|---|---|
| **4.** en vyand van die hotnotsriel? | ❖ Waarskynlik dink Ghwarrie nou dat dans en vrolik wees sonde is. Dit lyk egter asof Ghwarrie nou heeltemal vyandig staan teenoor enige dansery en hy is beslis baie gekant teen die vrolike dansery van die *hotnotsriel*.<br>❖ Hierdie woord verwys neerhalend na die rieldans.<br>❖ Die rieldans beeld dikwels die liefdespel tussen man en vrou uit.<br>❖ Die spreker wil weet of Ghwarrie nou so heilig is dat hy hom van dans en liefde weerhou. |
| 5**.** oe tjy sil nou met newwies | ❖ In versreëls 5 en 6 praat die spreker met die man oor sy kleredrag.<br>❖ Skielik is die aangesprokene deftig geklee.<br>❖ *Newwies*: nuwe skoene |
| 6. en tjou beste sjute die dag deurbring, | ❖ Hy dra nou heeldag sy *newwies*. Dit wil sê, sy nuwe skoene en sy beste pak klere.<br>❖ Kenmerkend van die lekepredikers is dat hulle met pakke klere en dasse op die straathoeke staan en preek. |
| 7. dit kan ek nog verdra, | ❖ Die kleredrag is vir die spreker nog aanvaarbaar, want volgens hierdie reël kan hy dit *nog verdra,* dit wil sê, dit pla hom nie so erg soos die ander dinge nie<br>❖ Omgekeerde woordorde/ inversie (ek kan dit nog verdra) plaas die woord *dit* voor in die versreël om te beklemtoon dat hy die netjiese kleredrag nog kan aanvaar. |
| 8. ma aai, wa'om | ❖ Daar is 'n wending by hierdie versreël. Dit word ingelui deur die teenstellende voegwoord *ma* (maar).<br>❖ Die spreker dra die gevoel oor dat hy heeltemal moedeloos is, asof hy weet hy sal sy vriend nie kan verander nie.<br>❖ Die gebruik van die tussenwerpsel *aai* help om die gevoel van moedeloosheid by die spreker te beklemtoon. |
| 9. daai Sunday-go-to-meeting-face, ou Ghwarrie? | ❖ *Sunday-go-to-meeting-face*: 'n ernstige, skynheilige gesig.<br>❖ Die spreker spreek hom sterk uit oor die persoon se *Sunday-go-to-meeting-face*.<br>❖ Die spreker hou nie van die ernstige gesig wat sy vriend nou opsit nie, soos (sommige) skynheilige mense wat op 'n Sondag op pad is kerk toe vir 'n vergadering of 'n biduur om na 'n preek te luister.<br>❖ Hy suggereer dat die spreker hom heilig hou en dat hy 'n valse beeld uitdra.Dit is asof sy lewe vreugdeloos geword het. |
| 10. wiet, tjy praat mos nes daai seurtjie | ❖ *Seurtjie:* meneertjie. In die konteks van die gedig verwys dit na die omroeper/ man waarna hulle op die radio luister<br>❖ *Ghwarrie* klink vir die spreker *mos nes daai seurtjie oppie draad*. Dit beteken hy klink skielik deftig. Hy praat nou formele taal en nie meer die variant van Afrikaans nie. |

DRAFT

| | |
|---|---|
| 11. oppie draad, | ❖ Hy praat formele taal (Standaardafrikaans) soos die meneer/ omroeper oor die radio (draadloos/ *draad*).<br>❖ nes daai seurtjie *oppie draad*: 'n vergelyking.<br>❖ *nes:* net soos. Die formele manier van praat van ou Ghwarrie word vergelyk met dié van 'n radiopersoonlikheid |
| 12. dis justice, love en tjêritie, | ❖ Nie net sy praattaal het verander nie; dit waaroor hy preek, staan lynreg teenoor hoe hy van tevore geleef het.<br>❖ Hy preek nou geregtigheid (*justice*), liefde (*love*) en liefdadigheid (*tjêritie*), maar in die praktyk sien die spreker geen meelewing en empatie met die wat swaarkry en in nood verkeer nie.<br>❖ Die spreker se taal is deurspek met Engelse woorde wat `n kenmerk van tipies Kaaps is.<br>❖ Ghwarrie is self dan nou so afkeurend; waarom behandel hy hom nie met *love* en *tjêritie* nie? |
| 13. tjy sê my ek sil eendag brand | ❖ Ghwarrie veroordeel eerder die mens wat hulle nie, soos hy,wil bekeer nie, deur te sê hulle *sil eendag brand*.<br>❖ Volgens Ghwarrie sal die spreker eendag in die hel beland en daar vir ewig brand vir sy sonde as hy nie (ook) verander nie. |
| 14. ma waa's daai love en tjêritie? | ❖ Die spreker stel sy teenargument in die vorm van 'n retoriese vraag: *ma waa's daai love en tjêritie?*<br>❖ Die aangesprokene preek geregtigheid, liefde en liefdadigheid, maar in die praktyk sien die spreker geen liefde en liefdadigheid met dié wat swaarkry en in nood verkeer nie. Hulle word eerder veroordeel.<br>❖ Ghwarrie is self dan nou ook só afkeurend dat dit die spreker laat wonder, waarom Ghwarrie hom dan nie nou met `n bietjie *love* en *tjêritie* behandel nie, hy preek dan liefde?<br>❖ Die spreker bevraagteken die egtheid van sy vriend se optrede. |
| 15. Die teorie wêk olraait,<br>**Standaardafrikaans**<br>olraait – heel goed<br>wêk – werk | ❖ *wêk olraait:* dit maak sin<br>❖ In die teorie werk al die mooi woorde en Bybelse opdragte, maar dit is nie so maklik om dit in die praktyk uit te voer nie, soos Ghwarrie wat nie *love en tjêrity* uitleef nie. |
| 16. en wat kry tjy ou maat, | ❖ Die spreker vra weer 'n retoriese vraag wat hy self in reël 17 beantwoord om aan ou Ghwarrie te bewys dat sy pogings om mense te bekeer vrugteloos is.<br>❖ *ou:* dit is 'n tussenwerpsel wat in hierdie geval eintlik gebruik word deur die spreker om met sy vriend te spot. |
| 17. net hate en insults hier. | ❖ *hate en insults:* haat en beledigings<br>❖ Ghwarrie sal *hier* (waar hy woon of tussen die mense met wie hy verkeer) net *hate en insults* kry. Hulle sal hom waarskynlik net haat en beledig. |

© Department of Basic Education 2019

| | |
|---|---|
| | ❖ Dit werk nie vir die spreker in die praktyk nie, want daar is volgens hom steeds te veel haat en nydigheid en verwyte. |
| 18. Dan soebat tjy nog ek moet gloe<br><br>**Standaard-afrikaans**<br>gloe – glo | ❖ Ons lei af uit die spreker se woorde dat Ghwarrie tien teen een die spreker (sy maat) gesoebat het dat hy ook moet glo, maar ons lees dit net nie in die gedig nie.<br>❖ Die woord *nog* dui daarop dat die spreker dit skaars kan glo dat sy vriend hom kan soebat om ook te glo vir *hate en insults*. |
| 19. Nei mattie, gee daai kan,<br><br>**Standaardafrikaans**<br>Nei – nee<br>mattie – maatjie<br>daai – daardie | ❖ Die woord *Nei* dui aan dat die argument (wat die spreker betref) verby is.<br>❖ Die spreker gaan niks meer verder oor Ghwarrie se houding sê nie.<br>❖ Hy sê vir Ghwarrie, sy ou maat, dat hy die kan moet aangee, want hy wil verder drink. |
| 20. Hou tjy tjou Sunday-go-to-meeting-face<br><br>**Standaard-afrikaans**<br>tjou – jou | ❖ Hierdie versreël word beklemtoon deurdat dit 'n byna woordelikse herhaling van versreël 9 is.<br>❖ Die spreker wil hiermee sy afkeur in skynheiligheid of 'n persoon wat 'n spreekwoordelike tweegesig is, uithef.<br>❖ Hierdie versreël word uitgehef, omdat dit lyk asof dit die belangrikste verandering in Ghwarrie se houding en gesindheid is wat die spreker so dwars in die krop steek. Ghwarrie het die heeldag 'n ernstige, afkeurende gesigsuitdrukking, asof hy nou beter is as die mense wat voorheen deel van sy vriendekring was. |
| 21. en ek my bottel jien.<br><br>**Standaardafrikaans**<br>jien - jenewer | ❖ Ten slotte verkies die spreker sy bottel drank bo die skynheiliges wat op straathoeke staan en preek. Sy drank bring vir hom ontvlugting vanuit sy wêreld van haat en beledigings.<br>❖ Die twee slotversreëls is 'n voorbeeld van 'n antitese of teenstelling. Ghwarrie kan sy ernstige gesigsuitdrukking hou, sy *Sunday-go-to-meeting-face* teenoor die spreker wat sal aanhou drink: hy hou sy *bottel jien.* |

**3.Tema en boodskap**

Die tema van hierdie gedig is dat die mens geregtigheid, liefde en liefdadigheid preek, maar leef dit nie uit nie.

Boodskap van die gedig: 'n Moontlike boodskap as dat 'n mens nie moet voorgee wat jy nie is nie.

**4.Beeldspraak en stylfigure**

| Reël | Beeldspraak en stylfigure: | Verduideliking |
|---|---|---|
| 1-4 | Ou Ghwarrie en tjy sê daai ding<br>***<br>en vyand vannie hotnotsriel? | 'n Retoriese vraag omdat die spreker nie 'n antwoord op sy vraag verwag nie. Hy weet wat die antwoord is. Die retoriese vraag is |

© Department of Basic Education 2019

| | | |
|---|---|---|
| | | funksioneel, want dit beklemtoon die spreker se ongeloof oor sy vriend se bekering. |
| 2 | *dat tjy nou gloe met hart en siel,* | 'n Voorbeeld van agterplasing ter wille van uitheffing van die feit dat jy verander het. |
| 8 | *ma …* | Wending deur middel van die teenstellende voegwoord *"ma".* Die tussenwerpsel *"aai" beklemtoon sy moedeloosheid.* |
| 10 | *wiet, tjy praat mos nes daai seurtjie* | Suggestie omdat die bruin mense dink dat Kaaps Afrikaans miderwaardig is teenoor Standaardafrikaans. |
| 12, 17 | *dis justice, love en tjêritie,*<br>en<br>*net hate en insults hier.* | Kontras: geregtigheid, liefde en liefdadigheid teenoor haat en belediging. |
| 20, 21 | *Hou tjy tjou Sunday-go-to-meeting-face*<br>*en ek my bottel jien.* | Kontras: Die gelowige wat sy kultuur verraai het staan teenoor die dronkaard wat eerder wil bly soos hy is. |

**5.Toon en stemming**

Die toonaard is speels en lig.

Die stemming getuig van spanning tussen mense van verskillende kulture en oortuigings.

**Aktiwiteit 12**

Lees weer die gedig en beantwoord dan die vrae wat volg.

12.1 Haal TWEE opeenvolgende woorde uit versreël 1 aan wat aandui dat die spreker 'n gesprek met iemand voer. (1)

12.2 Benoem die beeldspraak in versreëls 10 tot 11 en skryf die beeld wat geskep is in jou eie woorde neer. (2)

12.3 Haal die versreël uit versreëls 16 tot 19 aan wat met versreël 12 kontrasteer. (1)

12.4 Wat is die funksie van die herhaling in versreël 20? (1)

12.5 Die spreker in die gedig kom tot 'n gevolgtrekking.

Haal die versreël aan wat dié gevolgtrekking aandui. Wat is dié gevolgtrekking? Stel die TWEE sake in jou eie woorde. (3)

12.6 Dink jy die antitese/teenstelling in versreëls 20 tot 21 in funksioneel? Motiveer jou antwoord met TWEE redes. (2)

**[10]**

**Nasienriglyne**

| Vraag | Antwoord | Punt |
|---|---|---|
| 12.1 | "Ou Gwarrie"/"tjy sê" ✓<br><br>*Indien jy die versreël as antwoord aanbied, <u>moet</u> die TWEE opeenvolgende woorde onderstreep/uitgehef word.* | 1 |
| 12.2 | Vergelyking. ✓<br><br>Die spreker vergelyk die aangesprokene/sy/haar vriend se uitspraak/woord-keuse/taal met 'n predikant/persoon wat oor die draadloos/radio praat. ✓<br><br>*Die kandidaat bied TWEE kante van die vergelyking vir EEN punt aan.* | 1<br><br><br>1 |
| 12.3 | "net hate en insults hier." ✓ | 1 |
| 12.4 | Dit hef die vriend/Ghwarrie/aangesprokene se vroomheid/ skynheiligheid/ andersheid uit. ✓<br><br>*Jy bied EEN antwoord vir EEN punt aan.* | 1 |
| 12.5 | "Die teorie wêk olraait"/<br>"Nei mattie, gee daai kan,"/<br>"Hou tjy tjou Sunday-go-to-meeting-face" ✓✓<br><br>Die teorie met betrekking tot geloof/bekering verskil van die praktyk waar mense verkies om die lewe te geniet./nie skynheilig te wees nie./<br>Die spreker se drankgebruik is in orde./<br>Die vriend/aangesprokene is skynheilig./se sogenaamde bekering is skynheilig. ✓<br><br>*Die kandidaat bied TWEE soortgelyke antwoorde vir EEN punt elk aan.* | 3 |
| 12.6 | Ja.<br>Dit verteenwoordig die verskillende wêrelde waarin die spreker en aangesprokene hulle bevind./Dit ondersteun die verbreking van die hegte band van vroeër./dui aan dat die vriendskap verby is./Dit beklemtoon die spreker se negatiwiteit teenoor die verandering wat sy vriend ondergaan het./<br>Dit beklemtoon die (finale) reaksie/insig/keuse van die spreker/dronkaard teenoor dié van die skynheilige gelowige. ✓✓<br><br>*Die kandidaat bied TWEE soortgelyke antwoorde vir EEN punt elk aan.*<br>*Die kandidaat bied TWEE kante van die antitese/teenstelling vir EEN punt elk aan.*<br>*Die kandidaat kan nie 'n NEE-antwoord aanbied nie.* | 2 |
| | | **[10]** |

**Wenke vir die benadering van die ONGESIENE GEDIG in die eksamen:**

- Lees die gedig aandagtig in die geheel deur.
- Kyk weer na die titel van die gedig – watter verwagting word deur die titel geskep?
- Probeer die verband tussen die titel en die inhoud van die gedig vasstel.
- Lees weer deur elke strofe en beantwoord vir jouself die volgende vrae:

  **Wie?**
  - Watter karakters is in die gedig aanwesig en wie tree as die spreker in die gedig op?

DRAFT

- Stel vas op wie die gedig se inhoud van toepassing is, byvoorbeeld ’n geliefde, ’n moeder of die natuur, selfs ’n gemeenskap, taalgroep, geslagsgroep of bevolkingsgroep.

**Waarom?**

- Wat wil die digter met hierdie gedig bereik. Wil hy byvoorbeeld inligting oordra, ’n saak bepeins, sosiale kommentaar lewer of bloot ’n natuurbeskrywing uitbeeld?

**Wat/Watter?**

- Waaroor handel die gedig en hoe weet ons dit?
- Watter beeldspraak en stylfigure kom in die gedig voor en wat is die funksie daarvan?
- Let op die uiterlike bou van die gedig. Het die punktuasie, strofebou, rympatroon ’n spesifieke funksie in die gedig? Is dit ’n vrye vers en waarom is dit ’n goeie keuse vir die spesifieke gedig?
- Watter atmosfeer (byvoorbeeld gemoedelike, hartseer, vreugdevolle, bepeinsende, aggressiewe) word in die gedig geskep en hoe word dit gedoen? Watter woorde, leestekens, beelde, skep atmosfeer in die gedig?
- Identifiseer die tema van die gedig, met ander woorde die sentrale idee of idees in die gedig.
- Watter boodskap of boodskappe kan uit die gedig afgelei word?

- Gaan terug na die titel en stel vas of dit ’n letterlike of figuurlike betekenis het.
- Maak seker dat jy die inhoud van die gedig verstaan voordat jy die vrae beantwoord.
- Lees nou weer die vrae aandagtig deur voordat jy dit beantwoord.

DRAFT

© Department of Basic Education 2019

**BRONNELYS**


1 Google Images
2 Hoërskool Nelspruit
3 Letterkunde studiegids voorgeskrewe gedigte vir graad 12: MaskewMillerLongman
4 Litnet: biografieë van Afrikaanse digters
5 Nasionale vraestelle: Departement van Basiese onderwys
6 Verse in my inboks: Vivlia Uitgewers – derde gekorrigeerde druk 2017
7 Wikipedia: biografieë van Afrikaanse digters
8 X-Kit Presteer! Letterkunde studiegids graad 12 HT: Pearson Uitgewers
9 Hoërskool Elspark
10 Hoërskool Die Anker


DRAFT

© Department of Basic Education 2019

**Afdeling A: Assesseringsrubriek vir Literêre Opstel – Huistaal: Poësie [10 Punte]**

| KRITERIA | UITSONDERLIK | KNAP | GEMIDDELD | ELEMENTÊR | ONVOLDOENDE |
|---|---|---|---|---|---|
| **INHOUD**<br><br>Interpretasie van onderwerp<br>Diepte van argument, verantwoordbaarheid en insig in teks<br><br>**7 PUNTE** | **6–7**<br>- Diepgaande interpretasie van onderwerp<br>-Reeks treffende argumente wat behoorlik uit die gedig gerugsteun is<br>-Uitstekende begrip van die genre en gedig | **5**<br>-Toon begrip van die onderwerp en het die onderwerp goed geïnterpreteer<br>-Respons redelik gedetailleerd<br>-Enkele deeglike argumente gegee, maar nie almal ewe goed gemotiveer nie<br>-Begrip van genre en gedig duidelik | **4**<br>-Redelike interpretasie van die onderwerp.<br>-Enkele goeie punte ter ondersteuning van die onderwerp<br>-Enkele argumente word ondersteun, maar bewyse nie altyd oortuigend nie<br>-Basiese begrip van genre en gedig | **3**<br>-Onbevredigende interpretasie van die onderwerp<br>-Byna geen punte wat die onderwerp ondersteun nie<br>-Onvoldoende begrip van genre en gedig | **0–2**<br>-Geen begrip van die onderwerp nie<br>-Geen verwysing na die gedig nie<br>-Leerder het nie die genre en gedig onder die knie nie |
| **STRUKTUUR & TAAL**<br><br>Struktuur, logiese vloei en aanbieding<br>Taalgebruik, toon en styl gebruik in opstel<br><br>**3 PUNTE** | **3**<br>-Samehangende struktuur<br>-Argumente goed gestruktureer en daar is duidelike ontwikkeling<br>-Taalgebruik, toon en styl is volwasse, dit beïndruk en is korrek<br>-Grammatika, spelling en punktuasie feitlik foutvry | **2**<br>-Duidelike struktuur en logiese vloei van argument<br>-Vloei van argumente kan gevolg word<br>-Taalgebruik, toon en styl is grootliks korrek | **1**<br>-Enkele bewyse van struktuur<br>-'n Goed gestruktureerde logiese vloei en samehang ontbreek in die opstel<br>-Geringe taalfoute; toon en styl meestal gepas | **1**<br>-Struktuur toon tekens van swak beplanning<br>-Argumente nie logies gerangskik nie<br>-Taalfoute beduidend<br>-Toon en styl nie geskik nie | **0**<br>-Struktuur swak<br>-Ernstige taalfoute<br>-Foutiewe styl |
| **VERSPREIDING VAN PUNTE** | **9–10** | **7** | **5** | **4** | **0–2** |

DRAFT